



DIE  
**BELOFTE**

VERHAAL VANUIT  
**'N WEDUWEE SE PEN**

# DEEL EEN

## DIE BELOFTE

*“En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou,  
en tussen jou saad en haar saad.  
Hy sal jou die kop vermorsel,  
en jy sal hom in die hakskeen byt”*

# 1

**E**ffens uitasem bereik hy die rots. Terwyl sy hand ingedagte oor die skurwe oppervlakte gly, kyk hy na die rivier daar onder in die vlei waar die voëls kwetterend in die groot bome slaapplek soek. Sy ge oefende oor is egter nie op die voëlgesang ingestel nie, hy verwag 'n ander geluid, baie sagter en van baie groter belang. Gespanne buig hy vooroor, draai sy kop effens skuins en haal doelbewus sagter asem. Sy intense begeerte om nie die geluid mis te loop nie sluit hom af van alles rondom hom. Skielik ruk hy regop. Vir 'n vlietende oomblik skiet vreugde oor sy gesig en hy gee 'n tree vorentoe in afwagting om die stem te hoor.

Toe verslap sy liggaam, hy draai om en gaan sit op die hoë rots. Hy slaan sy arms om sy opgetrekte bene en laat sy kop op sy knieë rus. Die pyn in sy bors is soos 'n ou bekende, maar vanaand is dit so fel dat 'n rou snik ontsnap:

“My Skepper, hoe lank nog? Hoe lank gaan ons nog in hierdie verwydering leef? Dit voel soos gister dat U saans saam met die ruising van die aandwind vir ons kom kuier het. Soos gister, en tog ook so lank, lank gelede. Hoe dikwels kom wag ek nie hier vir daardie ruising nie en dan hoor ek dit deur die blare van die bome aankom. Die sagte geluid vul die lug en ek voel die koelheid teen my gesig, maar U is nie daar nie. Ek weet tog dat U nie sal kom nie, maar my hart weier om hierdie diep verlange na U en die verwagting dat U daar sal wees, prys te gee.”

Hy vee oor sy gesig en strek sy bene voor hom uit. Hierdie verwydering wat hom so pynig is sy eie skuld en dit is iets wat hy nie weer ongedaan kan maak nie. Hoe graag hy ook wil, dit is buite sy bereik, want hy het gekies en sy keuse het 'n kloof oopgeruk tussen homself en die Een wat naby aan hom was. Alles was so wonderbaar volmaak tot daardie verskriklike dag. Die smart oor sy gruwelike ontrou breek weereens soos 'n vloedgolf oor hom en hy ervaar die geweldige suigkrag van wanhoop wat hom wil oorrompel. Sal dit dan nooit einde kry nie! Met blote wilskrag praat hy teen die gedagtes wat so verlamrend op hom inwerk:

“Dit is oor daardie belofte wat U gemaak het, my Skepper, dat die verwagting in my lewend bly. Dit is

U belofte wat die hoop in my aan die brand hou, die hoop dat U eendag 'n einde sal maak aan hierdie verwydering wat ek deur my ongehoorsaamheid veroorsaak het. Toe U ons uit U teenwoordigheid weggestuur het, het U belofte met ons saamgegaan en daaraan klou ek vas. U sal 'n einde maak aan hierdie marteling om van U verwyder te wees, my Skepper. U het belowe en wat U sê, gebeur.”

Die ystergreep van die pynlike herinneringe gee skiet en hy ervaar 'n verligting in sy gemoed. Hy sug en gly van die rots af. Dit is makliker om hier te bly, alleen met sy verlange en gedagtes, maar hy weet waar sy plig lê. Toe hy omdraai om terug te stap, merk hy in die sterk skemer 'n beweging op by 'n rots 'n entjie verder. Sy hand sluit stewiger om sy kierie, maar verslap dadelik toe hy sien dat dit sy jongste seun is wat hom inwag.

Abel voel skaam. Hy moes nie sy pa gevolg het nie. Waarom het hy nie dadelik teruggegaan toe hy daardie eensame silhoeët op die rots gewaar het nie? Hy kon mos sien dat sy pa hierheen kom om alleen te wees. Hy verwyt homself terwyl hy op sy pa staan en wag. Hy wil weghardloop, maar hy is reeds opgemerk.

“Het jy my kom soek, Abel?” vra Adam toe hy by sy seun kom.

“Ja, Pa.”

“Iets verkeerd?”

“Nee, Pa, ek het gewonder waarheen Pa so dikwels gaan wanneer die skape ingejaag is. Vanaand het ek besluit om Pa se spore te volg.”

“As jy al spore in die swak lig kan volg, het dit tyd geword dat ek my seuns leer jag.”

Abel hoor die glimlag in sy pa se stem. Vreugde spring in hom op, maar hy bêre dit weg en vroetel net sy hand in sy pa se groot vuis in. Adam kyk met deernis na sy kind toe hy die sagte seunshand in syne toevou. Pyn kom ruk al weer aan sy binneste. Die hartseer kry hom onder. Eers kon hy dit onderdruk deur sy opstandige gedagtes, maar nou kom opstand nie meer so maklik nie, want die waarheid het hom ingehaal.

In sy gedagtes praat hy met Abel, “Ja, my kind, jy kan my soek en my vind. Jy is nie soos ek wat soek sonder om te vind nie. Die Een wat my gemaak het, my Pa, kan nie gevind word nie. Ek mis Hom, ek het Hom nodig, maar in my nood loop ek my teen daardie onoorbrugbare kloof tussen Hom en my vas. Wat so erg is, my seun, is dat ekself daardie kloof gegrawe het.” Hy sug diep.

“Hoekom sug Pa so?”

“Ag, ek sug sommer,” antwoord Adam, onwillig om selfs net ’n skrefie van sy hart teenoor die jong seun oop te maak. Die twee stap swyend oor die ongelyke terrein na hulle huis laer teen die rant af. Daar is iets van die Skepper in die stil kind van hom, dink Adam. Hy is bly dat dit nie Kain is wat hom kom soek het nie, want dié hou nooit op om vrae te vra nie. Dit is tog vreemd dat daar so ’n groot verskil tussen die twee seuns is.

By die kliphuis brand daar ’n gesellige vuurtjie buite in die kookskerm. Eva tuur die aandskemerte in om te sien of Adam nog nie aankom nie. Sy hoop dat Abel by hom is. Die kind moet tog nie so laat alleen buite bly nie, want daar is genoeg roofdiere wat rondloop. Sy vat nog ’n stuk hout en wakker die kole so ’n bietjie aan.

“Adam is seker weer na daardie rots toe,” dink sy. “Die warm, lang aande lok hom mos altyd daarheen. Hy sê dit nie, maar ek weet die skuld vreet aan hom. Alles het so anders geword en die verlies van dit wat was, kan ek ook nie uit my gedagtes kry nie. Maar ek kan nie ure lank op ’n rots gaan sit en daaroor tob nie. Wie sal vir die kinders sorg? Wie sal kos maak?” Sy keer haar gedagtes wat oploop wil sit, want netnou is sy so omgekrap dat sy weer in een van

haar stilstuipes verval. Eintlik is dit haar skuld dat haar man so swaarkry. Dit is mos sy wat alles begin het. Baie nagte hoor sy hoedat hy in sy slaap sug en kreun. Soms voel sy vir hom jammer en verlang om hom te troos, soms wil sy van hom af weghardloop en gaan wegkruip en soms word sy so kwaad vir hom dat hy nie maar net kan aanvaar dat dinge verander het nie. Dan kan hy ten minste die lewe saam met haar en die kinders geniet.

Eva se aandag word deur 'n beweging aan die buitenste kring van die vuur getrek. Kain slaan herhaaldelik met 'n dik stok na iets voor hom op die grond.

“Wat maak jy, Kain?” vra sy en stap nader.

“Ma, ek dink die slang het onder die hout uitgeseil om van die vuur af weg te kom. Ek slaan hom net gou dood,” sê Kain bedaard. Eva ruk haar asem in. Met 'n paar lang treë is sy by Kain. Sy gryp hom van agteraf om die lyf en sê dringend:

“Los die slang!” en sy dra-sleep die protesterende seun die huis in. Die velgordyn swaai agter haar toe. Sy trek hom tot naby die fakkels wat binne brand. Kain woel om uit sy ma se greep los te kom:

“Ma, los my! Ek het hom byna doodgeslaan en nou gaan hy wegkom.”

“Jy bly net hier! Jy gaan nie weer buite toe nie,” sê sy driftig. Haar oë is groot van die skrik en haar hart klop in haar keel. Lana staan vinnig op vanwaar sy vir Ada aan die slaap sus en kyk haar ma en Kain verbaas aan.

“Maar, Ma, dis net ’n slang, dis nie ’n leeu of ’n beer nie. Ma maak altyd asof ek nog ’n ou babatjie is. Dis mos nie die eerste keer dat ek ’n slang sien nie. Wat gaan met Ma aan?”

Kain is so vererg dat hy sommer met sy kaalvoet teen die klipmuur skop. Hy het hom egter misgis en te hard geskop. Dit was ook nie die onderkant van sy voet wat die slag moes dra nie, maar sy tone. Toe hy afbuk om sy tone te vryf, kan Lana nie haar giggel onderdruk nie. Sy draai gou haar gesig weg en sien nie die kwaai kyk wat sy kry nie. Kain loop weer na die deuropening, maar die dringendheid in sy ma se stem bereik tog sy omgekrapte gemoed. Hy steek vas.

“Kain, jy bly net hier totdat jou pa kom. O, daar is sy voetstappe nou,” sê sy verlig. Sy staan en kyk hoedat haar man se hand die velgordyn wegtrek. Hulle oë ontmoet:

“Iets verkeerd?” wil hy weet en bly net so in die deuropening staan.

“Pas op, daar buite is ’n slang. Waar is Abel?” Sy praat vinnig en benoud.

Voordat Adam iets kan sê, glip Kain onder sy arm deur na buite. Hy gryp weer die stok en kyk na die plek waar die slang gelê het.

“Ag nee, nou is hy weg!” roep hy uit. Die teleurstelling lê soos ’n klont in sy binneste en dit maak hom kwaad. Hy wou die slang doodmaak, want hy wil uitvind wat ’n mens alles met ’n slangvel kan doen.

“Soek jy miskien hierdie ou slangetjie?” Kain swaai om en daar staan Abel met ’n vrolike glimlag. Die dooie slang hang oor die stok in sy hand. Verergdheid peul by Kain se mond uit asof hy sy vingers daarvoor geklap het.

“Dis my slang! Ek het hom doodgemaak, nou kom jy weer en vat iets wat nie joune is nie.” Sy reaksie betrap Abel onverwags en hy dink nog wat om te sê toe is hulle pa daar. Sy hand sluit om Abel s’n en hy vat die stok. Met die ander hand stoot hy die kleipot ’n entjie van die kole weg en gooi die slang in die vuur. Die seuns staan en kyk hoedat die slang nog kronkel en krul voordat die vlamme dit swart verkool. Kain kook van binne. Nou is sy planne verydel. Sy pa het nie vir hóm gevra of hy maar die slang kan

verbrand nie. Dit was sy slang. Hy het dit so te sê doodgemaak.

“En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop verbrysel, en jy sal hom in die hakskeen byt,” prewel Adam.

Abel kyk op in sy pa se gesig en sien weer die ou bekende hartseer in sy pa se oë en in die lyne langs sy mond.

“Wie het dit gesê, Pa?”

“Die Skepper.”

Abel voel aan dat dit sy pa seer maak om daarvoor te praat. Hy bly langs sy pa staan, tevrede om net naby hom te wees.

“Wat beteken verbrysel, Pa?” vra Kain terwyl hy hard probeer om die gebelgdheid in hom te onderdruk. Hy het elke woord gehoor wat Adam so sag gesê het. Dit interesseer hom.

“Breek, stukkend slaan, vergruis.”

“Hoekom het Ma my weggesleep van die slang, Pa? Ek wou hom ... ek wou hom verbrysel!”

Adam kyk na Kain. In die lig van die vlamme merk hy die ontevredenheid op sy kind se gesig. Die onderlip is uitgestoot en 'n frons ontsier sy gelaat.

“Dit is oor die byt in jou hakskeen.” Kain hoor die erns in sy pa se stem en voel ongemaklik onder daardie ondersoekende kyk. Hy weet instinktief dat dit al is wat hy sal hoor. Daar sal nie verder oor die woorde van die Skepper uitgewei word nie. Frustrasie pluk aan sy gemoed, maar voordat hy daaraan uiting kan gee, praat sy pa weer.

“Abel, neem die pot binne toe. Ons eet daar.” Adam se stemtoon sê vir die seuns dat die gesprek vir eers verby is.

Binne wag Eva en die twee dogters vir hulle. Ada sit op haar ma se skoot. Eva glimlag flou, maar sê niks nie. Hulle eet in stilte. Terwyl hy kou, kyk Abel so onderlangs na sy pa en ma. Daar is 'n vraag wat al maande lank gedurig in hom maal. Hy wil dit so graag vra. Miskien sal dit die hartseer in sy ma en pa oopsluit. Miskien sal hulle vir die eerste keer praat oor iets wat gebeur het nog voordat hy en Kain gebore was. Dit moes baie erg gewees het. Dit het te doen met die Skepper, daarvan is hy seker, en met 'n slang. Miskien is vanaand die regte tyd om die vraag te vra. Sy pa het vir hom die boom gewys waar hy elke jaar 'n snytjie in die stam maak wanneer die

sneeu kom. Daar is nou al sestien merkies en iets drasties het gebeur nog voordat sy pa die merkies begin maak het. Hy lek sy vingers af en wonder of hy nou maar die vraag kan vra. Hy kyk eers vlugtig na Kain.

Kain het net vir daardie kyk gewag. Hy glimlag so skuinsweg en sien die verligting op Abel se gesig. Dadelik skuif die ouer broer nader aan Abel, jammer dat hy so kwaai was oor die slang. Hy begin sommer so vriendskaplik met sy jonger broer stoei net om te wys dat alles reg is.

“Nou ja, ek gaan maar inkruip,” sê Adam en Eva staan ook dadelik op. Abel beseft dat die tyd vir die vraag verbygegaan het. Kain gee sy arm nog so 'n laaste draai, toe gaan hy ook na sy slaapplek toe. Abel volg hom, hy lê egter nog lank en dink aan die vraag wat hy wil vra. Wat sal sy pa en ma antwoord? Sal hulle hom antwoord? Gaan hulle vir hom vertel van daardie seer ding in hulle lewens of gaan hulle dit vir altyd dig hou?

“Abel, is jy nog wakker?” Dit is Kain wat hier langs hom fluister.

“Ja.”

“Waar was jy en pa vanaand? Ek het julle gesoek?”

Abel wonder waarom hy skielik nie lus het om vir Kain te vertel nie. Kain sal dan ook na Pa se rots toe gaan en dit is nie reg nie, want dit is die plek waar Pa met die Skepper kan praat oor die seer in hom. Dit is seker hoekom Pa soontoe gaan, hy wag miskien daar vir die Skepper.

“Hoekom antwoord jy my nie,” Kain praat nou amper hardop.

Abel dink vinnig wat hy kan sê om te verhinder dat Kain weer kwaad word.

“Ons het sommer na die voëls daar onder in die vlei geluister. Dit is altyd so mooi om op ’n warm aand buite te wees.”

“Jy jok, Abel, dan sou ek vir jou en Pa gekry het. Ek het oral rond gesoek. Julle twee het weer iets wat julle vir my wegsteek!”

“Nee, Kain, dit is nie so nie. Ek was maar sommer net by Pa en ons was buite.”

“Hoekom het jy my nie geroep nie?”

“Ek het gedink jy help vir Ma.”

“O, maar sê my wat het Pa vanaand bedoel toe hy gepraat het van die slang wat my in die hakskeen kan byt?”

“Ek weet nie, Kain, maar kom ons slaap nou. Netnou hou ons hulle wakker.” Tot sy verligting draai Kain om en praat nie weer nie.

“Ja, ek en Kain het vrae,” dink Abel. Ons moet die vrae tog eendag vir Pa vra, besluit hy, maar toe oorval die slaap hom. Hy hoor nie eers dat Kain saggies opstaan en uitgaan nie. Lana se fyn ore het egter die bewegings opgevang. Sy glip ook stil onder haar karos uit en beweeg geruisloos na buite. In die helder maanlig gaan staan sy styf teen die klipmuur waar die donkerte haar wegsteek. Kain moet haar nie sien nie, want sy wil uitvind wat hy in die mou voer.

Die naglug het die warmte van die dag verdryf en Kain ril. Die kole gloei nog so effentjies. Hy vat 'n stok en krap 'n klompie kole bymekaar teen die kant van die vuurmaakplek. Toe breek hy 'n paar dun houtjies en pak dit oorkruis op die kole. Hy hurk en buig vooroor om die kole aan te blaas. Sommer gou begin die eerste vlammetjie aan die houtjies lek. Bly dat daar nog lewe in die kole is, blaas Kain nog 'n rukkie totdat die vuurtjie knetter. Toe sit hy dikker stompies op en skuif self tot dig teen die vuurtjie. Met 'n stok krap hy rond op soek na die verkoolde oorblyfsels van die slang. Toe hy dit vind, trek hy dit deur die as tot reg by hom. Hoog teen die hange van die rant skree 'n jakkals en die klowe eggo dit terug. 'n Paar

skape blêr onrustig. Die jakkals skree weer. 'n Kriekelaar, 'n uil se gehoe en 'n diep keelgeluid soos die van 'n hiëna op jag, trek van die vlei af op, maar dit is asof Kain niks hoor nie.

“Pa en Abel is sulke groot vriende,” dink hy terwyl hy met die stok na die slang steek. “Abel weet natuurlik alles waaroor Pa vanaand gepraat het. Oor daardie ding van die slang wat my in die hakskeen sal byt.” Hy buk vooroor en tel die swartgebrande slang op. Dit val uitmekaar, net van die grate bly in sy hand agter. Hy breek een graat af en gooi die oorblyfsels in die vlamme terug.

Doelbewus vat hy die onderpunt van sy veljurk vas en druk die graat deur die saggebreide vel. Hy is eers tevrede toe die slanggraat styf vasgesteek sit en met die punt van sy vinger maak hy seker dat die graat aan niks kan haak of vir hom kan krap nie. Daar in die nagtelike ure met net die vlamme as getuie, neem Kain 'n eed. Sy jong stem klink sag, maar die opstand en die argwaan daarin slaan duidelik deur.

“Jou verfoeilike adder, ek sal jou in jou lêplek kom soek en jou doodmaak, maar in my hakskeen sal jy my nie byt nie. Nooit nie!”

Die waansinnige gelag van 'n hiëna skeur skielik deur die nagstilte. Die eggo word deur die kranse

heen en weer geslinger en voordat dit wegsterf, breek nog 'n sarsie los. Kain spring op en hardloop terug na sy slaapplek. Hy bots met Lana wat ook van pure skrik by die deuropening wil inspring. Kain vra vererg:

“Wat soek jy hier buite!” Sy liggaam is die ene hoendervleis.

“Ek het kom kyk wat jy maak, Kain.”

Hy stamp by haar verby en gaan die huis binne. Daar waar hy onder sy karos inkruip, is hy sommer kwaad vir homself dat hy soos 'n ou bangbroek vir 'n doodgewone hiëna geskrik het. Sou Lana gesien wat hy met die slanggraat gedoen het? Sou sy die eed gehoor het wat hy geneem het? Hy voel-voel totdat hy die plek raakvat waar hy die graat vasgesteek het. So met sy vingers op die slanggraat val hy later in 'n rustelose slaap.

## 2

**D**it is al reeds warm en die dag het maar nog net begin. Kain kyk na sy ma wat rustig onder die akkerboom sit en die verte intuur. Hy kan sommer sien dat sy nie eers van hulle teenwoordigheid bewus is nie. Sy oë gly na Lana wat in die skadu sit en speel met haar alewige klippies. Ada lê daar langs haar en slaap. Hy waai vererg na 'n vlieg wat al op sy neus kom sit. Vandag werk hulle nie en die dag gaan so stadig verby. Hy kan ook nie die veld inloop nie, want hy moet wag. Sy pa het die skaap gaan haal wat hulle moet offer. Abel het natuurlik weer saamgestap. Hy is mos so lief vir die skape. Abel moet darem nie vergeet wie die oudste is nie. Hy moenie met sy danige liefdevolheid by sy Pa inkruip en vir hom wat Kain is, uitstoot nie.

“Ma, hoekom gaan Abel altyd saam met Pa?

Hoekom neem Pa nie vir my saam nie?” vra hy nors.

Eva moet haar omdraai om Kain te sien en sê verbaas:

“Jy kon tog ook saamgegaan het.”

“Hulle het nie vir my gevra nie.”

“Moet jy dan gevra word? Ek is seker Abel het net saamgestap.”

“Abel, Abel! Altyd net Abel! Hy doen nooit iets verkeerd nie!” Kain is sommer kwaad en hy weet nie waarom hy so omgekrap is nie.

“Ma, wat het Ma en Pa dan verkeerd gedoen dat die Skepper nie meer vir julle kom kuier nie? Julle vertel altyd vir ons van die dae toe Hy so saam met die aandwind na julle toe gekom het. Waarom het ons Hom dan nog nooit gesien nie. Het Hy dan nie ook vir ons gemaak nie?”

Eva se oë gly oor Kain se gesig. Sy wens dat Adam nou hier was. Veertien keer het die sneeu gekom en gegaan vandat Kain gebore is, en nou kom die vroe. Wat het Ma en Pa verkeerd gedoen? Het hulle dan gedink dat die dag nooit sal aanbreek dat die kinders vir hulle self kan begin dink nie! Wat het Ma verkeerd gedoen?

Kain sien hoedat die hartseer in sy ma se oë kom en hoedat haar mond al weer daardie pyntrek kry. Vanoggend is hy egter so ongedurig met homself en

almal om hom dat hy die droefheid in haar tromp-op stormloop.

“n Mens kan ook nooit eers oor die Skepper uitvra nie dan lyk dit of Ma wil huil. Elke rusdag slag Pa ’n skaap en braai die vet op die altaar. Dan kniel hy en sê: ‘Skepper van hemel en aarde. U wat alles gemaak het en ook vir ons. Wees ons genadig en neem die dood uit ons weg. Vergewe ons verkeerde dade.’ Hoekom antwoord die Skepper hom dan nie, Ma? Buitendien, waar is die Skepper?”

Kain slaan driftig na ’n vlieg op sy arm. Hy kyk na sy ma. Baie van sy verergdheid het weggewaai met die string woorde wat by sy mond uitgeglip het. Nou voel hy jammer dat hy so gepraat het. Hy steek sy hand uit om aan haar te raak.

“Daar kom jou pa en Abel met die skaap. Het jy die hout reggesit?” Kain trek sy hand terug en antwoord kortaf:

“Ja.”

“Kain.”

Hy hoor die sagtheid in sy ma se stem. Miskien het sy gesien dat hy haar wou aanraak. Lana hoor dit ook en kyk op. Soms kan hulle ma so skerp en driftig

wees, so hard soos 'n klip, maar nou is haar stem sag en stil.

“Ma?” Hy kyk nie vir haar nie.

“Het jy nog vrae?”

“Ja, Ma. Waarom moet ons elke sewende dag rus en geen werk doen nie?”

“Omdat die Skepper gerus het.”

“Hoekom het Hy gerus, Ma? Was Hy dan so moeg nadat Hy alles geskape het?” Die baklei in Kain het nou heeltemal verdwyn en Eva hoor dat hy regtig graag wil weet.

“Nee, Hy het nie gerus omdat Hy moeg was nie, Kain. Hy het gerus omdat Hy tevrede was, want dit wat Hy wou doen, het Hy voltooi. Alles wat Hy geskape het was goed en mooi. Op die sewende dag het Hy sy handewerk beskou en vreugde daarin gevind.”

“Was Ma die laaste wat Hy geskape het.”

“Ja, ek was die heel laaste.”

Kain sien dat sy pa en Abel nie meer ver weg is nie. Hy wens die skaap wil losruk en weghardloop sodat hy nog meer vrae kan vra, want vandag praat sy ma maklik.

“Hoe lyk die Skepper, Ma? Ek sal Hom so graag wil sien.” Lana bloos toe sy besef dat die vraag sommer ontsnap het sonder dat sy dit beplan het. Sy is altyd skaam wanneer ander kan agterkom wat sy dink.

Eva draai na die ander kant toe en kyk na haar dogter. Sy word groot, dink Eva. Toe die kinders klein was, was hulle vrae heeltemal anders. Hulle wou weet hoe die Skepper die son en die maan gemaak het. Hoekom die maan nie net so helder skyn soos die son nie. Hoekom die skape blêr en nie praat nie. Nou wil hulle weet waarom die Skepper nie meer kom kuier nie en hoe Hy lyk.

Lana dink dat haar ma nie haar vraag gaan beantwoord nie, en begin weer met haar klippies speel.

“ ’n Mens kan nie regtig die Skepper met woorde beskryf nie, Lana. Daar is ’n lig en ’n heerlikheid wat Hom omstraal en ’n liefde in Hom wat ’n mens aantrek. Sy stem hoor jy nie net met jou ore nie, maar ook diep binne in jou.” Eva sit haar hand op haar hart en vir ’n oomblik is sy in haar eie gedagtes versonge, toe vertel sy verder. “Ons wou altyd by Hom wees en kon skaars wag dat Hy weer kom kuier. Ons was voortdurend van Hom bewus, al was Hy nie by ons nie. Elke nuwe more het ons wakker geword met ’n verlange om Hom te sien. Die dag se werk was lig en

verfrissend, want ons het geweet as die son ondergaan, sal Hy met belangstelling kom kyk wat ons gedoen het. As daar 'n nuwe vrug ryp geword het van 'n boom wat nog nooit gedra het nie, wou jou pa nie hê dat ons daaraan moes proe nie, ons moes dit bêre totdat die Skepper dit gesien het. Die eerste keer toe ons gesien het hoedat 'n duif haar kleintjies leer vlieg, wou ons dit dadelik vir die Skepper vertel en wou hê dat Hy dit ook moes sien.” Daar kruip 'n glimlag in haar stem : " Ons het baie goed geweet dat Hy alles sien en alles weet, dat niks vir Hom verborge is nie, tog wou ons vir Hom alles wys. Ons gedagtes, ons begeertes en ons gesprekke was gevul met net een Persoon, ons Skepper. Hy was ons lewe en die rede vir ons bestaan."

Kain is amper te bang om hard asem te haal. Sy ma het nog nooit voorheen so vryelik oor die Skepper gesels nie. Hy sit sy vinger op sy mond sodat Abel kan sien dat hy nie sy ma nou moet onderbreek nie. Abel verstaan en stap stil nader. Hy gaan sit langs Lana, so half agter sy ma. Eva gaan voort soos iemand wat nie weer kan ophou om oor die Een wat sy geken het, te praat nie.

“Ons werksdae was van sonop tot sononder. Daar was nie onkruid en dorings nie, maar tog baie bome en plante wat versorg en natgelei moes word. Die

aande was die heel mooiste. Ons het gewoonlik saans na dieselfde plek toe teruggekeer, 'n rusplekkie teen die wal van die rivier. Dan het ons van die vrugte geëet wat ons die dag gepluk het en water uit die rivier gedrink. Wanneer die voëls tot rus gekom en die aandwind begin waai het, was daar 'n sagte ruising en dan was die Skepper by ons! Dit was wonderlik en die hoogtepunt van die dag. Rusdae was nog wonderliker as die aande. Dan het die Skepper vroeër gekom en langer gebly. Ons het vir Hom gesing en Hy het ons vertel van Sy woonplek in die hemel. Ons het dikwels vir Hom gevra om weer vir ons van die Skepping te vertel. Ons kon nooit genoeg daarvan kry om te hoor hoedat Hy uit niks die aarde en alles daarop gemaak het nie.”

Eva kyk eers na Kain en toe draai sy na Lana en sien ook vir Abel sit : “Dink net, kinders, Hy is die Skepper van alles wat julle sien, selfs die kleinste wurmpie het Hy gemaak. 'n Voël of 'n skaap of 'n skilpad kan nie sê dat hulle sommer maar net eendag vanself uit die stof gegroei het nie. Die Skepper se wysheid en Sy krag het alles geformeer. Die visse vir die see, die diere vir die land en die voëls vir die lug. Sy verstand en sy kennis het geen einde of perke nie.” Tot groot vreugde van haar kinders, tuimel woorde vandag sonder moeite uit.

“Die Skepper van hemel en aarde het julle pa uit stof gemaak. Toe het Hy afgebuig en sy eie asem in hom geblaas. Met sy hand wat alles geskape het, het Hy julle pa op sy voete geplaas. Die eerste paar oë waarin julle pa vasgekyk het, was die oë van die Skepper. Die eerste stem wat hy gehoor het, was dié van die Skepper. Tussen Hom wat sy woning in die hemel het en julle pa hier op aarde was daar ’n innige vriendskap. Die Skepper het hom Adam genoem en hy het ...”

“...hom beveel om te heers oor alles wat geskape is.” Adam staan al ’n geruime tyd na Eva en luister en kon homself nie terughou om met die storie aan te gaan nie Kain, Abel en Lana sit vasgevang. Hulle het hul pa sien aankom, maar wou niks sê wat die vloei van hul ma se vertelling kon onderbreek nie.

“Ek onthou nog hoedat die Skepper sy hand op my skouer geplaas het toe Hy gesê het: ‘Adam, die aarde en alles wat daarop is het Ek geskape en daarna vir jou. Ek wil hê jy en jou nageslag moet daarvoor heers. Ek het diere geskape om die aarde te vul, maar vir jou het Ek na My beeld geskape. Diere handel volgens die instinkte wat Ek hulle gegee het, elke dier volgens sy eie soort, maar jy, Adam, is ver bo die diere verhewe. Heers dan nou oor die aarde volgens My wil.’ Adam bly ’n rukkie stil en vervat toe

weer sy vertelling : " Daardie verskil tussen my en al die diere kon ek so duidelik sien toe ek vir hulle name moes gee. Hulle was mak, die honde het my hand gelek, die mannetjiesbobbejaan het sy toertjies uitgehaal en geklim en gespring, maar nie een van hulle was soos ek nie. Nie een van hulle het by my gepas nie, daarom het die Skepper toe julle ma gemaak."

Die kinders is opgewonde. Miskien gaan hulle vandag die hele storie hoor. Gretig wag hulle vir nog meer, maar Adam swyg so lank dat hulle onderlangs vir mekaar begin kyk. Het hulle pa besluit dat hy genoeg vertel het ? Vinnig dink hulle aan vrae om hom weer aan die praat te kry.

"Hoe het Pa dit reggekry om vir al die diere 'n naam uit te dink?" Kain ken hierdie deel van die geskiedenis baie goed, maar dit is die eerste vraag waaraan hy kon dink. Hy hoop dat sy pa vandag vir hulle sal vertel waar die Skepper dan nou is. Waarom Hy nie meer vir hulle kom kuier nie?

Adam tel 'n droë stokkie op en rol dit ingedagte tussen sy vingers. "Dit het ek al so baie vir julle vertel dat julle dit nou al vir my kan verduidelik, kinders." Adam wonder waarom hy nie lus het om verder te praat nie. Kain gee egter nie so gou op nie.

“Was die leeu ook daar, Pa? Was Pa nie bang dat hy Pa sou bespring nie?” probeer hy sy pa aanpor.

“En die tier, die hiëna en die olifant?” voeg Abel in sy stil stem by.

“Nee seuns, vrees is iets wat ons daar in Eden nie geken het nie. Leeus, luiperde en bokkies het in vrede gewoon. Nie een dier het met ’n ander baklei nie. Almal het in vrede saamgewei.”

“Wat het dan gebeur dat alles verander het, Pa? Ons is dikwels bang. Die bokkies vlug weg van die leeus en bewe vir hulle gebrul. Wat het dan verkeerd geloop? Waar is die Skepper dan nou?” Kain se stem is driftig. Abel skiet ’n klippie teen Kain se been. Toe Kain vinnig sy oë na hom draai, skud hy sy kop. Al twee die seuns sien hoedat hul ma en pa na mekaar kyk. Kain se vraag bly in die stilte tussen hulle hang.

Eva roer onrustig, maar Adam kyk van Kain na Abel. Hulle oë ontmoet syne. Abel s’n is skugter en bang om aanstoot te gee, want hy het hierdie gevoel vir sy pa en ma wat hy nie kan beskryf nie. Hulle hartseer maak hom hartseer. Kain se oë is so anders, half uitdagend, half vraend en tog ook onseker.

“Wat dink jy, Kain, wat het verkeerd gegaan? Waar dink jy is die Skepper nou?”

Dit het Kain nie verwag nie. Sal hy maar sê wat hy dink? Hy trek sy skouers op. Hoekom nie, sy Pa vra dan.

“Ek dink Hy het van ons bestaan vergeet. Pa offer elke rusdag ’n skaap en pleit dat die dood weggeneem sal word. Die volgende keer vra Pa weer dieselfde ding. Elke keer dieselfde vraag. Ek dink die Skepper het heeltemal belangstelling in ons verloor en Hy hou Hom met ander dinge besig. Hy hoor ons nie en Hy antwoord ook nie. Hy’t my gemaak, maar Hy het nog nooit met my gepraat nie. Ek het Hom nog nooit gesien nie.”

Eva trek haar asem skerp in om vir Kain iets te sê, maar Adam se skielike hand op haar skouer keer haar. Sy voel die ergenis in haar opstoot teenoor die kind wat so argeloos praat en sy woel haar skouer onder Adam se greep uit. Adam merk dat sy vrou haar vererg het, maar hy steur hom nie daaraan nie. Hy kyk na sy jongste seun:

“En jy, Abel, wat dink jy? Waar is die Skepper?”

Abel wens sy pa het nie vir hom gevra nie. Hy voel ongemaklik. Hy het nie lus om te antwoord nie. Dit is baie beter as sy ma en pa liewer praat. Hy sien die grinnik op Kain se gesig en weet sy broer gaan nou

weer iets sê wat die saak nog moeiliker sal maak. Net soos hy gedink het, Kain laat nie op hom wag nie:

“Ek en Abel het al daaroor gesels. Hy dink dat ons die Skepper seergemaak het. ... dat ons nie is soos wat Hy ons wou hê nie. Nou kom hy nie meer kuier nie, maar bly liewer in die hemel by al sy engele.”

Kain lag: “Ag, ek wonder of daar regtig ’n hemel is. Sê Pa nie maar net vir ons onthalwe so nie?”

Adam kyk na sy seun, besorg oor wat hy hoor. Kain is hulle oudste kind en sy lewe lê nog voor. As hy nou al reeds die bestaan van God, die Skepper betwyfel, wat gaan dan van sy nageslag word waarmee hy, volgens opdrag, die aarde moet vul?

Kain skuif ongemaklik rond en wens sy pa wil nie so ondersoekend na hom kyk nie. Dit lyk kompleet of sy pa probeer om sy gedagtes te lees. ’n Mens kan nie eers ’n ou grappie maak nie, dan dink almal die wêreld sal vergaan! Hy vervies hom vir sy pa en roer sy skouers vererg.

Adam se oë rus so lank op Kain dat Abel en Lana se aandag na hulle broer draai. Hy bederf altyd alles deur sulke wilde dinge te sê! Adam onderskep hulle gesteunde kyke en sê streng : “Kain, wat jy glo of nie glo nie, maak aan die werklikheid geen verskil nie. Jou twyfel kan nie die hemel en die Skepper

uitkanselleer nie. Hy het ons dikwels van sy verhewe en wonderskone, heilige woonplek vertel. Julle weet ook waarom Hy vir ons gemaak het, Hy wil 'n verteenwoordiger hier op aarde hê en het ons beveel om oor die aarde en alles wat Hy daarop geskape het, te heers. Vir ons het Hy die tuin, Eden as woonplek gegee. Ons moes dit bewerk en bewaak.”

“Pa?”

“Ja, Lana.” Sy sit gewoonlik so stil dat 'n mens amper van haar vergeet. Sy bloos van skaamte toe almal na haar kyk. Dit kos moed om verder te praat, maar sy wil probeer om Kain se flater ongedaan te maak en weer daardie warm atmosfeer tussen hulle en hul ouers herwin.

“Mag ek vir Pa asseblief nog iets vra?”

“Vra maar.”

“As die leeus en die bokkies in vrede met mekaar saamgeleef het en Pa hulle ook geen vrees geken het nie, teen wie moes Pa dan die tuin bewaak?”

Adam sug diep en vryf met sy hand deur sy hare. Toe staan hy skielik op en sê: “Ja, dit is lang storie vir 'n ander dag. Kyk, die son sit al hoog en die skaap staan nog vasgemaak. Kom ons gaan eers nader om 'n offer aan ons Skepper te bring.”

'n Diep teleurstelling spoel oor Abel. Hulle was so naby aan die antwoord op hul vrae. Pa het darem gesê dat dit 'n saak vir 'n ander dag is. Hy hoop daardie ander dag kom gou. Lana onderdruk ook haar teleurstelling, maar Kain ervaar 'n woede wat in hom opbruis teenoor sy pa wat altyd maniere vind om hulle vrae te ontduik. Wie het nou lus om 'n Skepper te aanbid wat nie meer vir hulle omgee nie! Hy loop kop onderstebo van die gesin af weg en kry sommer koers die rante in. Nie eers een maal kyk hy om nie, maar rek sy treë om so gou as moontlik uit sy pa se gesigsveld te verdwyn. Vrae val in sy gedagtes oormekaar. Hoe gaan hy uitvind wat gebeur het as sy ma en pa dit nie vir hom wil vertel nie? Vir wie anders kan hy vra? Daar is niemand nie! Hulle is die enigste mense op die aarde.

Vinnig klim hy tot hoog teen die rant en in sy weerbarstigheid tel hy 'n paar klippe op en slinger dit met geweld teen die rotse vas. Die son brand. Kain spring na 'n laer rots en skrik sy woede skoon weg. Hy het byna bo op 'n swart adder beland. Die dik slang seil vinnig weg, maar Kain het al weer van die skok herstel en gooi 'n klip na die slang met 'n kolskoot wat hom reg in die middel van sy lyf tref. Hy krul en kronkel, maar 'n ander venynige hou lê hom lam. Terwyl Kain die slang se kop tot 'n pappery kap, sê hy met groot vermaak : "Jy wil my mos so graag

in die hakskeen byt, ne, maar ek sal jou kop verbrysel!”

’n Warm tevredenheid spoel deur Kain. Nou kan hy nog ’n slanggraat in sy veljurk vassteek. ’n Slang sal hom nie pik nie! Toe al die kronkels en bewegings van die slang stil word en dit leweloos daar lê, rol hy behendig die dooie slang oor ’n stok en sit dit eers eenkant onder ’n bos neer. Op sy pad terug huis toe sal hy die slang kom optel. Skielik skiet ’n plan hom te binne en met sy ou bekende grinnik dink hy aan Abel se reaksie wanneer hy vanaand met slaaptyd die dooie slang sal ontmoet. Hy lag en fluit ’n vrolike deuntjie terwyl hy verder stap.

### 3

**V**an hoog teen die rant af sien Kain sy ma en Lana daar onder in die vlei. Hulle grawe wortels uit. Dit pas hom goed. Nou moet hy net mooi oplet waar sy pa en Abel is, want hy wil ongemerk die huis binne gaan. As niemand hom sien nie, sal sy plan 'n baie groter effek hê. Hy slaag daarin om sy opgerolde vraggie veilig weg te bêre sonder dat iemand hom gewaar het. Kain is so ingenome met die verloop van sake dat hy ewe vrywillig die vuur aanblaas en die water opsit.

“Kain voel seker sleg omdat hy vanoggend sommer so weggeloop en nie vir die offer gebly het nie”, dink Eva toe sy by die huis kom en die vuur so lustig sien brand. Lana sit die klomp wortels wat sy dra neer en kyk onderlangs na Kain wat kamma ingedagte oor die vlei sit en uitstaar. “Ek wonder wat hy nou al weer in die mou voer. Kyk hoe vat sy vingers gedurig aan daardie slanggraat wat hy in sy veljurk vasgesteek het. Wat dink hy? Waarmee is hy besig?”

Toe Eva vir Ada optel en die huis ingaan, vra Lana vir Kain: “Waar was jy die hele dag? Hoekom het jy nie vir die offer gebly nie?”

“Waarom moet ek ’n skim aanbid? Het jy Hom al gesien, Lana? Het Hy al met jou gepraat? Waar is Hy? Pa probeer ons maar net oortuig dat Hy ons sien en hoor. Ek glo daar net mooi niks van nie. Glo jy dit?”

Lana sien die argwaan op sy gesig, die astrantheid om op te staan teen dit wat hulle ouers glo en van hulle verwag. Sy hou daarvan. Sy hou van hierdie broer wat weet wat hy wil hê, maar sy het nie die moed wat hy het nie. Sy kan nie soos hy praat nie: Sy skud haar kop: “Nee, ek weet nie wat om te glo nie. Dit is tog waar dat die Skepper vir Pa en Ma gemaak het en dat Hy die hele wêreld met alles daarop geskape het.”

Kain is al weer op sy perdjie: “Nou wie het gesê dat dit nie so is nie? Natuurlik het Hy vir Pa en Ma gemaak het en die hele wêreld, maar waar is Hy nou? Ek sê vir jou, ou sussie, Hy het ons vergeet. Hy steur Hom niks meer aan die mense wat Hy uit sy eie keuse geskape het nie. Die Skepper het nie nodig gehad om mense te skape nie. Dit is Hyself wat gekies het om Hom aan die mens te verbind. Onthou jy, dit is hoe Pa verduidelik het. Is Hy nou jammer

dat Hy ons gemaak het en nou los Hy ons sommer net so ? Ek het nie gevra dat Hy my moet skape nie so hoekom moet ek Hom aanbid? Hy het nie ons geselskap nodig nie.”

“Ek weet nou nie so mooi of jy reg praat nie, Kain, maar ek wil weet, wat is hierdie dood waarvan Pa altyd by die offer praat, die dood wat die Skepper uit ons moet wegneem?”

“Daar is so baie dinge wat ek wil weet, maar Pa en Ma wil nie praat nie. Die Skepper praat ook nie!”

Lana sien hoe die frustrasie weer in Kain opbou, voordat sy egter iets kan sê, hoor sy Abel se hoë fluit. Hy probeer hulle aandag trek en lyk baie opgewonde. Hy dra iets in sy arms en praat al van ver af.

“Lana, waar is Ada? Kyk wat het ek vir haar gekry!”

Lana hardloop nuuskierig nader en sien die klein hasie wat so onrustig in Abel se arms lê. Sy ore is platgetrek en hy probeer om los te kom. Abel praat saggies met hom en dan weer met haar:

“Voel net hoe sag hy is, Lana. Dink jy nie Ada sal bly wees nie?”

“Hy sal mos weghardloop,” sê sy terwyl sy oor die hasie streef.

“Nee, ons bou vir hom ’n hokkie totdat hy mak is.”

“Kan ek hom net so ’n klein rukkie vashou?”

“Ja, maar wees versigtig dat hy hom nie los skop nie.” Abel sit die hasie in Lana se hande en sy druk die diertjie styf teen haar vas.

“Foeitog, voel net hoe klop sy hartjie! Hy is bang. Waar het jy hom gekry?”

Saam stap hulle verder en Abel beduie opgewonde hoe hy die hasie ingehardloop en gevang het. Kain hou hulle dop en irritasie teenoor Abel stoot al weer in sy binneste op. Kyk net hoe danig is Lana met hom en dit net oor die hasie wat hy gevang het. Dit is seker ’n ou siek haas en Ada sal net lief vir die dingetjie word, dan gaan hy dood. Altyd Abel wat aandag kry. Hy is somer vies toe Lana roep:

“Kain, kom kyk net hierdie pragtige diertjie wat Abel gevang het.” Nou moet hy gaan kyk, anders sal hulle weer wonder wat met hom verkeerd is. Hy loop nader en steek so halfhartig sy hand uit om aan die hasie te voel. Lana skuur haastig by hom verby om vir haar ma en Ada te gaan wys. Abel se oë is ook op sy ma wat hulle opgewonde stemme gehoor en uitgekrom het om hulle buite in te wag. Blitsvinnig steek Kain sy voet uit en pootjie Lana. Dit het so gou gebeur dat niemand iets opgemerk het nie. Lana struikel en

steek onwillekeurig haar hande uit om die val te stuit. Die hasie spring op die grond en met 'n paar angstige hoppe verdwyn hy tussen die bosse deur. Abel spring agterna, maar hierdie keer was die terrein te rotsagtig en die hasie te vinnig.

“Ek is so jammer, Abel, ek het oor iets gestruikel.” Hy is baie teleurgesteld, maar sien dat Lana regtig sleg voel.

“Ag, toe maar, miskien kry ek eendag weer 'n kans om 'n ander een te vang. Dan is Ada groter en sal sy dit ook meer kan geniet.”

Lana gaan die huis binne, dankbaar dat Abel nie kwaad is nie. “Hoe kon ek so lomp wees”, wonder sy, “'n mens val mos nie sommer oor 'n klip in jou pad nie. Waaroor het ek dan gestruikel?” By aandete is sy doodstil, maar niemand vind dit vreemd nie, want sy is maar altyd stil. Haar gedagtes is egter nie stil nie. Sy hou vir Kain dop. Hy is so vol bravade, lag en gesels asof hy die dag niks vreemds gedoen het nie. Hy het vir niemand gesê waar hy was nie. “Sal Pa hom konfronteer omdat hy nie vandag by die offer was nie”, wonder Lana.

Adam kyk juis na sy oudste seun en oorweeg dit om hom te berispe, maar dan besluit hy daarteen : “Die seun is so rebels, as ek hom nou voor die ander

betig, sal dit net meer skade doen. Miskien kry ek 'n geleentheid met hom alleen", dink Adam en luister weer na Abel. Dié is besig om vir Ada te vertel hoe hy die hasie gevang het. Adam glimlag.

"Jy was rats, 'n haas laat hom nie sommer vang nie."

Abel sien die goedkeuring in sy pa se oë en die teleurstelling wat maar vlak gelê het, vloei weg. Kain reageer asof 'n by hom gesteek het. Hy kan dit tog nie verdra wanneer sy pa vir Abel prys nie. Hy staan op en rek hom uit. "Ag, ek weet tog nie waarom daar so 'n bohaai gemaak word nie, dis tog nie so 'n wat wonderse prestasie om 'n haas te vang nie," sê hy minagtend en loop na sy slaapplek sonder om nag te sê. Toe hy onder sy karos inskuif, onthou hy weer van die verrassing wat vir Abel wag. 'n Aangename gevoel van afwagting neem van hom besit terwyl hy vanuit sy donker hoekie vir die ander lê en kyk. Een vir een staan hulle ook op om te gaan inkruip. Abel is heel laaste. Hy is vanaand regtig nie lus om daar langs Kain te gaan slaap nie, want hy weet dat Kain vir hom lê en wag. In sy fluisterstem sal hy weer baie te sê hê. Tog is daar ook geen rede waarom hy langer alleen sal bly sit nie.

Kain lê doodstil en maak of hy slaap. Abel hoor sy broer se diep en gelykmatige asemhaling en slaak 'n sug van verligting: "Dankie tog, hy slaap al. Ek

wonder hoekom Kain die een oomblik so vriendelik met my kan wees, dan is ons die grootste maats, maar die volgende oomblik is dit net of ek iets verkeerdsoos gedoen het. Soos vanaand, hy was nie bly dat ek die hasie gevang het nie.”

Abel lig die karos net so effentjies en laat gly sy lyf in. Hy wil nog ’n bietjie op sy rug lê om te dink. Stadig strek hy sy bene uit en toe verstar hy. Met ’n gil spring hy onder sy karos uit.

Adam is onmiddellik daar: “Wat het gebeur? Waarom gil jy so?”

“Pa, daar is ’n slang in my bed,” sê Abel geskok.

Eva ruk haar asem in en tel die slapende Ada van die vloer af op. Adam gryp die fakkellig en loop na die hoek van die vertrek met sy kiere gereed in sy hand. Die lig van die fakkellig gly ook oor Kain wat nog met sy kop toegetrek lê. “Dit is vreemd dat hy nie van die gil wakker geword het nie,” dink Adam terwyl hy met sy voet Abel se karos wegtrek. Sy hele liggaam is ingespan om die gevaarlike vyand ’n doodhou te gee. Eva staan versteend na elke beweging en kyk, maar die skok het al uit Abel weggevloei en hy gaan nader om sy pa te help. Die fakkellig spoor die swart adder op wat nog daar onder die karos opgerol lê. Eva se hoë gil skeur deur die nagstilte net toe Adam slaan.

Ada begin huil en Lana kom styf teen haar ma staan, maar Kain lê nog onder sy karos. Hy bedwing homself met moeite.

“Abel, maar kyk die slang se kop is al reeds pappeslaan. Dit is ’n dooie slang wat ons so die skrik op die lyf gejaag het,” sê Adam. Hy besef onmiddellik wat gebeur het.

“Kain!” Adam se stem is koud en kil. Kain stoot die karos van sy gesig af weg. Hy lag. Hy staan op en nou bars die lag hardop uit en dawer deur die huis.

“Pappa se ou seuntjie het darem groot geskrik! Ek het nie geweet jy kan so gil nie!” Kain lag soos iemand wat van sy sinne beroof is. Byna soos die waansinnige gelag van die hiëna, dink Lana en sy kruip stywer teen haar ma aan. Eva druk egter vir Ada in haar arms en loop afgemete op Kain af. Met ’n geweldige hou klap sy hom deur sy gesig, weer en weer.

“Eva!” Adam se stem ruk sy vrou tot bedaring. Sy laat haar hande sak, maar die ergernis in haar teenoor Kain wat so spottend lag, is soos ’n vlam wat skroei.

“Jy speel met slange, maar weet jy wat met jou ma gebeur het toe sý met ’n slang gespeel het,” hyg Eva dit uit.

Kain kyk na sy ma en die lag in hom verdwyn. So kwaad het hy haar nog nie gesien nie en sy het hom ook nog nooit deur sy gesig geklap nie. 'n Angs en 'n benoudheid wat haar hele liggaam laat bewe, het haar beetgepak. Sy is skoon vreemd, in haar oë is daar 'n verterende erns wat hom bangmaak.

“Ma, ek wou maar net vir Abel 'n bietjie skrikmaak,” sê hy paaiend. Eva se oë skiet vuur. Sonder 'n verdere woord draai sy om en gaan blaas buite by die vuurmaakplek die vlamme driftig aan. Verslae staan hulle na haar en kyk. Sy gooi nog hout op en toe sê sy: “Kom, sit julle nou almal hier.”

Adam haak eers die dooie slang met sy kiere op en kom gooi dit in die vlamme. Vir 'n lang ruk is dit doodstil om die vuur, selfs Kain het niks om te sê nie. Ada het weer op Lana se skoot aan die slaap geraak. Nie een van die kinders slaan ag op die naggeluide nie, want hulle aandag is gespanne op hulle ma toegespits.

“Kain,” Eva sukkel om beheersd te praat, “jy het nou veroorsaak dat ek nie langer kan stilbly nie. Ek het gehoop dat hierdie dag nooit sal aanbreek nie, dat dit nooit nodig sal wees om oor hierdie saak met julle te praat nie.” Sy sluk en vir die eerste keer na haar uitbarsting, ontmoet haar oë weer dié van haar man.

“Heimlik het ek seker gedink dat julle alles maar net sal aanvaar en dat daar in julle gemoedere geen vrae sal wees nie. Dit is egter duidelik dat al drie van julle oor ons en die Skepper vrae het. Soos Kain vanoggend gevra het: ‘Ma, wat het Ma en Pa dan verkeerd gedoen dat die Skepper nie meer vir ons kom kuier nie?’” Nou wil ek vir julle vertel wat ons verkeerd gedoen het, sodat julle kan hoor en verstaan en leer.”

Die dodelike erns in haar stem en die uitdrukking op haar gesig neem hulle gevange: “Die Skepper het vir ons ’n boom in die middel van die tuin gewys en gesê : ‘Van hierdie boom van kennis van goed en kwaad mag jy nie eet nie, maar van al die ander bome se vrugte is jy vry om te eet net soos jy verlang. Jy moet egter weet, die dag as jy van hierdie verbode vrugte eet, sal jy sekerlik sterwe.’” Ons was baie gelukkig om te doen net wat die Skepper van ons verwag het, daarom het ons nooit eers stilgestaan om na die vrugte aan die boom te kyk nie. Dit was die Skepper se boom en ons moes dit net versorg. Ons het niks kortgekom nie.

Later het die Skepper ook vir ons vertel dat Hy ’n vyand het. Die vyand was eers ’n engel wat saam met Hom in die hemel gewoon het. Sy naam is Lucifer en sy skoonheid het hom so hoogmoedig gemaak dat

hy teen die Skepper in opstand gekom het. Hy het begeer om net soos die Skepper te wees en het doelbewus vergeet dat hy deur die wysheid en die krag van die Skepper geskape is om 'n dienaar te wees. Lucifer het baie ander engele deur sy rebellie beïnvloed en hulle is saam met hom uit die hemel verban. Die Skepper het vir hulle 'n plek onder die aarde in die buitenste duisternis gemaak. Dit het hulle woonplek geword. Die Skepper het ons vertel dat sy vyand oral rond dwaal en het ons beveel om die tuin teen hom te bewaak." Abel en Lana kyk vir mekaar. Uiteindelik hoor hulle teen wie die tuin bewaak moes word.

"Ons kon nie begryp hoe dit moontlik was dat iemand 'n vyand van die Skepper kon wees nie," vertel Eva verder terwyl sy om die beurt in elke kind se oë kyk. "Ons het die waarskuwing gehoor, maar dit het nie sin gemaak nie, want daar was harmonie tussen ons en in die tuin was alles so vreedzaam en rustig. Eendag was ons daar in die middel van die tuin, naby die boom waarvan ons verbied was om te eet. Skielik het 'n vreemde stem vir my 'n vraag gevra. Ek het rondgekyk, want dit het soos die stem van die Skepper geklink, maar daar was ook 'n onbekende klank daarin. Buitendien was dit nie die tyd vir die Skepper se gebruikelike wandeling deur die tuin nie. My eerste reaksie was om weg te hardloop. "Bewaak

die tuin ...” het deur my gedagtes geflits, maar ’n groot nuuskierigheid het my oorval. Wie is dit wat met my praat ?”

Die kinders sit vasgenael en luister, want hulle hoor nou wat al die jare verswyg gebly het. Nie een waag dit om ’n vraag te vra nie, te bang om Eva se gedagtegang te onderbreek.

“Toe sien ek ’n slang in ’n mik van die boomstam en hy herhaal toe weer die vraag. ‘Is dit so dat God gesê het dat julle nie van die vrugte in die tuin mag eet nie?’ Ek het verbaas na die slang gekyk en ongemaklik gevoel, tog was die vraag so gestel dat ek onder ’n verpligting was om te antwoord. Hoe sou die Skepper ooit vir ons in die tuin laat werk en ons dan nie toelaat om van die vrugte te eet nie!

In plaas daarvan dat ek omgedraai en gevlug het, het ek vir die slang verduidelik dat die Skepper gesê het ons mag van al die vrugte in die tuin eet, net soveel soos ons wou hê. Dit was net van die boom in die middel van die tuin waarvan ons nie mag geëet het nie, want die Skepper het gesê indien ons daarvan sou eet, sou ons sekerlik sterwe.”

‘Ag so, ne,” het die slang gesê, “en jy glo dit!” Julle sal nie doodgaan nie. God weet dat wanneer julle van die vrugte eet, julle oë sal oopgaan en julle sal

net soos Hy wees. Julle sal dan ook tussen goed en kwaad kan onderskei.’

Die slang het so oortuigend geklink en ek het in verwondering na hom gekyk. “Regtig?” het ek gevra.

‘Ja, pluk en eet, en jy sal sien jou oë sal oopgaan. Jy sal net soos God wees.’

“Vir die eerste keer in my lewe het ek aan die Skepper getwyfel. Hy het dan gesê dat ons na Sy gelykenis geskape is, maar nou wou Hy nie hê dat ons soos Hy moes wees nie. Hoekom nie? Het Hy dan vir ons ’n leuen vertel toe Hy gesê het dat ons sekerlik sal sterf? Ek het na die vrugte gekyk.”

“Eva, as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe,” het ’n stem in my gesê. Die slang se woorde het in my ore weerklink: ‘Jy sal nie doodgaan nie, maar jy sal soos God wees.’

“Ek het reg onder die boom gestaan en met nuwe belangstelling na die vrugte gekyk. Hoe sal die vrug smaak wat die mag het om my soos God te maak, het ek gewonder. Waarom is Hy so onregverdig dat Hy die mooiste en beste van al die vrugte van ons weerhou en dit net omdat Hy nie wil hê dat ons soos Hy moet wees nie.”

‘Eva, die dag as jy van hierdie vrugte eet, sal jy sekerlik sterwe.’ Dit was weer daardie stil, waarskuwende stem in my binneste. ‘Bewaak die tuin, Ek het ’n vyand wat sal kom om te vernietig.’

“Hoe langer ek na die vrugte gekyk het, hoe mooier en meer begeerlik het dit geword. Ek weet nie of die slang nog daar was nie, maar sy gif was in my hart. Sy woorde het hul werk gedoen, dit het my gedagtes en begeertes binnegedring. Dit het van my besit geneem. Ek het my ore vir die waarskuwende stem in my gesluit en doelbewus ’n keuse gemaak: Van hierdie vrugte móét ek eet, anders sterf ek. Al waaraan ek kon dink was hierdie brandende begeerte om die vrug te eet. Ek het my hand uitgesteek en gepluk. Toe was dit maklik om te proe, want die begeerde vrug het in my hand gelê. Dit was so heerlik dat ek dadelik rondgekyk het om te sien waar julle pa was. Hy moes dit ook proe. Hy was al die tyd daar reg langs my. Ek was so besig met die slang se woorde dat ek hom nie eers opgemerk het nie.

“Wat eet jy?” het hy gevra.

“’n Vrug van hierdie boom in die middel. Dis heerlik soet.”

“Die Skepper het tog uitdruklik gesê dat ons nie daarvan mag eet nie, Eva!” het julle pa geskok uitgeroep.

Ek het gelag en tartend gesê : “Kyk, ek leef nog en ek het geëet. Dit is net soos die slang gesê het, die Skepper wil nie hê dat ons soos Hy moet word nie. Ons sal nie sterf as ons eet nie! Proe, Adam, dis heerlik.”

“Watter slang?”

Ek het rondgekyk maar kon nie die slang sien nie. “Ag nee, nou is hy weg, maar dit is waar wat hy gesê het. Kyk ek lewe nog! Hy sê God het ons net verbied om van die boom te eet omdat Hy nie wil hê dat ons soos Hy moet wees nie. Die Skepper is onregverdig, Adam. Hy hou iets wonderliks van ons terug en dan sê Hy dat ons na Sy beeld geskape is. Kom, my man, eet dan tog van hierdie heerlike vrugte wat ons net soos God sal maak! Ek wil nie alleen soos Hy word nie, jy moet ook soos Hy wees.” Ek het gelag en my arm om sy nek gesit. Die vrug waaraan ek al gebyt het, het ek teen sy lippe gedruk. Hy het in my oë gekyk en toe laggend sy mond oopgemaak en 'n groot hap gevat. Ek het nog gepluk en geëet. Waarlik dit was die soetste en geurigste vrugte in die hele tuin! Toe julle pa die pit wegslinger het ek so terloops gesê : “Ons moet tog vanaand vir die

Skepper vra waarom Hy ons dan verbied het om die heerlike vrugte te eet en waar die slang wat vir my die waarheid vertel het, vandaan kom”

’n Geweldige skok het deur julle pa se liggaam geruk en hy het sy gesig in sy hande gedruk, op sy knieë geval en bitterlik begin huil. Ek het nog nooit iemand hoor huil nie. Hy het geruk van die snikke. Toe ek aan hom raak, het hy opgestaan en my van hom af weggestamp. “Wat het jy nou gedoen?” het hy geskree.’

Adam hoor nie wat Eva verder aan die kinders vertel nie. In sy gedagtes is hy terug in die tuin van Eden en herleef weer die tragiese gebeure van daardie ramspoedige dag. Hy dink aan daardie skok wat deur hom geruk het en die ontsettende vrees wat hom daardie dag oorval het.

*“Eva, kom ons gaan kruip weg sodat die Skepper ons nie vind nie.”*

*“Adam, kyk hoe bewe jy.” Eva wil weer aan hom raak, maar hy vlug so vinnig soos hy kan na waar die bome die digste op mekaar groei.*

*“As ek net kan wegkom dat die Skepper my nie kry nie. As ek net kan wegkom van die verskriklike ding wat ek gedoen het !” Angs druk sy bors so toe sodat hy hygend asem haal en daar tussen die bome plat*

*op die grond gaan sit. Eva kom uitasem langs hom neerval en hy sien dat sy naak is. Terselfdertyd roep sy geskok uit: “Adam, maar jy is naak!”*

*Verwilderd spring hy weer op: “Ons is altwee naak, ons moet onself bedek !” In sy verskriklike angs en woede teenoor Eva, pluk hy haar hardhandig op haar voete, gryp haar aan haar skouers en skud haar dat haar kop heen en weer swaai. Toe stamp hy haar weer met geweld van hom af weg : “Waarom het jy na die slang geluister! Kyk in watter ding het jy ons nou laat beland.” Om haar te beskuldig, bring egter nie verligting vir die wurgende vrees in sy bors nie. Met ’n harde slag val sy teen ’n boomstam en begin saggies huil. Adam gee nie om nie. Sy gedagtes jaag mekaar rond. Waarom het sy vir hom die vrug gegee om te eet. Waarom het hy dit geëet!*

*Al huilende loop hy na die groot vyeboom en pluk ’n klomp blare. “Hoe gaan ons hierdie blare aan mekaar vasmaak?” Hy is skielik baie bewus van sy naaktheid en sy gespierde liggaam. Nooit van te vore het hy aan homself gedink nie, want die Skepper het sy gedagtes gevul en die heerlijkheid van die Skepper het hom geklee. Nou is hy egter bewus van angs en benoudheid, van verwyte en beskuldigings. Hy het gedoen wat die Skepper hom uitdruklik beveel het*

*om nie te doen nie. 'n Matelose alleenheid kom soos 'n dik wolk om hom hang.*

*Uiteindelik het hulle elkeen 'n bedekking aan, maar daar is niks om die vrees in sy hart te bedek nie. Hy kan nie weer sy daad ongedaan maak nie. Al het hy vir Eva hoe sleg gesê omdat sy so dwaas was, weet hy dat hy ook skuldig is. Hy het gekies om te eet van dit wat verbode was. Nou-nou gaan die son onder en die Skepper is op pad om te kom kuier. Toe die voëls na hulle neste toe terugkeer, gaan kruip hy diep onder 'n bos in. Hy kan amper nie asem kry nie. Sy hele liggaam bewe soos 'n riet en sy tande klap opmekaar. Eva kom kruip dig teen hom aan, maar hy stamp haar opsy. Hy wil nou niks met haar te doen hê nie. Sy ore is net ingespan om daardie ruising te hoor. Daar is dit! O, daar is dit! “Eva, moenie praat nie, die Skepper is hier. As ons doodstil sit, sal Hy miskien by ons verbygaan.”*

*“Adam, waar is jy?”*

*Adam ruk van die skrik, want die woorde sny deur hom. Vrees dwing hom om nog dieper weg te kruip, maar die gesag in die stem laat hom bewend na vore kom. “Ek het U geruis in die tuin gehoor en ek was bang, want ek is naak. Daarom het ek weggekruip.”*

*“Wie het vir jou gesê dat jy naak is, Adam? Het jy dan geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?”*

*Skuldig, maar onwillig om dit te erken, plaas Adam die skuld op die Skepper en sê met verwyf in sy stem: “Dis die vrou wat U my gegee het wat my omgepraat het om daarvan te eet!”*

Adam ril merkbaar, strek sy bene lank voor hom uit en met 'n doelbewuste inspanning bring hy sy gedagtes terug na hulle daar by die vuur. Eva is juis besig om van daardie vreeslike ontmoeting met die Skepper te vertel.

“Toe het Hy sy oë na my gedraai en gevra: “Wat het jy nou gedoen, Eva?” As ek onder die grond kon inkruip, sou ek dit gedoen het, kinders. Ek het vir 'n oomblik reguit in Sy oë gekyk. Ek was so skuldig en die smart in Sy oë het my nog meer inmekaar laat krimp. Tog wou ek nie my skuld erken nie, ek het my teen die skuld verset en gesê: “Die slang het my bedrieg en ek het geëet!” Die hele tyd het ek voor my op die grond gekyk. Skielik het die Skepper met die slang gepraat. Hy was daar langs my. Die Skepper het nie vir hom 'n vraag gevra nie, maar gesê. ‘Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder

al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe. En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.’

“Hierdie woorde is onherroeplik in my geheue ingegraveer, ook wat die Skepper daarna vir my en vir julle pa gesê het. Hy het ons nie vervloek nie, maar die aarde is vervloek oor wat ons gedoen het. Die aarde het Hy geskape sodat ons daarop kan woon en dit bewerk, maar toe moes die Skepper Sy eie handewerk vervloek omdat ons ongehoorsaam was!”

Kain kan homself nie meer bedwing nie en vra: “Wat is die betekenis van vervloek, Pa?.”

“Wanneer God iets vervloek dan kom alles wat verkeerd is, alles wat moeilik en swaar is daarop af : Rampe, ellende, boosheid en donkerte. So het daar skielik dorings en onkruid begin groei. Nou is daar droogtes, storms, hael, siektes, peste onder die diere, vlieë, en alles wat dit moeilik maak om op die aarde te lewe. Die Skepper het vir my gesê:

“Omdat jy na jou vrou geluister en geëet het van die boom waarvan ek jou verbied het om te eet, is die aarde deur jou toedoen vervloek. Met swaarkry sal jy

jou lewe lank daaruit 'n bestaan maak. Net deur harde werk sal jy kan eet, totdat jy terugkeer na die aarde toe, want jy is daaruit geneem. Stof is jy en jy sal weer stof word.”

“Dit was 'n ontsetting om in Sy heilige teenwoordigheid te staan. Ek was bevrees en ek kon nie ophou bewe nie. Weg was daardie heerlike warmte om saam met Hom te wees. Ek was bang en wou vlug. Die Skepper het my gemaak om sy vriend te wees, maar nou was ons vyande,” gaan Adam voort en vee die sweet van sy voorkop af. Met moeite dwing hy homself om nie op te staan en weg te loop nie. Hulle het nou begin om die kinders die volle waarheid te vertel en nou moet hulle voortgaan totdat alles bekend is.

“Maar, Pa, was die slang dan nie reg nie? Die Skepper het gesê dat julle sekerlik sal sterwe, maar julle leef dan nog altwee.” Die vraag kom ook van Kain af.

“Kain, die slang het ons bedrieg. Ons liggame leef nog, maar die dood het ons harte getref. My gees is nie meer vry teenoor God nie. My ongehoorsaamheid aan die Skepper se bevel het my onrein gemaak en Hy wat heilig is, kan nie iets onreins in sy teenwoordigheid hê nie. Die slang wat met jou ma gepraat het, was daardie gevalle engel,

Lucifer, die Skepper se vyand. Soos sy hoogmoed verwydering tussen hom en sy Skepper gebring het, het hy ons bedrieg sodat daardie verwydering ook vir ons getref het. Soos Lucifer uit die hemel geban is, so is ons uit die tuin weggestuur. Ons wou nie weggaan nie, maar die Skepper het engele met vlamme swaarde gestuur om ons uit die tuin te verdryf. Hulle het daar by die ingang stelling ingeneem sodat ons ook nie weer kon teruggaan nie.”

“Het Pa-hulle ooit probeer om terug te gaan?” vra Abel stil.

“Ja, ons het probeer, eers in ons opstandigheid. Ons het mekaar teen die Skepper opgemaak en onself probeer oortuig dat dit ons reg was om in die tuin te bly. Dit was die slang wat ons bedrieg het en die Skepper was onregverdig om nie ons kant van die saak in te sien nie. Dan het berou oor wat ons gedoen het weer aan ons gevreet. Die verlange om terug te wees in daardie wonderlike plek waar ons in die Skepper se teenwoordigheid kon wees, waar ons geen smart en pyn geken het nie, het elke dag verdiep. Ons het swaargekry, net soos die Skepper gesê het. Snags het ons in ’n grot geslaap en bedags kos in die veld gesoek. Lewe op die vervloekte aarde is baie anders as lewe in die tuin van Eden, kinders.

Ja, ons het teruggegaan. Drie keer het ons probeer, maar die engele het steeds op wag gestaan. Die Skepper ken ons, hy het geweet ons sou probeer om terug te gaan om van die boom van die lewe te eet. Hy was reg, ons wou. Ons wou enige ding doen net om weer die ou lewe terug te kry. Enige ding, net om te ontsnap uit die ramp wat ons getref het, maar ons kon nog nooit ontslae raak van die wete dat dit ons eie keuse was nie.”

“Toe die Skepper die aarde vervloek het, het dit dadelik anders geword, Pa ?.”

“Ja, Abel, onmiddellik. Binne ’n week het ons oral waar ons kos gesoek het doringbossies sien opkom en distelplante. Die weersomstandighede het ook onmiddellik verander. Dit is hoekom ons in ’n grot moes gaan skuil, maar ook omdat die diere anders geword het. Ons was gewoon daaraan dat leeus en bokkies saam met ons geloop het. Net ’n paar dae nadat ons uit die tuin verdryf is, het ons op die dooie karkas van ’n bokkie afgekom. ’n Leeu het daar naby gelê. Toe ons nog nader wou gaan, het hy met sy stert begin piets en gegrom. Vrees het ons harte gevul en ons het omgespring en weggehardloop.”

Abel het so baie vrae en huiwerig uiter hy nog een:

“Het Pa en Ma ook verander?”

'n Sug wat meer soos 'n snik klink, ontsnap diep vanuit Adam se bors : “Ons het, die dood in ons het ons verander. Die heerlikheid van die Skepper het ons verlaat. Ons weet wat goed en wat kwaad is. Die goed wil ons doen, maar vind in onself geen mag om dit te doen nie. Die verkeerde kom sommer vanself. Daar in die tuin was ek en julle ma soos een mens. Alles wat ons bedink het, het harmonie en vrede gebring, maar nou is ons twee mense. Ek wil die eenkant toe en sy na die anderkant toe.

Dikwels dink ek daaraan dat die Gees wat die Skepper in my ingeblaas het, nie meer oor my heers nie, ekself en my begeertes voer heerskappy Ek is geskape met die doel om oor die aarde en alles wat daarop is, te heers, maar daardie gesag het ek verloor. My ongehoorsaamheid aan die gebod van God het my innerlik heeltemal verander, ek het meer van myself as van die Skepper bewus geword.”

Adam vryf deur sy hare. Dit is glad nie maklik om sy hart en gedagtes vir die kinders oop te maak nie. Hy is self verbaas oor die dinge wat hy sê, want dit is indrukke wat hy nog nie voorheen verwoord het nie.

“Vandat ek die eerste keer gesondig het en toegang tot die Skepper verloor het, word ek gedryf deur 'n alleenheid, 'n eensaamheid, 'n gemis in my lewe wat nie daar was toe ons nog vryelik in die Skepper se

teenwoordigheid kon wees nie. Dit is 'n leemte wat deur niks anders gevul kan word nie. Ek kry net verligting vir my gemoed wanneer ek eenkant gaan en my gedagtes en gevoelens teenoor die Skepper uitpraat.”

Kain kyk verbaas op vanwaar hy met 'n stokkie in die kole sit en krap. Hoe goed ken hy nie daardie leemte nie! Dit is die alleenheid wat hom so omring en die gedagte dat niemand hom verstaan nie, wat hom so frustreer en hom kwaad maak. Hy het dit nog nooit voorheen so ingesien nie. Snaaks dat sy pa dieselfde voel.

Lana kyk ook vinnig na haar pa. Sy ken die gemis, iets waarna sy soek en dikwels 'n hartseer wat sy nie verstaan nie. Sy wonder of die rede daarvoor is omdat sy die Skepper nie ken nie, of omdat sy dalk ook soos haar pa verkeerd gedoen het?

Abel skuif nog nader aan sy pa. Hy het skielik 'n begeerte om sy hand in sy pa s'n te sit, maar Kain sal hom spot. Hy weet van hierdie matelose alleenheid waarvan sy pa praat. Daardie verlange wat 'n mens nie onder woorde kan bring nie, jy kan dit nie uithaal en êrens ophang nie, dit is daar en oorval 'n mens op die mees onverwagte tye. Is dit omdat die Skepper 'n plek vir Homself in my binneste

gemaak het en Hy nie daar is om dit te vul nie, wonder Abel, maar hy is te skaam om sy pa te vra.

Adam sien dat die drie kinders met belangstelling na hom kyk. Hy draai sy oë na Eva en vervat sy vertelling:

“Jare lank het ek julle ma beskuldig en ek wou nie my skuld erken nie, maar swaarkry en die verlies van wat ons gehad het, het ’n deeglike werk in my gedoen. Uiteindelik kon ek teenoor haar erken dat ek self skuldig is en dat ek die straf verdien wat ek ontvang het. Dit het my weer sagter gemaak.”

Eva is dankbaar dat Adam so openlik met die kinders gesels en sy voel verlig dat hulle nou alles weet. Dit is beter so. Abel weet dat hulle vanaand agter die geheim van die voortdurende hartseer in sy Pa en Ma gekom het. Hy voel vir hulle so jammer : “Is dit nie vir Pa en Ma moeilik om elke dag met die wete saam te leef dat julle self die swaarkry oor julle gebring het nie?”

Adam sit reg langs Abel. Hy draai sodat hy sy seun se gesig kan sien. Die vlamme gooi genoeg lig dat hy in sy kind se oë kan kyk. Die jonger seun is ’n denker en hy het ’n hart wat vir ander omgee. Eva hoor ook die deernis in haar seun se stem en sy verwonder haar daarvoor. Sy kyk na hom en sê:

“Abel, die Skepper het ons nie naak van hom af weggestuur nie. Hy het diere doodgemaak en hulle velle geneem om vir ons klere te maak. Hy het ons naaktheid bedek. Dit het ons opgeval dat Hy nie net die klere na ons toe gegooi het nie, maar dat Hy dit self vir ons aangetrek het. Ons beleef dat die bloed van die diere wat gevloei het om ons naaktheid te bedek, ook verligting bring van die sondelas wat ons dra. Daarom offer ons elke rusdag ’n dier en vra vergifnis vir die ongehoorsaamheid wat dood en verwydering in ons verhouding met ons Skepper gebring het, ook vir die verkeerde wat ons elke dag van ons lewe doen. Ja, die offer maak ons lewe meer draaglik, maar dit het nie die mag om weer ons eerste lewe terug te bring nie.”

Eva bly so lank stil dat die kinders dink sy het klaar gepraat. Adam sit stilswyend met sy hande voor hom gevou in die vuur en kyk. Toe sê Eva langsaam:

“Sien jy, Kain, waarom ek so heftig reageer oor jou en jou slang episodes. Die dag toe ek met ’n slang gepraat het, het my hele lewe verander. Smart het deel van my geword en daardie ware vreugde wat ons beleef het, het gewyk. Ek het jou pa gehelp om ongehoorsaam te wees aan die Een wat ons innig liefgehad het en dit geniet het om vir ons te kom

kuier. Nou is daar die groot verwydering wat ons nie kan oorbrug nie.”

“Ma,” Lana praat versigtig, “Ma, het ons nog nie vertel wat die Skepper vir Ma gesê het toe Hy die slang en die aarde vervloek het nie.”

“Nadat Hy met die slang gepraat het, het Hy na my gedraai: ‘Met smart sal jy kinders in die wêreld bring en jou begeerte sal na jou man wees. Hy sal oor jou heers.’

“En het dit gebeur, Ma?”

“Ja, Lana, net soos die Skepper gesê het, so het dit gebeur. Dit moet julle weet, wat Hy sê, gebeur. In die begin het Hy gesê laat daar lig wees en daar was lig. Hy het gesê: ‘Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in die vrug sit.’ So het dit gebeur. God het gesê: ‘Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy aard; mak diere, diere wat kruip, wilde diere, elkeen na sy aard.’ So het dit gebeur. God het vir ons gesê: ‘As julle van die verbode vrugte eet, sal julle sekerlik sterwe.’ Dit het gebeur.”

Skielik onderbreek Kain sy ma: “In watter rigting lê die tuin van Eden, Pa?”

“Hoekom vra jy, Kain?”

“Kyk, Pa, toe al hierdie dinge gebeur het, was ons kinders mos nog nie daar nie. As ons nou na die tuin toe gaan, sal die Skepper miskien vir ons inlaat en dan kan ons met Hom praat en Hom leer ken.”

“Nee, my seun, daarvan kan jy maar vergeet. Die verwydering is daar weens ongehoorsaamheid. Die aarde is vervloek, smart en moeite is aan ons uitgedeel. Jy deel daarin, want jy is vlees van my vlees en bloed van my bloed.”

“Maar, Pa, ek kan tog net probeer.” Eva wil keer dat Kain nie weer ergerlik raak nie, dus gaan sy voort om te praat: “Wanneer ek aan die woorde dink wat die Skepper gesê het, bring dit ’n bietjie hoop in ons situasie.”

“Watter woorde, Ma?” vra Lana vinnig, want sy wil ook nie hê dat Kain nou weer alles moet bederf nie.

“Dit is die woorde wat die Skepper vir die slang gesê het. ‘En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.’ Ek dink baie aan daardie woorde. Julle kinders is my saad en daar is vyandskap tussen ons en ’n slang. Maar het die Skepper met die slang gepraat of was hierdie woorde vir sy vyand bedoel? Miskien bring die

Skepper eendag in Sy genade 'n einde aan hierdie verwydering tussen ons en Hom.”

Adam staan op en rek hom uit. “Ja, so het die Skepper belowe en ek glo Sy belofte. Maar nou is dit slaapyd, mense, netnou vang die dagbreek ons nog hier om die vuur!

Die slaap kom gou, selfs al het die kinders hulle voorgeneem om weer alles wat hulle gehoor het te lê en herkou. Net Adam rol rond. Om oor die verlede te gesels, krap rou wonde oop. Sestien jaar is lank, soos 'n ewigheid as 'n mens weet wat jy verloor het en dit nie weer kan terugkry nie.

## 4

**D**ie een dag loop in die ander en die een jaar volg op die ander. Die seuns word groter en ouer. Abel ontwikkel in 'n veeboer en Kain in 'n landbouer. Met sweet en moeite help hulle vir Adam en Eva om die daaglikse kos te voorsien. Winde en storms, sneeu en droogte kom en gaan. Hulle leer om daarmee saam te leef. Saans om die vuur praat hulle dikwels oor die dae toe die Skepper nog in die tuin kom wandel het. Hulle vrae lok hul ouers uit om meer en meer te vertel.

Abel vind dat sy gedagtes voortdurend na die Skepper terugkeer. Wanneer hy die skape uitlei, gee hy sy gedagtes vrye teuels om op die spore van sy ouers se vertellings te loop. Die verlange om die Skepper te ken, word al dieper in hom en maak hom ook al stiller. Hy is bly wanneer sy pa 'n hele dag saam met hom by die skape deurbring, dan kan hy oor die Skepper gesels. Hy en Kain is bedags al minder bymekaar, want hul werk hou hul besig. Buitendien is Kain heeltemaal te rusteloos om 'n hele

dag lank saam met hom by die kudde deur te bring. Hy verveel hom om so te sit en waghou terwyl die skape wei. Abel help ook selde vir Kain op die lande, want die skape vra elke dag al sy aandag. Onder sy sorg groei die veetroppe aan en hy weet dat dit vir sy pa groot vreugde verskaf.

Soos Lana ouer word, is sy meer dikwels in Kain se geselskap. Sy koester 'n groot bewondering vir hierdie rustelose broer van haar. Sy hou van die manier waarop hy dinge doen en wanneer sy kan vrykom van die werk saam met haar ma, glip sy weg om hom op die lande te help. Kain verwelkom haar geselskap, met haar kan hy alles deel wat in sy hart omgaan.

“Weet jy, Lana, ek dink Pa hou meer van Abel as van my,” sê Kain eendag uit die bloute toe hulle saamwerk. Lana trek eers 'n paar onkruidplantjies uit die klam grond voordat sy antwoord.

“Hoekom sê jy so?”

“Kyk maar net hoe graag gaan Pa na die skape toe. Hy kom nie so dikwels vir my op die koringland of hier in die groentetuin help nie.”

“Miskien hou Pa maar net meer van skape, Kain.”

Lana kyk terug oor die land en sien dat hulle vanoggend al 'n groot stuk skoongemaak het.

“Ja, maar saans by die huis kan 'n mens hoor dat Pa liewer na Abel as na my luister.”

Lana hou op met werk en kyk na haar broer: “Jy stry so maklik met Pa en Ma. Onthou jy dat jy gisteraand vir hulle gesê het dat hulle ons nie verstaan nie. Hulle weet nie wat in ons harte omgaan nie omdat hulle self nooit kinders was nie.”

“Ja, maar dit is mos so! Die Skepper het hulle sommer klaar grootmense gemaak. Hulle was nooit babatjies nie. Hoe sal hulle dan nou weet wat in ons omgaan?”

“En wat van verlede week,” gaan Lana voort sonder om op sy argument ag te slaan, “toe Pa vir ons gehelp het om onkruid uit te trek. Onthou jy, toe die son so warm was en ons so moeg? Toe het jy vir Pa gesê dat as hy en Ma nie ongehoorsaam was nie, sou ons nie met onkruid gesukkel het nie. Jy sien, Kain, jy praat anders as Abel,” sê Lana reguit.

Kain pluk hardhandig aan 'n onkruid en trek sommer 'n hele bondeltjie plantjies saam uit. Gekrenk slinger hy die kluit ver oor die land waar dit teen 'n rots uitmekaar spat. Dit is nou my broer, dink Lana. Gou op sy perdjie, vinnig om te handel en skerp met sy

tong, maar hy kan redeneer. Hy stel vrae op so 'n manier dat 'n mens kan sien dat hy baie intelligent is.

Kain weet dat Lana reg is in haar waarneming. Hy word so ongeduldig met almal om hom. Hy is die oudste en hy weet nie waarom almal so gedurig aan hom karring nie. Hoekom kan hy nie sê wat hy wil en dinge doen soos hy wil nie? Dit is nou al jare dat hy rondloop met die verlange om na die tuin van Eden te gaan soek. Die begeerte word elke dag net sterker. Eintlik wil hy die Skepper gaan soek om vir Hom te vra waarom Hy dan nie ook met die kinders van Adam en Eva praat nie. Hy het hulle mos ook gemaak. Sal hy dit waag om vir Lana in sy geheim in te laat? Ja, sy moet weet, want hy wil haar vra om na die tuine om te sien.

“Lana, as ek vir 'n lang ruk weggaan, sal jy die tuine natlei?” vra hy so natuurlik as moontlik

“Weggaan,” sê sy en kyk hom half spottend aan.

“En hoekom nie?” vra hy uitdagend.

“Waarheen wil jy gaan?”

“Ek wil na die tuin van Eden gaan soek, maar Pa en Ma moet niks daarvan weet nie. Hulle sal my tog net weer keer. Buitendien sal ek 'n lang ruk moet wegbly,

want Pa wil nie sê in watter rigting die tuin lê nie. Ek sal moet soek.”

“As jy mooi geluister het, sou jy gehoor het dat die Skepper die tuin in die ooste aangê het. Pa het ook eenmaal vertel dat daar ’n rivier deur die tuin van Eden loop wat later in vier verdeel. Hy het ’n naam vir elkeen van die vier lope gehad,” sê Lana so terloops. Sy buk weer vooroor en gaan aan met die uittrek van die klein onkruidplantjies.

Kain is opreg verbaas en hy kyk met verwondering na sy suster: “Ek het nie geweet dat jy sulke fyn luister ore het nie! Dis nou goeie inligting wat jy my gee. Hoe het dit dan by my verbygegaan?”

“Seker maar omdat jy altyd met almal stry. Jy luister nie regtig na wat iemand anders sê nie. Weet jy, Kain, ek dink jy sit en beplan al die volgende vraag terwyl ’n mens nog besig is om te praat.”

Kain lag. Hy buig oor en klap sy suster op haar rug. “Jy dink jy ken my, nê, maar miskien is jy reg. So, ek moet dus in die oostelike rigting gaan en die uitvloei van daardie riviere soek, dan is ek naby die tuin.” Sy gedagtes is al weer by die soektog.

“Hoe gaan jy by Pa verbykom?” vra sy praktiese suster.

“Ek het gedink om te sê dat ek die land wil gaan verken en om na plekke vir nuwe saailande te gaan soek.”

“Pa gaan deur jou plannetjie sien, hy ken vir jou te goed.”

“Wel, ek gaan probeer. Sal jy die groentetuine versorg?”

“Goed, ek sal.”

Kain laat ook nie op hom wag nie. Dieselfde aand vertel hy van sy planne om die wêreld te gaan verken, verder as nog ooit tevore.

Adam hou op met kou en kyk sy kind vol in die oë. Hierdie rustelose, rebelse seun van hom het sy eie planne. 'n Jong man, sterk gebou, maar wild in sy doen en late.

“Watter rigting het jy gedink om in te slaan? “

Kain slaan sy oë af en kyk in die vuur. Nou moet ek my woorde versigtig kies, dink hy: “Ek beplan om eers oor die rivier te gaan om te sien hoe die wêreld daar lyk? ”

Ada spring op en gaan sit haar arm om Kain. Met groot oë vra sy: “Hoe gaan jy oor die rivier kom?”

Kain trek speels sy kleinsus se hare en lag vir haar. “Het jy al gesien hoedat groot boomstamme in die rivier afdryf wanneer dit in vloed is?” Sy knik haar kop op en af. “Nou ja, ek kan mos op so ’n boomstam klim en ook oordryf na die anderkant toe.” Die ander lag toe hulle die uitdrukking op Ada se gesiggie sien. Sy druk haar oë toe en sê: “O, nee, ek is te bang. Sê nou jy kom nooit weer terug nie!”

“Nou is die regte tyd, want die rivier is nie in vloed nie. Maar miskien sal ek eers in die rigting gaan waar die son opkom, dalk vind ek mooi plekke sonder om met ’n rivier te sukkel,” sê Kain en hoop dat sy woorde niks van sy versteekte motief verklap nie.

Lana sien hoedat haar ouers vinnig na mekaar kyk. Hulle vermoed wat sy weet.

“Miskien moet Abel met jou saamgaan, want die wêreld is vol wilde roofdiere. Dit is beter om twee te wees.” Kain reageer innerlik baie heftig op hierdie voorstel van sy pa, maar uiterlik laat hy niks blyk nie. Hy wil alleen gaan. Hy wil tog nie ’n gesanik om sy ore hê wanneer hy die tuin gaan soek nie!

“Wanneer het jy gedink om te gaan?” kom die volgende vraag. Dit skaaf aan Kain en hy bedwing homself om nie geïrriteerd te antwoord nie.

“Sommer gou , Pa.”

“Voordat jy gaan moet ons ’n offer aan die Skepper bring en Hom vra om julle op die reis te beskerm.”

Kain roer sy skouers onrustig. Dit wat hy hier binne voel, wil net uitbars. Hy staan eerder op en sê so skuinsweg nag. Later is dit net Adam en Eva wat nog buite by die vuur sit. Adam gooi ’n paar stukke hout op die vuur en sit sy groot growwe hand oor hare.

“Eva, Kain het ’n ander soort hart. Jy moenie vir hom so kwaad word nie. Ons moet ons kinders leer om in die Skepper te glo. Miskien sal Hy vir die kinders ’n pad maak waar hulle Hom kan leer ken. Kyk, hoe het Hy dit op ons harte gelê om ’n offer te bring. Hy het ons nie sommer net aan onself oorgelaat nie. Hy hoor tog wanneer ons om hulp roep.” Adam sug diep en Eva weet waaraan hy dink.

“Die Skepper het ons alles gegee, ook die vryheid om alles te geniet. Dit was net daardie een enkele verbod, en dit het ons so maklik oortree,” gaan hy voort. “Ja, vrou, in ons oudste seun se hart het iets opgekom wat ons geplant het en nou hou ons nie daarvan nie.”

“Jy weet, my man, toe Kain gebore is en daardie ou klein babatjie in my arms gelê het, het ek geglo dat hy die saad is wat die slang se kop sal vermorsel. Ek het my hoop aan hom opgehang. Daardie woorde

van God is in my ingegraveer. Ek kan die Skepper, en hoe ons saam met Hom daar in die tuin was, nie vergeet nie. Ek kan hierdie hoop in my hart dat Hy ons weer in sy goedheid sal aansien nie uitdoof nie. Dit is reg dat Hy ons straf vir ons ongehoorsaamheid, maar nogtans hoop ek op Sy goedheid,” sê Eva stil.

“Moenie ophou hoop nie. Soms wanneer ek alleen is, dink ek aan die perfektheid wat daar in die tuin van Eden was. My wil was suiwer en nie vasgedraai in alles wat ek nou ondervind nie. Maar dis onself wat die perfekte verruil het vir hierdie bestaan wat ons nou ken. Dit was ons eie keuse. Laat ons egter nooit moeg word om vir ons kinders te leer om God te erken as die oorsprong van alle lewe en as die Skepper van hemel en aarde nie. Hulle hoop lê ook in Hom.”

“Adam, daar was so baie wat ons nog moes leer, maar nou het ons gedagtes donker geword. Ek dink nie meer soos daar in die tuin nie. Daar is ’n ander stem in my wat my aanspoor om die verkeerde te doen, tog weet ek diep in my binneste wat reg is.”

“Alles het verander en ons het verander, net die Skepper het dieselfde gebly.” Pyn verstok die woorde in Adam se keel. Vir ’n lang ruk sit hulle twee doodstil en luister na die vuur wat klap en kraak.

“Wat gaan ons met Kain maak?” vra Eva so sag dat Adam haar skaars kan hoor.

“Ons laat hom maar gaan. Miskien bring dit die rusteloosheid in hom tot bedaring.”

“Dink jy hy sal die tuin van Eden nog kan vind?” Eva klink onseker en bekommerd.

“Sal die Skepper toelaat dat iemand soos Kain die boom van die lewe eet? Hy het dit dan vir ons versper. Het jy dan vergeet dat Hy sy engele daar geplaas het om die tuin te bewaak? Baie jare is al verby miskien is dit heeltemal toegegroeï en weggesteek.” troos Adam op sy manier.

“Wil jy nie maar saam met die seuns gaan nie? Dit sal soveel veiliger vir hulle wees. Dan sal Kain ook nie iets onverantwoordeliks aanvang nie en ek sal meer gerus wees.”

“Sal jy en Lana mans genoeg wees om na die vee en die tuine om te sien?”

“Ek dink so. Ada is ook al groot genoeg om te help,” antwoord Eva sag.

“Ja, miskien moet ek so maak. Ons kyk maar môre. In elk geval moet ons eers ’n offer aan die Skepper bring voordat ons vertrek.” Eva laat haar kop in dankbaarheid teen Adam se skouer rus. Hy is goed

vir haar. Soms is hulle so na aan mekaar. Hy het nie so baie soos sy verander nie. Sy het innerlik lelik geword, al smag sy so na die goeie wat sy eers geken het.

Sy begin saggies sing: Haar stem is nog net so mooi soos daar in die tuin, maar sy sing nooit meer nie, dink Adam. Hy herken die lied. Dit is een van dié wat een middag in sy hart opgekom het toe hy die bome natgelei het. Die Skepper het daarvan gehou as hulle sing. Hy het vertel dat daar in Sy woonplek engelekore is wat sing en dat Hy hulle eendag daarheen sou saamneem. Adam stry teen die smart wat hom weer wil oorrompel. Eva begin die lied weer van vooraf en met 'n suiwer stem val Adam in en sing die lied saam met haar klaar. Abel het nog nie geslaap nie en hy lê en luister in verwondering na sy ouers wat sing. Al sing hulle sag, hoor hy elke woord en drink dit in. Hy het nog nooit vir iemand gesê nie, maar hy sing ook graag wanneer hy alleen is.

Eva sit 'n rukkie stil toe sê sy: “Adam, onthou jy nog die warmte wat altyd uit die Skepper se oë gestraal het?”

'n Snik skeur uit Adam los en hy loop van haar af weg die donkerte in. “Waarom het ek dit gesê,” verwyt Eva haarself. “Ek weet mos van die rou seer wat hy

in hom omdra! Is dit dan nie die eerste paar oë waarin hy vasgekyk het toe hy geskape is nie?”

Sy wag vir hom om terug te kom. Die kole gloei nog warm, maar die nagliggie is koel. Adam kom egter nie terug nie en later kry sy te koud en gaan maar slaap. Dit is waarvoor Kain gewag het. Hy het al byna ingesluimer, maar sy planne is agtermekaar. Hy wil ongesiens wegglip en in die kraalgrot gaan wag totdat die dag breek. Dan kan hy alleen sy soektog aanpak. Waarom moet hy vir Abel saamneem en waarom moet hulle eers 'n offer bring? Netnou sê sy pa dat hý ook wil saamgaan. Buite staan hy eers 'n oomblikkie stil sodat sy oë aan die donker gewoon kan raak. Daar is geen maan in die lug nie. Hy skrik geweldig toe iemand aan sy arm raak. Dit is Lana.

“Hoekom slaap jy nie, Kain?”

“Waarom pas jy my so op! Ek kan my nie eers draai nie, dan is jy daar.”

“Ek het gedink dat jy miskien siek voel.” Sy bakleiere doen niks aan haar nie. Sy skrik nie vir sy woede nie. Dit is seker waarom hy so maklik alles wat in sy hart omgaan met haar deel.

“Ek gaan by die skape slaap, dan kan ek môre vroeg vertrek.”

“O, dan wag jy nie vir Abel nie?”

“Nee, as ek gaan, gaan ek alleen,” sê hy bot en loop weg. Die donker sluk hom in. Sy draai net so stil weer om en gaan die huis binne.

Adam kom die volgende oggend huistoe net toe die son oor die rante loer. Die wind waai so dat niemand dit buite waag nie en Abel sit soos ’n vasgekeerde in die huis. Die skape staan nog in die grot, want in hierdie wind sal hulle nie kan wei nie. Dit is daardie warm wind wat mens en dier uitmergel. Nou sit hy maar en kerf aan ’n houtjie en wag vir die wind om op te hou.

Adam kom in en groet: “Waar is Kain, dan?” vra hy dadelik. Niemand weet nie. Hy was nie daar toe hulle opgestaan het nie.

“Hy is seker af lande toe, Pa”, antwoord Ada.

“In hierdie wind? Hy sal daar tog niks kan uitvoer nie. Weet jy waar hy is, Lana?” vra Adam en kyk ondersoekend na haar. Sy slaan haar oë af en skuif ongemaklik rond daar waar sy sit en weef: “Nee, Pa.”

“Dan loop ek eers om te kyk waar hy is,” Adam draai dadelik om. Hy sê vir niemand wat hy vermoed nie.

“Kan ek saamstap, Pa?” vra Abel.

“Wil jy nie eers iets eet nie of drink nie,” vra Eva besorg.

“Ja, water asseblief.” Adam drink diep teue toe sit hy die kruik neer en sonder ’n verdere woord loop hy na buite. Die wind bulder teen die klowe op en ruk meedoënloos aan die akkerboom vlak voor die huis. Adam en Abel beur teen die wind. Hulle praat nie, want hul woorde sal net wegwaai sonder om gehoor te word. Hulle oë is op skrefies getrek teen die sand wat geniepsig in hul gesigte slaan.

Soos hulle eintlik verwag het, tref hulle hom nie op die lande aan nie, miskien het die wind hom gedwing om in die kraalgrot te gaan skuil. Die skape blêr onrustig, maar Kain is ook nie daar nie.

“Seun, ons moet hierdie skape by die water kry. Hulle kan sonder kos bly, maar nie sonder water nie,” sê Adam bekommerd toe sy oë in die half-donker grot oor die kudde gly.

“Sal Pa asseblief help? vra Abel.

“Seker! Ek sal voor loop, die skape kan my volg. Kom jy dan agterna. Daar by die nou deurgang kan die wind hulle dalk van die rotse afdruk. Daar moet ons altwee maar hand gee.”

Die skape bondel by die grot uit en kry agter Adam aan koers. Die wind ruk en pluk aan hulle, maar die dors dryf hulle voort. Abel loop by die heel stadige verby, sodat hy sy Pa daar by die deurgang kan help. Sy pa staan reeds stewig reg op die nek van die rant geplant. Hy anker elke skaap daar oor die hoogste punt waar die gure wind loeiend deurjaag. Abel is gou by en keer dat die skape mekaar nie verdring nie. Die voorstes streep al af rivier toe, terwyl die laaste paar nog oor die rotse gehelp word.

Nadat die skape gedrink het, skree Adam met sy hande voor sy mond gebak. “Die wind is gewoonlik stiller daar agter die bosrant. Kom ons neem hulle daarheen vir die res van die dag, dan kry hulle darem iets om te vreet.” Abel knik instemmend.

Met groot gesukkel kry hulle die skape om die rant. Daar is dit werklik baie meer beskut. Die skape sprei ook dadelik uit en begin gulsig vreet.

“Ek vertoef eers so ’n rukkie hier by jou,” sê Adam en gaan sit op ’n klip.

“Pa, die wind het onverwags opgekom. Gewoonlik kan ’n mens tog die vorige aand aan die lug sien dat daar wind gaan wees, maar gisteraand het ek niks opgemerk nie. Hoe lank dink Pa sal die wind so waai ?”

“Dit kan vir dae lank aanhou of dit kan gou ophou. Selfs die koring kan heeltemal verskroei as die wind te lank aanhou.”

Skielik verskyn Kain om die ander punt van die rant. Hulle sien dat hy moeisaam loop. Hy gaan staan toe hy agter die rant kom en die rotse hom ook teen die stormwind beskut. Toe gewaar hy die skape en kyk vinnig rond of hy nie vir Abel sien nie. Hy skrik merkbaar toe hy sy pa ook daar opmerk. Al hinkende kom hy na hulle toe aangestap en sê met ’n gemaakte verligting.

“O, hier is, Pa! Vanoggend toe die wind so waai en ek sien dat Pa nie in die huis is nie, het ek uitgegaan om Pa te soek.”

“Waar het jy my dan gaan soek dat jy nou eers hier aankom?”

“Ek het oral gesoek en toe oor ’n klip gestruik en my enkel verswik. Dit was ’n lang gesukkel om weer hier bo te kom.” Hy kry beswaarlik sy ongemak weggesteek.

Adam glo nie Kain se verskonings nie en vra nie verder uit nie : “Kom wys my wat jy aan jou voet gedoen het.” Kain ruk van pyn toe Adam sy voet effens draai. Die enkel is al dik opgeswel.

“Dit lyk seer,” sê sy pa met deernis. “Ek help jou gou huis toe, dan kan jy ten minste ’n bietjie gaan lê. Dit sal help vir die pyn.” Hy sit ook sommer dadelik sy arm om Kain se lyf en al beurende teen die wind stap hulle terug. Abel bly by die skape agter.

Kain loop en wonder of sy pa hom glo. Die onverwagte wind het sy planne deurmekaar gekrap. As die wind nie so sterk gewaai het nie, sou hy nie oor daardie klip gestruikel het nie. Dit het hom genoodsaak om terug te keer, want dit sal ’n paar dae wees voordat hy weer behoorlik sal kan loop. Hoe sou hy kon jag met so ’n seer voet en ’n mens moet eet en drink om aan die lewe te bly.

Toe Kain ewe gedwee saam met hulle pa by die huis inkom, kyk Lana van haar weefwerk op en rek haar oë so effentjies. O, die wind het hom teruggewaai. Hy wou mos weggliip sonder Abel en sonder ’n offergawe vir beskerming. Sy glimlag vermakerig en loer onderlangs na hom. Dan gaan haar oë na sy geswelde voet.

Kain hink na die waterkruik waar hy lank drink. Daarna gaan strek hy hom op sy karos uit. Miskien kan hy slaap, dan is die pyn nie so lastig nie. Eva kom kniel woordeloos by Kain en smeer sy enkel versigtig in met ’n kruiemengsel wat sy in ’n kleipotjie

hou. Sy kyk nie na hom nie, maar haar aanraking is sag. “Dankie, Ma,” sê Kain toe sy klaar is.

“Is jy nie honger nie ?” Hy knik.

“Lana, neem gou vir Kain iets om te eet, dan hoef hy nie op te staan nie,” sê Eva toe sy die kruiepotjie bêre

Nadat hy geëet het, los hulle hom alleen. Niemand kan buite werk nie, maar elkeen het iets om te doen, selfs Ada word besig gehou. Kain sluimer in en later slaap hy vas totdat Abel van buite af inkom. Kain probeer opstaan, maar om op die voet te trap is so pynlik dat hy maar weer gaan lê. Terwyl hy luister hoe die ander gesels, weet hy dat hulle vroeë het oor waar hy die oggend was. Sy pa en ma vermoed seker dat hy na die tuin wou gaan soek. Hy moet nou aan iets dink om sy ouers weer gerus te stel, so kan hy dalk ook hulle vroeë ontduik. Later die aand kry hy sy kans.

“Pa, is ek nie al oud genoeg om op my eie ’n offer aan die Skepper te bring nie?” Kain se vraag vang Adam heeltemal onkant. Hy gaap sy kind vir ’n paar oomblikke verbaas aan.

“Is dit regtig jou begeerte, Kain?”

“Ja, Pa, ek sal graag my eie altaar wil bou en self iets offer. Wat dink, Pa, mag ek maar?”

“Pa, ek het ook al lankal dieselfde verlange,” sê Abel opgewonde. “Mag ek ook ’n altaar bou en aan die Skepper offer?”

Adam kyk van die een seun na die ander. Hy weet nie waarom dit hom so bly maak nie. Sy kinders wil die Skepper met hulle gawes vereer!

“Dit is goed so, seuns. Wanneer die wind bedaar het, kan julle jul altare gaan bou.”

“Pa, maar hoe bring ’n mens ’n offer? Hoe sal ek weet dat Hy my offergawe aangeneem het?” vra Abel.

“Die Skepper sal dit op Sy eie manier aan jou bekend maak.”

“Dankie, Pa!”

Abel is so opgewonde dat hy die nag nie baie slaap nie. “Skepper, U wat my pa en ma geskape het en vir hulle so goed was, asseblief wil U nie ook met my praat nie? Ek glo dat U in die hemel woon en dat U die Skepper van alles is. My pa het vir my vertel dat U heilig is en dat niks verkeerds in U teenwoordigheid kan kom nie. Daar is so baie in my wat verkeerd is, maar ek verlang om U te sien en U te ken. Sal U nie môre my offer aanneem en my toelaat om nader aan U te kom nie? Ek verlang om U te leer ken, maar ek is net Abel, ’n seun van die

man wat U uit stof gemaak het om U vriend te wees. Ek weet nie eers hoe om met U te praat nie.”

Naby Abel lê Kain ook wakker. Sy gedagtes maal om en om oor die tuin wat hy wil gaan soek. As hy nou 'n offer bring, sal dit sy pa en ma gerusstel en dan sal dit vir hom makliker wees om weg te glip. Maar miskien moet hy die slanggrate uit sy veljurk trek voordat hy gaan offer. Daar sit nou al veertien. Met groot moeite moes hy al 'n paar keer die slanggrate weer uittrek om dit in 'n nuwe jurk vas te steek. Vandat hy daardie eed geneem het, kan hy presies vertel waar hy elke slang doodgemaak het. Elke slang se kop het hy verbrysel sonder dat hy in die hakskeen gepik is. Twee keer is hy so byna-byna gepik, maar hy was net te rats vir die slang.

Kain voel oor die grate. Wat het die Skepper bedoel toe Hy gesê het dat Ma se saad die slang se kop sal verbrysel? As die Skepper net van 'n gewone slang gepraat het, dan was sy eed seker nie verkeerd nie. Maar as die Skepper van 'n ander vyand gepraat het, die een wat uit die hemel verban is, dan was dit 'n baie groot eed wat hy geneem het. Het hy die krag in homself om 'n vyand wat hy nie kan sien nie, teë te staan? Hy vroetel aan die grate, maar toe besluit hy om dit tog te los.

'n Eed is 'n eed, besluit Kain. Buitendien, wie sê dat die Skepper nog leef en miskien het die vyand ook al lankal sy krag verloor. Hoe het die vyand gelyk? Dit is tog vreemd dat hy net eenkeer met Ma gepraat het en toe heeltemal van die toneel verdwyn het. Wel, die Skepper het ook verdwyn! Pa sê dat Hy daar is en deur Sy krag die hele Skepping onderhou. Maar wie sê Pa is reg? Die altaarstorie en die offergawe, dit moet hy nou maar doen. Hy het nou sy kop daarin gesteek, nou moet hy deurdruk. Net soos Abel is, aap 'n mens altyd na. Dié sal natuurlik 'n skaap offer, want Pa doen dit, maar hy sal sy beste koring en groente as offer bring. Daar is geen rede waarom die Skepper dit nie sal aanneem nie. Dit is nou te sê as die Skepper nog daar is.

Die volgende môre bly die seuns laat lê, want toe hulle wakker word hoor hulle hoe verwoed die stormwind nog steeds brul en ruk. Abel is baie teleurgesteld, maar hy troos hom daaraan dat die wind weer moet ophou en dan sal daar 'n geleentheid wees om sy eie offergawe aan die Skepper te bring. In sy gedagtes beplan hy al watter een van die lammers hy sal offer. Kain dink ook dat dit 'n goeie ding is dat hy reeds 'n gerf koring afgesny het om vir sy Pa te kom wys, want daar op die land sal seker min oorbly nadat die wind daarmee klaar is. Gelukkig is die groente baie beskut en ook goed natgemaak.

Sy enkel is nie meer so pynlik nie wanneer hy vir die huis komkommers gaan haal, dan kan hy iets moois uitsoek. Hy is eintlik vies vir homself dat hy oor die offer gepraat het, maar as dit hom iets in die sak gaan bring, sal dit die moeite werd wees.

## 5

**D**rie dae gaan verby. Die wind tier en ruk en brul om die huis en deur die vlei. Die vierde dag word Abel vroeg wakker en hoor dat dit buite doodstil is. Vinnig spring hy op en loer uit. Ja, die wind het gaan lê. Nie 'n blaartjie beweeg nie! Hy loop na sy broer wat nog slaap en skud hom so liggies aan die skouer: “Kain, word wakker. Die wind het gaan lê.”

Kain sit regop en gaap lui.

“Kom ons gaan bou gou die altare voordat ek die skape moet uitlei.”

Kain gaap weer: “Goed ek kom.”

Adam is al reeds buite toe sy twee seuns uitkom.

“Môre,” groet hy “dit is 'n verligting dat die wind uiteindelik opgehou waai het.”

“Môre, Pa,” groet Abel met 'n breë glimlag, “kan ons sommer nou die altare bou en die offers bring ?” vra hy opgewonde.

Adam wonder vir 'n oomblik of die seuns nie die offergawes vir die rusdag moet hou nie, maar toe besluit hy om nie hulle geesdrif te demp nie en sê ingenome: “Ja, waar het julle gedink om dit te bou, dan help ek julle.” Toe hy hulle besluiteloosheid opmerk, stel hy voor: “Hier by die ander altaar? Daar is genoeg klippe teen die rant.”

“Ons maak so, Pa,” sê Kain ewe inskiklik. Die drie werk vinnig saam en rig twee altare op.

“Goed, seuns, die altare is reg, nou los ek julle alleen. Julle offers is 'n saak tussen julle en die Skepper. Onthou, nader Hom met die wete dat Hy daar is en julle sien.”

Abel kyk sy pa agterna, dit sou vir hom 'n vreugde wees as sy pa by was, maar hy verstaan wat sy pa sê: Dit is 'n saak tussen hom en die Skepper. Geesdriftig klim hy na die kraalgrot toe en vang daardie mooi, vet lam wat hy besluit het om te offer. Toe hy uitasem terugkom, sien hy dat Kain se armvol groente en 'n gerf koring langs die altaar lê.

Die twee broers pak hulle vure aan. Abel slag behendig sy lam en net gou styg 'n heerlike geur van sy altaar af op. Hy kniel soos hy sy pa sien doen het en buig voor die Skepper van hemel en aarde.

Toe gebeur dit! “Abel, jou offergawe geval My, Ek is tevrede met jou, die gesindheid van jou hart behaag My.” Die Skepper het met hom gepraat ! Hy weet nie hoe nie, maar hy het Sy stem gehoor. Lank kniel hy nog so voor die altaar. Sy hart loop oor van vreugde, want die Skepper het na hom toe gekom en hom geseën!

Eindelik staan hy op en sien dat die meeste van die vleis heeltmal verkool het. Hy kyk na Kain se altaar. Die vuur het al uitgebrand en Kain staan daar eenkant met sy kop wat vooroor hang.

“Kain, het jy ook die Skepper se stem gehoor? Was Hy tevrede met jou offergawe?” vra Abel opgewonde.

Sy broer antwoord nie en Abel besef skielik dat die Skepper nie Kain se offer aangeneem het nie daarom lyk hy so terneergedruk. Skielik weet hy nie hoe om die situasie te hanteer nie en vind dat die maklikste uitweg is om maar na die skape toe te verdwyn. Hoe aangenaam sal dit nie wees om openlik na sy pa toe te hardloop om hom die wonderlike nuus te vertel nie, maar dan sien Kain dalk sy vreugde en neem weer aanstoot.

Adam het egter vanuit ’n skuilplek alles waargeneem. Abel se vreugde en Kain wat so platgeslaan met ’n hangkop daar eenkant staan, het geen verduideliking

nodig nie, Adam kan sy eie afleidings maak. Die Skepper het getoon dat Hy die hart van die mens sien. Mag Kain tog hierdie les nooit vergeet nie, dink Adam toe hy sien dat sy oudste seun in die rigting van die grotkraal wegstap. Miskien gaan hy daar wegkruip tot die ergste skaamgevoel weg is.

Dit is presies wat Kain doen. Abel is reeds weg met die skape en sal eers met sonsondergang terugkom. Hy kan ongehinderd hier in die grot sy wonde sit en lek. Die woede kook in hom. Dit is al weer Abel wat voorgetrek is. Abel se offer is aangeneem, maar nie syne nie. Hy werk eintlik harder as Abel om brood vir die familie te verskaf en die Skepper wil nie sy koring hê nie. Abel sit net die hele dag onder 'n koelteboom en hou die skape dop, maar hy moet swoeg en sweet in die warm son. Hy bal sy vuiste.

“Kain!” Die stem vul die hele grot. “Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk? Wag daar nie vir jou blydschap as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie, wag die sonde vir jou daarbuite in. Hy wil jou in sy mag kry, maar jy moet oor hom heers.” Kain spring verskrik op en draai in die rondte op soek na die Een wat praat. Die stem word stil, maar Kain ervaar dat die woorde nog in die grot bly hang. Hy staan nog lank en rondkyk, wagtend dat die stem weer moet

praat. Die skok vloei stadig uit hom weg en woede styg weer na die oppervlakte.

”So, dan is die Skepper wel daar en Hy kan regtig met ’n mens praat,” sê Kain hardop vir homself. ”Sy stem het ek nou met my eie ore gehoor. As Hy dan sien dat ek kwaad en bedruk is, waarom doen Hy dan nie iets daaraan nie ? Hy kan dan mos ook sien dat ek nie verstaan waarom Hy nie my offer aangeneem het nie. Hoekom net Abel s’n?”

Kain gaan weer sit toe hy besef dat die Skepper nie verder praat nie. Oor die waarskuwing is hy glad nie gepla nie. Wat is hierdie sonde waaroor hy moet heers? Dit lyk of die Skepper nie eers raaksien dat hy ook goed doen nie ! Natuurlik word net Abel se doen en late opgemerk en almal klap daaroor hande. Niemand gee om oor wat hy voel en wat hy dink nie. Wat vir hom saak maak, is dat Abel voorgetrek word en dit is onregverdig !

Ure lank sit hy daar en broei oor sy afwysing. Sy gedagtes teenoor Abel word al hoe meer wraaksugtig. “Hy moet doodgemaak word, uit my lewe weggevee word. As hy nie meer daar is nie, sal ek rus vir my gemoed hê.”

Net soos sy ma daardie dag in die tuin, maak Kain ook ’n keuse. Doelbewus sluit hy sy ore vir die

Skepper se waarskuwing en in sy hart neem hy 'n eed.

“Abel, soos ek die veertien slange doodgeslaan het, so gaan ek ook vir jou doodslaan.” Toe staan hy op en stap vol argwaan terug huis toe. Hy praat nie 'n woord oor wat die oggend gebeur het nie. Niemand vra hom ook uit nie, nie eers Lana nie. Hy merk op dat sy pa nie by die huis is nie. Hy is natuurlik weer by Abel, dink Kain wrewelrig, en hulle sit en praat nou oor die Skepper wat Abel se offer aangeneem het.

Kain was reg, Adam is by Abel. Toe Kain in die grot verdwyn het, het hy afgestap na die vallei waar die skape wei. Van ver af hoor hy die seun se helder tenoorstem en dit is vir Adam so mooi dat hy eers stop en daarna luister. Tot sy verbasing hoor hy dat dit die lied is wat Eva die vorige aand gesing het. Waar het die kind dit geleer?

Een van die ooie verdwyn om die punt van die rant en Abel staan op om haar na die weiplek toe terug te keer. Hy sien sy pa aankom en wuif vrolik.

“Ek is bly om Pa te sien. Die skape is so honger dat hulle nie kan ophou vreet nie. Ek wonder of die wind hulle herkoutjie weggewaai het.” Adam lag vir sy seun se opmerking en gaan sit in die skadu van 'n

bos. Abel kom terug en vlei hom ook in die koelte neer.

Adam kyk na sy seun. Hy is nie so groot en sterk soos Kain gebou nie, maar sy lenige liggaam is al taai genoeg om 'n man se werk te doen. Hy het sy ma se groot oë en skraal hande.

“Wat het toe vanoggend gebeur? Jy het my nie kom vertel nie,” vra Adam.

“Pa, die Skepper het met my gepraat! Hy het my offer aangeneem. Ek het nie woorde om te beskryf wat in my hart omgegaan het nie. Nou weet ek waarom Pa elke rusdag 'n offer bring. Die Skepper neem dit aan en Pa weet dit, nê Pa?”

“Die Skepper is ons genadig, my kind en ek is dankbaar dat jy ook sy stem gehoor het.”

“Pa, ek verlang om die Skepper te ken. Bedags en selfs in die nag dink ek aan Hom en aan alles wat Pa en Ma ons vertel het. Soms praat ek ook met Hom en vertel Hom wat in my binneste omgaan.”

Adam is heeltemal bewoë en hy antwoord nie. Toe staan hy op en laat sy hand 'n oomblik op die seun se kop rus. Sonder 'n verdere woord, stap hy weg. Abel se oë volg hom en toe onthou hy eers dat hy nog vir sy pa wou vra waarom die Skepper dan nie

Kain se offer aangeneem het nie. Sal Kain nie nou vir hom kwaad wees nie?

Die aand om die vuur word daar nie eintlik gepraat nie, want almal is met hulle eie gedagtes besig. Die naggeluide klink helder en die skape blêr onrustig.

“Pa, ek wonder of daar ’n roofdier rondloop. Luister net na die skape,” sê Abel bekommerd.

“Kom ons gaan kyk,” antwoord Adam dadelik en vat ’n fakkel wat hy by die vuur aansteek. Die drie mans stap saam weg. Na ’n klein entjie steek Kain vas. Hy besef skielik dat hy nie na die skaapgrot toe wil gaan nie, netnou praat die Skepper weer daar met hom en dan hoor sy pa en Abel dit ook. Hy kyk terug en sien dat hulle nie te ver van die vuur af is nie, hy kan met veiligheid sonder ’n fakkel terugstap.

”Pa, ek dink dit is beter as ek liever omdraai, dan is daar darem ’n man by die huis as die leeus daarheen kom,” sê Kain en wag ook nie eers vir ’n antwoord nie.” Toe Adam omkyk, het Kain alreeds in die donker verdwyn.

Lana se oë volg die fakkellig soos die mans wegstap en toe sy haar kop draai om in die ander rigting te kyk, sien sy twee oë naby hulle vuur.

“Ma, ek dink die roofdier is hier by ons. Kyk!”

Eva skuif nader aan die vuur en gooi nog droë takke op. Die vlamme skiet hoër op en maak die ligkring wyer. Toe sit sy haar hande voor haar mond en roep hard: “Die roofdier is hier naby ons!” Hulle hoor ’n sagte grom geluid. Al brand die vuur so hoog, gaan die oë nie weg nie. Lana voel hoedat die koue rillings deur haar trek. Dit is grillerig om te weet dat die dier haar kan sien, maar sy kan hom nie sien nie.

“Ma, daar is nou drie pare oë,” sê Ada benoud. “Wat van Pa-hulle wat weer moet terugkom?”

“Kinders, kom ons sit nog stompe op die vuur, dan gaan ons liever in die huis in. Daar sal ons veiliger wees.” Sy ruk haar asem in toe Kain skielik langs haar praat : “Kyk hoe laat jy my skrik!”

”Jammer, Ma. Pa en Abel sal seker die hele nag by die skape bly, maar ek het gewonder of Ma en die meisiekinders nie dalk te onrustig sal wees om te slaap nie, daarom het ek maar teruggekome.”

Ada ontspan merkbaar en gaan styf teen haar broer staan. Hy sal weet wat om te doen as die leeus nog nader kom. Lana is ook bly dat Kain daar is, maar sy wonder waarom sy stem so stroperig klink. Van wanneer af is hy oor ander mense bekommerd ?

Toe sy ma en susters die huis ingaan, sug hy en ontspan. Hy sien die groot katte se oë, maar hulle sal

nie nader kom nie. Vanaand is hulle sy vriende. Hy was benoud dat iemand hom oor die oggend se gebeure sou uitvra indien hulle nog langer om die vuur gesit het. Nou het die leeus se verskyning egter alle gedagtes oor die oggend verdryf. Na 'n ruk verdwyn die oë en hulle kom nie weer terug nie. Die skape se onrustige geblêr het ook stil geword. Die roofdiere het dus ander jagvelde gaan soek. Kain wonder waarom Lana nie by hom kom sit nie, maar aan die anderkant is hy ook dankbaar. Haar vrae kan dalk die wêreld vir hom ongemaklik maak. Later staan hy op, rek homself lank uit en trek toe nog stompe nader. Hy pak eers genoeg op die vuur voordat hy ingaan. Die slaap wil maar nie kom nie en hy kry nie sy lê nie. Die stem wat vanoggend met hom gepraat het, klink weer in sy ore.

“Die sonde wag jou daarbuite in en hy wil jou in sy mag kry, maar jy moet oor hom heers.”

Die enigste manier waarop hy die stem uit sy gedagtes kan weer, is om sy wrok teen Abel oor hom te laat spoel. Dit maak sy hart warm. Sy broer is mos almal se gunsteling, maar hy sal nie meer lank hier wees nie. Kain raak eindelijk aan die slaap, maar hy is so onrustig dat Lana begin wonder of sy hom nie moet wakker maak nie. Sy het ook vanoggend gestaan en kyk toe die twee broers hulle offers

gebring het. Sy kry Kain jammer. Hy was so bedruk en Abel so vrolik en gelukkig. Dit is seker die rede waarom hy in sy slaap rondrol en mompel. Sy weet nie wat sy vir hom sal sê as sy hom wakker skud nie en in haar besluiteloosheid oorval die slaap egter ook vir haar.

## 6

**S** oos altyd gaan die nag verby en die nuwe dag breek weer aan. Abel en Adam kom al geselsende van die kraal af aangestap. Hulle lyk vars en uitgerus. Kain kyk nors na hulle toe altwee vriendelik groet. Toe ruk hy hom reg en vra beleefd of die leeus ook daar by die grot kom draai het.

“Ons het hulle nie gesien nie, maar die skape was baie onrustig, dus was hulle seker maar daar naby,” sê Adam rustig.

’n Duiwelse plan skiet Kain te binne en opgewonde vra hy:

“Abel, wil jy nie saam met my stap nie, dan gaan kyk ons hoeveel leeus verlede nag hier rondgedwaal het. ’n Mens sal die spore daar onder in die vlei beter kan sien as hier teen die klipperige rant.”

“Ja goed, ek sal saamgaan,” stem Abel dadelik in. Miskien help dit vir Kain om oor sy teleurstelling van gister te kom, dink hy.

Kain tel 'n groot houtknuppel op en met 'n geforseerde laggie sê hy: "Dit is nou vir ingeval ons die leeus van aangesig tot aangesig ontmoet."

Eva kyk die twee seuns agterna en wonder waarom sy so onrustig voel. "Wees tog versigtig, kinders!" roep sy hard agterna. Abel draai om en wuif vir haar voordat hy agter die rotse verdwyn. Sy breë, vrolike glimlag maak dat die gesin wat agter bly na mekaar kyk en ook glimlag.

Onder in die vlei vind Kain en Abel maklik die leeusspore en versigtig volg hulle dit. Kain kyk gedurig om hom rond. Hy soek 'n plek waar hulle nie meer van die huis af sigbaar sal wees nie. Hulle het al ver gestap en Abel wil net begin praat van omdraai, toe Kain skielik opgewonde uitroep: "Kyk net na al die spore! Hoeveel leeus dink jy was hier, Abel?"

Abel buk vooroor en begin ywerig die spore tel. Kain lig albei sy arms hoog op en bring die knuppel af met 'n geweldige krag. Dit tref Abel teen sy agterkop. Hy val vooroor en roer nie weer nie. Net een moorddadige hou was genoeg om sy lewe uit te blus. Kain staan vir 'n oomblik roerloos en kyk na sy broer. Sal hy sy kop ook papslaan soos hy met die slange gemaak het, dink hy, maar sy haat vloei skielik weg en dit dring tot hom deur wat hy gedoen het. Hy het sy eie broer doodgeslaan!

Verwilderd begin hy hardloop. Waarheen? Hy kan nie huis toe gaan nie. Wat sal hy vir sy ouers sê? Hy moet vlug, weg van almal wat hom ken. Sonder om te dink, hardloop hy na die sonskuiling wat hy daar by die tuin gebou het. Lana het groente gaan haal en kyk op toe sy Kain met so 'n spoed sien aankom. Sy word yskoud van die skrik toe hy hygend by haar stop en sy die uitdrukking op sy gesig sien.

“Kain, wat het jy gedoen?” vra sy dringend.

“Ek het nou net vir Abel doodgeslaan,” sê hy skor.

Sy gryp hom voor sy bors vas: “Nee! Dis verskriklik! Wat gaan jy vir Pa sê?”

“Ek gaan nie weer terug na Pa toe nie. Ek gaan weg! Vir altyd en altyd. Hulle sal my nooit weer sien nie!” sê Kain driftig. Hy begin ook sommer hardloop.

“Kain, wag vir my. Ek gaan saam met jou!” roep Lana uit en sy hardloop agter hom aan.

Hy stop en draai om: “Gaan jy saam met my?” vra hy verbaas.

“Ja, maar kom ons gaan kyk of Abel regtig dood is.”

“Nee, ek gaan nie weer terug nie. Hy is dood. Ek het hom met een hou doodgeslaan.”

Toe hardloop hulle weg, verder en verder van die moordtoneel af. Dit klink vir Kain of die kranse die woorde van die Skepper uitskree. Eggo's agtervolg en koggel hom.

“Die sonde wag vir jou! Wag vir jou! Vir jou!”

Kain hardloop vinniger. Hy moet wegkom!

“Hy wil jou in sy mag kry! In sy mag kry! Mag kry!”

Kain hardloop nog vinniger. As hy net van die kranse en klowe kan wegkom!

“Jy moet oor hom heers! Heers! Heers!”

Ver agter hom roep Lana smekend: “Kain, ek kan nie meer. Kom ons rus eers ’n bietjie. Ons is al so ver weg, Pa sal ons nooit kan inhaal nie.” Sy is so moeg dat sy sommer onder ’n bos inkruip en daar in die skadu lê en hyg. Kain hurk in die koelte van ’n rots. Hy wil weer voortgaan, maar Lana is te uitgeput en dors. Hy draai sy kop skuins. Verbeel hy hom of hoor hy water loop? Dit is ’n gebied wat hy nie goed ken nie. Hy staan op en loop op die geluid af. ’n Entjie verder vind hy ’n stroompie met helder water. Hy drink en drink en gooi sommer van die koue water oor sy kop en gesig. Toe hy regop kom om Lana te gaan haal, praat die stem van gister weer met hom:

“Kain, waar is jou broer?”

“Hoe moet ek weet,” antwoord hy astant. “Is ek dan my broer se oppasser!”

“Kain, wat het jy gedoen? Die bloed van jou broer roep van die aarde af na My. Vervloek is jy dan nou, verban van die grond af wat gretig die bloed van jou broer uit jou hand opgeslurp het. Wanneer jy die grond bewerk het, sal dit nie sy opbrengs vir jou gee nie. Jy sal ’n doellose swerwer op aarde word!”

Kain begin bewe. Die besef dring tot hom deur dat die Skepper werklik leef en dat Hy alles gesien het. Daar in die grot toe die Skepper hom gewaarsku het, het hy dit nie ernstig opgeneem nie, maar nou wéét Hy dat die Skepper van hemel en aarde alles weet en Hy het nou net gesê: “Vervloek is jy!” Hy hoor weer sy pa se woorde:

“As God iets vervloek dan kom alles wat verkeerd is, alles wat moeilik en swaar is daarop af, rampe, ellende, boosheid en donkerte.”

“Nou is ek ’n vervloekte soos die slang en die aarde. So vervloek is ek dat selfs die vervloekte aarde nie meer vir my koring en kos gaan gee nie! Ek is die eerste mens wat bloed aan my hande het, die eerste mens wat deur die Skepper vervloek word. Pa en Ma het verkeerd gedoen, maar hulle is nie vervloek nie, net gestraf!”

Toe skree hy uit so hard soos hy kan.

“Nee, nee! My straf is te swaar om te dra! U verdryf my nou van my grond af en tot U het ek nie meer toegang nie. Ek sal ’n doellose swerwer op aarde wees, en wie my raakloop, sal my vermoor!”

Lana hoor vir Kain skreeu. Sy kruip onder die bos uit en hardloop in die rigting van sy stem. Verbaas sien sy dat hy op sy knieë sit, sy rug is na haar toe gedraai, maar sy gesig is opgehef na die hemel. Hy is nou stil en dit lyk of hy luister. Sy kan niks hoor nie. Wie praat met hom? Sy staan vreesbevange en kyk.

“Niemand wat jou sien sal jou vermoor nie, want Ek plaas ’n teken op jou.”

Kain staan van sy knieë af op. Lana onderdruk ’n gil toe hy sy gesig na haar draai. Geskok staan sy na hom en kyk. Wat het met sy gesig gebeur?

“Wat kyk jy so na my?” vra Kain vererg. Hy wag nie op ’n antwoord nie. Met ’n bitter lag sê hy: “Jy moet liever teruggaan huis toe. Ek is nou ’n vervloekte. ’n Doellose swerwer op hierdie aarde. Dit sal nie eers help om die land te bewerk en te saai nie, want die Skepper het die aarde beveel om nie meer vir my kos te gee nie. Hy het my vervloek soos hy die slang vervloek het.”

Kain gaan sit weer en begin die slanggrate uit sy veljurk ruk.

“Nou is ek verlos van die eed wat ek geneem het om jou kop te verbrysel, ou slang. Jy is vervloek en ek is vervloek. Dit maak ons nou vriende en nie meer vyande nie!”

Hy gooi sy kop agteroor en lag weer soos een wat sy sinne verloor het. Lana staar in verbystering na hom. Vir die eerste keer ervaar sy vrees in haar hart vir die broer van haar. Hy lag soos daardie aand toe hy die slang in Abel se bed gesit het, dink sy. Soos die hiëna se waansinnige gelag die aand toe hy die eed geneem het. Kyk, hoe lyk sy gesig. Het die Skepper die vloek in hom ingegraveer?

“Jy staan nog altyd en staar na my. Wat sien jy ? Gaan huis toe! Ek gaan nou weg. Weg van die Skepper af en weg van ons ouers af, vir altyd en altyd.”

Lana sien die argwaan en die rebelsheid in Kain se oë. Waarom trek dit haar so aan? Sy hou daarvan.

“Ek gaan nie bly met die kennis dat jy vir Abel doodgeslaan het nie. Ek wil nie by wees as Pa en Ma dit moet uitvind nie. Ek gaan liever saam met jou. Buitendien dink ek meer soos jy as soos Pa en Ma,” sê sy beslis.

“Nou kom dan, my ou stil sussie wat baie dink en min praat,” sê Kain spottend. “Ons moet verder gaan. Weg van hierdie plek waar daar aan die Skepper geoffer word en oor Hom gepraat word. Ver weg!”

Hy vat haar hand en saam hardloop die twee 'n doellose toekoms tegemoet.

## 7

**D**ie son sit reeds reg bokant die huis, maar die seuns het nog nie teruggekom nie. Eva weet nie waarom sy so onrustig bly nie. Sy het seker nou al tien keer gaan kyk of hulle nog nie aankom nie. Lana is ook nie terug van die groentetuin nie. Sy sou net gou komkommers vir die huis gaan haal het. Waar bly sy dan so lank?

Eva loop weer na buite en kyk oor die vlei. Adam het die skape gaan water gee en nou wei hulle rustig. Met haar oë soek sy oor die vlei, maar sy bekende figuur is ook nêrens sigbaar nie. Miskien het hy gaan kyk of hy nie die seuns vind nie.

“Ada! Ada!” roep sy hard. Die dogtertjie kom aangehardloop en kyk haar vraend aan.

“Gaan roep gou vir Lana daar onder in die tuin. Sê vir haar sy moet dadelik kom. Sy is al ure lank weg.”

Ada knik haar kop, maar antwoord niks.

“Wat het jy in jou mond, Ada,” vra Eva voordat die kleintjie omdraai. Ada antwoord nie, sy kyk net na haar ma.

“Maak oop jou mond.”

Ada gehoorsaam stadig. Vyf ronde klippies lê opgebondel in haar mond.

“Spoeg uit, Ada. Jy kan nie met die klomp klippies in jou mond hardloop nie, jy sal verstik!”

Ada spoeg dit in haar hand uit. “Ma, dis Lana se spesiale klippies. Ek wou dit net wegsteek sodat sy dit nie kry as sy terugkom nie.”

Eva lag en skud haar kop toe Ada wegdraf. “Kinders!”

Sy loop na die breiklip. Net om iets te doen, begin sy die klip draai en draai sodat die rieme dit hoër en hoër trek. Sy los die klip en dit swaai weer om en om, laer en laer, totdat dit stil hang. Die rieme is al sag genoeg, dink Eva toe sy daaraan voel.

“Ma!” Dit is Ada wat uitasem terugkom. “Lana is nie daar nie. Net dié paar komkommers het in die sonskuiling gelê, en sy antwoord ook nie as ek roep nie.”

Eva loop weer onrustig tot daar waar sy oor die vlei

kan kyk. Die skape wei rustig, maar sy sien geen mens nie. Haar blik gaan verder ooswaarts en daar sien sy 'n paar voëls wat in die lug draai en draai.

“Dit is mos aasvoëls,” sê sy by haarself. “So die leeus het verlede nag iets gevang. Ek hoop tog nie die seuns het tot daar geloop nie.”

“Wat sê, Ma?” Ada het haar gevolg..

Sy antwoord nie. Sou Lana agter die seuns aangeloop het? 'n Mens kan ook nie die stil kind maklik peil nie. Haar oë sien alles en haar ore hoor alles, maar sy praat nie oor wat sy dink nie. Sy kon mos maar gevra het as sy wou saamgaan. Waar is Adam? Die skape loop van die weiplek af weg en niemand keer hulle terug nie.

“Ada, kom ek en jy stap af na die skape toe, dan help ons vir Pa daar tot Abel terugkom.” Sy vat haar dogtertjie aan die hand en hulle twee volg die voetpaadjie teen die rant af. Ada is stil. Gewoonlik babbel sy sonder ophou. Sy is bang vir die leeus, maar sy wil nie vir haar ma sê nie. Hulle stap deur die vlei om by die skape te kom. Met Ada se hulp keer sy hulle weer aan sodat hulle almal onder haar oog wei.

“Ons twee kan vandag skaapwagters speel, Ada,” sê sy met ’n glimlag, maar haar onrus kan sy nie wegsteek nie.

Adam het die skape na die weiveld uitgelei kort nadat Abel en Kain weg is. Die ure het verbygegaan en hy het ook onrustig begin word. Omdat hy nie sy besorgdheid vir Eva wou wys nie, het hy haar nie geroep nie, maar sommer die skape so alleen gelos en die seuns en die leeus se spore gevolg. Hy het ook die aasvoëls opgemerk en gesien dat die spore in dieselfde rigting lê.

“Ek hoop tog net nie die seuns het in die leeus vasgeloop nie”, sê Adam vir homself. “Dit is duidelik aan die aasvoëls dat daar ’n dooie karkas lê en gewoonlik is die leeus nie ver van hulle prooi af nie. Kain en Abel moes al lankal terug gewees het, want dit is nie só ver waar die aasvoëls draai nie.” Adam loop vinnig en nie lank nie, toe hoor hy die gekras van die aasvoëls.

“Nou moet ek versigtig stap. Die plek waar die ding dood lê, is net agter daardie rotse. Ek wonder darem waar die seuns is. Hulle voetspore lê om hierdie groot rotse. Kyk, hier is voetspore wat weer teruggaan. Dit is Kain s’n en hy het gehardloop, maar waarom net hy. Waar is Abel ?”

Besorg sluip Adam tot styf teen die rots en loer versigtig om. Sy liggaam ruk inmekaar van skrik. Versteend staan hy in stomme verdwasing en neem in een oogopslag die hele toneel voor hom in. Abel lê leweloos op die grond. Hy het vooroor op sy gesig geval en op sy agterkop gaap 'n yslike wond. Bloed het 'n groot vlek om sy kop gemaak en in die aarde weggesink. Dit vloei nie meer nie, dit is al hard om die wond gekoek. Langs hom lê die groot knuppel wat Kain die oggend so laggend opgetel het. Die aasvoëls het nog nie kom sit nie, maar hulle draai baie laag oor die lyk.

Met diepe ontsetting besef Adam dat dit nie die werk van 'n leeu was nie. Dit was Kain. Kain het vir Abel doodgeslaan. 'n Rou kreet skeur uit sy bors: "Abel, my seun!" Hy strompel vorentoe. By Abel val hy op sy knieë neer en druk sy gesig teen die seun se lyf vas. Sy hele liggaam ruk van die snikke. Sy kind se liggaam het al koud geword. Adam huil soos een wat nie weer getroos kan word nie. Hy is verslae en gebroke. Die kind wat die naaste aan hom was, lê hier koud en dood. Na 'n baie lang tyd bedaar hy en daar waar hy nog so op sy knieë by Abel sit, kyk hy op na die hemel. Met 'n skor stem wat uit 'n stukkende hart kom, pleit hy soos nog nooit tevore in sy lewe nie:

“My Skepper, wees my genadig dat ek ook hierdie smart kan dra. Dit is my ongehoorsaamheid aan U wat maak dat ek vandag hierdie bittere vrug moet pluk. Op een slag verloor ek twee seuns. Kain, my eersgeborene, hy sal nie weer huis toe kom nie, want hy het bloed aan sy hande. Abel, my lieftingskind, vermoor deur sy eie broer.”

Adam weet nie hoe lank hy daar gesit het nie. Eindelik staan hy moeisaam op en skuif Abel se lyk oor sy skouer. Die knuppel los hy net daar waar dit geval het. Langsaam loop hy op sy spore terug. Die skok dryf hom voort, want sy liggaam voel heeltemal kragteloos onder die dooie gewig van die seun. Sy gedagtes is verstok. Hy weet net hy moet by die huis kom met sy Abel wat nie meer Abel is nie.

Toe die son aanskuif en die middag skadu's lank word, weet Eva sonder twyfel dat daar iets verkeerd is. Die aasvoëls draai nie meer in die lug nie, maar die onrus in haar wil haar verwurg.

“Ada, help my dan jaag ons die skape weer terug grot toe. Nou-nou is dit aand en dan wil ek by die huis wees. Ons sal hulle maar moet aanjaag, want hulle sal ons nie volg nie.”

“Mamma, ek kan net soos Abel fluit. Ek het al baie

saam met hom gestap, miskien volg hulle my,” sê Ada ewe hoopvol.

“Nou toe, probeer dan.”

Ada gee 'n fluit maar die skape lê rustig vir haar en kyk. Hulle roer nie eers hulle ore nie. Ada probeer weer. Toe kyk sy na haar ma en trek haar skouers op:

“Ons sal hulle maar moet aanjaag, Ma.”

Met moeite kry hulle die skape in die grot. Eva kom weer uit en leun terug teen die rotswand om asem te skep. Haar oë val op Adam wat in die voetpad aangestrompel kom. Dit is mos Abel wat daar oor sy skouer hang. Geskok sien sy dadelik die gapende wond aan Abel se agterkop waar die bloed al droog geword het.

Skielik gil Ada beangs: “Pa! Pa! Wat het met Abel gebeur!” en sy storm vorentoe. Adam ruk tot stilstand. Hy wieg op sy bene van moegheid. Pleitend kyk hy na Eva:

“Kom help my.”

Sy stem is skor en droog. Eva loop woordeloos tot by hom en help hom om Abel neer te lê. Sy sien dat hy dood is, sy voel sy koue liggaam onder haar hande. Hulle lê Abel net daar langs die voetpaadjie neer.

Uitgeput gaan Adam op die naaste klip sit met sy gesig in sy hande.

Ada staan doodstil, haar gesig is spierwit en haar oë wyd oopgesper. “Is hy dood, Pa? Het die leeus hom gevang?” vra sy in ’n fluisterstem.

Adam kyk op en die smart in sy oë is vir Eva te veel. Sy steek haar hand uit en raak aan sy wang.

“Ada, gaan haal vir jou pa water om te drink.”

Toe Ada weg is, sit Adam sy hand op haar arm en wurg die woorde oor sy droë lippe:

“Eva, Kain het vir Abel doodgeslaan.”

Eva se bene swik onder haar en sy val op haar knieë voor hom neer. Verdwaas kyk sy in sy gesig op: “Kain het vir Abel doodgeslaan?” herhaal sy weer die woorde in totale ongeloof.

Hy knik instemmend en sê weer:

“Ja, Eva, Kain het vir Abel doodgeslaan.”

Die skok is vir Eva te groot. Dit is net of haar brein dit nie kan registreer nie. Sy sit net vir haar man en kyk. Nadat hy water gedrink het, vat hy Ada se hand en trek haar teen hom aan. Die ou dogtertjie druk haar gesig snikkend teen sy skouer vas. Met sy ander hand vryf hy oor haar hare:

“Ada, Abel is dood. Jy moet vir Pa en Ma help om hom by die huis te kry. Gaan roep gou vir Lana, maar moenie vir haar van Abel sê nie.”

“Pa, Lana is nie hier nie. Sy is al die hele dag weg. Ons kry haar nêrens nie”, sê sy deur haar snikke. Adam kyk vir Eva. Sou Lana dan saam met Kain gegaan het, wonder hy. Hy stoot die gedagte weg en staan op.

“Kom ons dra hom tot by die huis.”

Hy tel Abel se lyk aan die skouers op en Eva vat die bene. Ada probeer help en hou Abel se voete vas. Die huis lyk so ver, maar hulle bereik dit tog. Adam loop na die altaar waar Abel die vorige oggend vir die Skepper sy offer gebring het en daar lê hulle hul seun neer.

“Wat gaan ons met sy liggaam maak, Adam,” vra Eva verwese.

“Ek dink ons moet hom maar in die aarde weglê, Eva. Het die Skepper dan nie gesê nie ... ’werk totdat jy na die aarde toe terugkeer. Stof is jy en jy sal weer stof word.”

“Ja, Hy het so gesê. Dan moet ons ’n gat grawe, maar die grond is hier te hard en klipperig.”

“Tog sal dit beter wees as ons hom vanaand wegbêre. Die son was warm en die nag is lank.”

“Wat van daar onder by die groentetuin, die grond is daar sagter en dieper,” stel sy voor.

“Dan moet ons dit dadelik doen, want die son gaan al onder.”

Dit is donker toe die gat uiteindelik klaar is. Hulle lê vir Abel daarin weg en maak die gat weer deeglik toe. Adam is nog nie tevrede nie. Hy dra ’n paar klippe af en pak dit ook nog op die graf. Stil stap hulle terug huis toe. Daar is dit donker en geen vuur brand in die kookskerm nie. Alles lyk dood en leeg.

Adam raak besig met vuurmaak. Ada is so moeg dat haar ma haar reguit bed toe neem. Eva kom weer uit en gaan langs Adam sit. Nie een van hulle twee dink aan eet nie. Daar is geen maan nie en selfs die sterre is agter wolke weggesteek. Nou is dit net hulle en die vuur ... en hulle smart.

Eva se trane kom stil en drup op haar hande. Sy skuif styf teen Adam vas en soek by hom vertroosting.

“Adam,” die pyn maak haar stem laag en dik, “dit moes vir jou baie erg gewees het toe jy op hom afgekom het. Het hy baie gely of was hy dadelik dood?”

“Hy was dadelik dood.”

Eva hoor dat sy liever nie nou meer moet vra nie. Dit is te rou.

“Wat van Lana? Het sy agter hulle aangeloop en toe verdwaal? Waar sal sy vannag slaap? Moet ons haar nie gaan soek nie ?”

“In die donker sal ons tog niks kan uitrig nie. Sy is al groot, sy weet hoe om na haarself om te sien. Jy moet jou nie bekommer nie, Eva”, probeer Adam haar gerusstel. Hy vermoed egter dat Lana saam met Kain weg is. Daardie een paar hardloopspore het na die vlei toe teruggewys. Moontlik het Kain eers na die skuiling by die groenteland gehardloop en vir Lana daar gekry. Hy sal môre hulle spore vind indien die wind nie vannag te veel waai nie.

“As die Skepper nou hier by ons was sou ek vir Hom iets wou vra, ” onderbreek Eva sy gedagtes.

“Wat wil jy vir Hom vra?”

“Watter saad van my sal dan nou die kop van die slang moet verbrysel? Kain? Hy’s die een wat nog leef, maar hy is dan nou ’n moordenaar net soos die slang. Kan ’n slang dan ’n ander slang se kop verbrysel?”

Adam is in sy eie smart vasgewoel, hy sink daarin weg en Eva se stem klink dof en ver. Hy moet nou helder dink, want Eva het hulp nodig. Sy kan nie nou begin twyfel aan die belofte waaraan sy nog al die jare vasgehou het nie. Hy sou veel eerder die nag daar tussen Abel se skape gaan deurbring, of by sy rots gaan sit sodat die pyn in hom tot bedaring kan kom, maar hier is Eva. Sy is die ma van die drie kinders.

“Eva, God het gesê: ‘En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.’ Wat God sê, dit gebeur. Hy sal sorg dat die saad daar is wat die kop van die slang moet vermorsel.”

“Ja, dit is so, my man, ek wil glo, maar die seer hier binnekant is so rou en diep. As ek nie na die slang se leuens geluister het nie, was ons drie kinders vandag nog hier by ons. O, watter dwaas was ek om die Skepper se waarskuwing van my weg te stoot en na ’n bedrieër te luister. Ek is ook heeltewel magteloos om die verhouding met die Skepper weer te herstel. Hoe hard het ek nie al probeer nie, Adam! Onthou jy die dae wat ek nie geëet het nie en net so op my gesig bly lê het en die Skepper gesmeek het om my te vergewe. Daar het tog verligting in my

gemoed gekom, maar die muur tussen Hom en my is steeds daar. Wie sal dit tog kan verwyder dat ons Hom weer van aangesig tot aangesig kan sien?”

Adam se woorde het opgedroog. Hy beleef weer die skok van die oggend toe hy Abel dood aangetref het. Hoe kon Kain so iets doen ! Sy eie broer wat hom geen kwaad aangedoen het nie. Het die slang ook vir Kain besoek en hom besmet met sy vyandskap teen die Skepper? Kain is in die dood wat sy pa en ma se sonde gebring het, gebore. Wat anders kon hulle verwag?

Die wilde gelag van hiënas in die kloof reg agter hulle, dring sy gedagtes binne. Hy ril en staan op.

” Kom, Eva, more oggend skyn die son weer en die lewe moet aangaan. Daardie dag toe ons uit die tuin weggestuur is, het die Skepper ons nie naak van Hom weggestuur nie. Hy sal ons ook nie nou naak in ons smart laat rondloop nie. Hy het Sy belofte gegee. Hoe weet ek nie, maar Hy sal dit vervul.”

Saam stap hulle die huis binne waar net Ada se asemhaling hoorbaar is. Onwillekeurig gaan Eva se oë na die ander drie se slaapplekke. “Vannag sal daar niemand slaap nie,” dink sy en ’n diep, rou smart oorval haar opnuut. Sonder ’n verdere woord kruip sy onder haar karos in en trek haar kop toe. Adam staan

'n oomblik en afkyk na sy vrou wat so in 'n bondeltjie ingekrimp lê, toe draai hy om, vat 'n fakkel en loop die donker nag in. Hy kry koers na die kraalgrot waar hy en Abel dikwels saam teen roofdiere waggehou het. Hy moet alleen wees, want by wie anders kan hy gaan troos soek as by die Een wat hom geskape het.

# DEEL TWEE

## DIE VERVULLING

*“En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou,  
en tussen jou saad en haar saad.  
Hy sal jou die kop vermorsel,  
en jy sal hom in die hakskeen byt”*

Baie eeue later het gebeur wat God belowe het. Die Seun van die mens het die kop van die slang vermorsel.

“En Hy, Jesus, was omtrent dertig jaar oud toe Hy begin leer het; en Hy was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef, die seun van Eli ... die seun van Dawid, die seun van Isai, die seun van Obed, die seun van Boas ... die seun van Enos, die seun van Set, die seun van Adam, die seun van God.”  
(Lukas 3: 23-38)

# 1

“Elias”

“Pa?”

“Hoekom wil jy weggaan?”

Elias buk vooroor en sit nog 'n stukkjie hout op die vuur. Hoe weet sy pa van sy planne? Hy het met geen lewende siel gepraat oor wat in sy binneste omgaan nie. Weggaan is eintlik nie die regte woord nie. Hy is nie moeg van sy werk nie, want hy is deur en deur 'n herder, net soos sy pa. Hier hoort hy, dit is sy wêreld en sy mense. Hy het niks teen hulle nie en wil nie weggaan omdat hy ontevrede is nie. Hy wil nie 'n ander blyplek gaan soek nie, ook nie vir altyd wegbly nie. Hy wil net gaan uitvind, dan kom hy weer terug.

Elias staan op en stap so 'n entjie die donkerte in. Wat moet hy vir sy pa sê? Hy hoor sy pa se hoesie daar by die vuur en medelye vul sy hart. Sy pa word oud. Al die jare was hy sy beste vriend. Dit is vir hom

belangrik dat sy pa verstaan. Hy het geen begeerte om hom in die steek te laat nie. Daar is darem Joshua, nog jonk, net sewentien, maar van skape weet hy alles en hy is betroubaar. Sy pa hoes weer. Elias draai om en gaan sit by die vuur.

“Hoe weet Pa dat ek wil weggaan?”

“Ek ken jou, my seun, miskien beter as wat jy jouself ken.”

“Joshua is darem hier, Pa”

Die twee mans se oë draai na die bondel onder die dik wolmantel. Die seun sit saans nie lank by die vuur nie, want hy is moeg en raak gou aan die slaap. Vanaand het hy in die hekopening gaan lê met sy gesig na die skape. Tot hulle vreugde neem hy al meer en meer die versorging van die kudde op homself sonder dat hy gevra of gedwing word.

“Ja, Joshua is hier.” Elias hoor die glimlag in sy pa se stem. Joshua is sy pa se oogappel. Om die twee te sien saamwerk, is mooi. Daar is harmonie tussen die ou man en die kind, ’n verstandhouding wat nie woorde nodig het nie. Vanaand het hy dit weereens opgemerk. Oupa het vir Joshua toegelaat om die skape te laat ingaan. Joshua het sy eie staf oor die hekopening gelê en sy jong hande het die skape een vir een deurgevoel soos hulle onder sy staf

deurgestap het.. Hulle sal regkom, Joshua en sy oupa. Herder wees is ook in Joshua se bloed en hy het 'n hand met die skape. Net gister het een van sy oupa se ooie weggebreek uit die ry waar sy gevreet het en haar neus teen die ou herder se wang gaan druk. Nadat dié haar so 'n bietjie tussen haar ore gevryf en saggies met haar gesels het, het sy op pad terug na haar plekkie in die weiveld by Joshua verbygestap en haar kop teen sy been gevryf. Oupa kan nou maar die lewe as herder los en snags in die huis gaan slaap. Elias glimlag oor die gedagte. Sal dit ooit gebeur dat sy pa van die skape af wegbly?

“Hoekom wil jy gaan, Elias? Is dit oor wat daardie nag gebeur het?”

“Ja, Pa.”

“Waarom is ek verbaas oor alles wat my pa weet,” wonder Elias by homself. “Is hy dan nie sy lewe lank 'n wagter van skape nie? Hy ken die behoeftes van die skape nog voordat hulle blêr. Hoe sal hy dan nie ook vir my ken nie? Ek het seker 'n woord laat val wat genoeg was vir hom om te weet hoe die wind waai. Hy was nog altyd so. Voordat ek geweet het wat ek soek, het hy al voorsien. Hy ken die klop van my hart, en tog ook nie, want hy weet nie van die opstand wat soms hier in my binneste kook nie. Moet ek hom

daarvan vertel en van die vrae waarop ek geen antwoorde vind nie?”

“Elias, vergeet van hom.” Die smeking kom uit ’n vaderhart wat nie verstaan nie. “’n Soeke na hom bring net tweedrag en stryd. Kyk wat het met Finias gebeur, heeltemal vervreemd van sy mense en van sy grond. Sy vrou is ’n weduwee terwyl hy nog leef. Dit is tragies. En waar is hy? Agter die bedrieër aangeloop en nou word hy soos ’n dier gejag en moet in gate en spelonke wegkruip. Is dit die soort lewe wat jy wil hê?”

Die vuurtjie klap en kraak. Vir ’n lang ruk sit Elias in die vlamme en kyk sonder om sy pa te antwoord. Vanaand betrap die stilte van sy seun se kant af die ou man op ’n verkeerde voet. Sy stem word driftig.

“Jy het tog self gesien en beleef hoe hy die Joodse tradisie en gebruike kom verstoer het. Het hy reggemaak om so teen die godsdienstige leiers van die volk uit te vaar? Kyk hoe het hy die Sabbat en die sabbatswette oortree. Kan ’n man wat ons tradisies en ons volk nie respekteer nie werklik die Messias wees? Kan so ’n man waarlik deur God gestuur wees soos wat hy beweert het?” Die ou herder snork minagtend deur sy neus. “Hy was ’n bedrieër! Dit is goed dat hy dood en uit die pad is.

Ons volk het nie mense soos hy nodig nie. Ek was daar toe hulle hom aan die kruis vasgespyker het.”

Elias sug diep en sê sonder verwynt:

“Pa was ook daar by die stal in Betlehem waar hy gebore is, en Pa het hom gesien. Soos die engel gesê het, so was dit. Pa het self daarvan getuig. Hy het daar in die krip gelê, toegedraai in doeke. Drie-en-dertig jaar later was Pa by die kruisiging van dieselfde een wat daar in die krip gelê het en Pa kon daarna vir dae lank nie eet nie. Snags het Pa rondgerol sonder om te slaap.”

“Selfs ’n bedrieër en godslasteraar verdien nie so ’n verskriklike dood nie. Steniging is ons gebruik en dit is gou verby. Dit is net die Romeinse honde wat so ’n marteling kon uitdink.”

“Ja, Pa, maar dis ons mense wat op ’n slinkse manier vir Pilatus gedwing het om hom te laat kruisig. Ons Joodse leiers wou hom dood hê en Pilatus was ’n handige werktuig in hulle hande. Hulle het goed geweet hoe om sy politieke aansien in Rome in die gedrang te bring.”

Sy pa sê niks en hulle sit diep versonke in hulle eie onrustige gedagtes. Toe verbreek Elias die stilte:

“Het Pa opgemerk dat die natuur sy gewone gang

verander het met die geboorte én met die dood van hierdie man? Toe hy gebore is, het 'n helder lig skielik in die middel van die nag uit die hemel geskyn en ons was bang. Toe hy gesterf het, het dit weer op die helder middag donker geword, en weereens het ons van vrees gebewe. Is dit verkeerd om te wonder en te vra wie hierdie man dan was?”

“Die babatjie wat ons in die krip gesien het, Elias, en die man aan die kruis, was nie dieselfde mens nie.” Die ou herder praat nie meer gedemp nie en sy skape roer onrustig. “Jy weet tog dat Herodes al die klein seuntjies onder twee jaar laat doodmaak het. Jou eie broertjie en jou ma...” Die ou herder se stem breek skielik en hy hoes 'n paar keer om beheer oor homself te kry. “Daardie babatjie wat in die krip gelê het, is dood. Ek sê nou weer vir jou, die een wat ons gesien het en die een wat aan die kruis gesterf het, was nie dieselfde mens nie. Hy wat gekruisig is, het homself dinge toegeëien wat geen mens hier op aarde betaam nie. Kyk hoe het hy homself met God in die hemel gelykgestel. Hy het beweer dat hy reeds voor ons vader Abraham geleef het. Wat 'n gruwelike aanmatiging!”

Sonder dat Elias besef, word sy stem smekend, alles in hom span saam om sy pa te oortuig. As sy pa kan glo dat hierdie man van Nasaret regtig die belofde

Messias was, dan sal dit sake soveel vergemaklik. Maar omdat sy pa nie glo nie, blaas dit die twyfel en die stryd in sy eie hart soveel feller aan. Sy pa ken die geskifte van Israel al is hy net 'n herder van beroep. Hy is bekend met die verwagtinge van Israel én hy was daar toe die engel die vervulling van hierdie verwagting aangekondig het. Hoekom glo sy pa dan nie? Elias soek nie meer na woorde nie. Dit stroom sommer vanself uit. Te lank was dit in hom opgebondel en te lank het hy ruimte vir sy gedagtes in die gemoed van sy pa gesoek.

“Pa, maar sou Jehova 'n engel uit die hemel gestuur het om vir ons iets te kom vertel wat nie waar was nie? Kan God dan lieg en bedrieg? Sou so 'n groot engeleskaar uit die hemel gekom het met so 'n blye boodskap om daardie wonderskone woorde te sê as dit alles 'n leuen was? Dit maak tog nie sin nie, Pa, hoekom sou die kindjie wie se geboorte so jubelend aangekondig is, na 'n kort tydjie hier op aarde weer moes sterf.”

“Ek onthou die gebeure van daardie onvergeetlike nag asof dit gister plaasgevind het. Ek was twaalf en kon vir die heel eerste keer saam met Pa by die kudde in die oop veld gaan slaap. Die ander herders het opgemerk hoe skaam en vreemd ek was en hulle het dit geniet om my te terg:

“Kom sit hier by die vuur, Elias, jy hoef mos nie agter jou pa se rug weg te kruip nie. Ons sal jou nie byt nie! Miklot, is hy net so ‘n slimkop soos jy? Moet hy ook van die oggend tot die aand met sy neus in die boeke sit? Waar het jy nou al van ‘n geleerde skaapwagter gehoor!” Hulle het geskaterlag, maar die tergery was sonder ‘n angel, want die herders is lief vir Pa. Hulle het nog altyd vir Pa gerespekteer en luister graag wanneer Pa praat.”

Elias kyk na sy pa, maar dit lyk asof hy nie eers luister nie. Sy kop hang op sy bors en hy kyk nie vir ‘n oomblik op nie. Tog ontnem dit nie sy seun van die vrymoedigheid om voort te gaan nie.

“Onthou Pa nog hoe die herders een na die ander opgestaan het en net ons twee alleen by die vuur agtergebly het. Toe het Pa gesê:

“Kom, Elias, ons gaan oornag daar in die hekopening. Twee van ons skape lyk kroeserig en siek, moontlik sal hulle vannag versorging nodig hê,” Ons het nog eers dik stompe vir brandhout nader gesleep. Pa was so gewoon aan nagte in die oop veld en het dadelik ingesluimer, maar nie ek nie. Ek was wawyd wakker en het na die naggeluide geluister. As dit nie vir Pa se rustige teenwoordigheid en gelykmatige asemhaling was nie, sou ek seker gebibber het van vrees vir die donker en vir die

honger wolwe. Ek het na die sterre gelê en kyk wat so helder in die maanlose nag geskitter het. Toe ek met my oë op soek was na die Aandster, het 'n verblindende lig skielik die hele veld verlig.

Ek het geskok uitgeroep: “Pa, kyk,” en bevrees opgespring. Maar toe ek 'n lewende wese binne in die ligkring sien, het ek dadelik op my maag geval en my arms beskermend om my kop geslaan. Ek kan onthou hoe wild my hart geklop het daar waar ek met styf toegeknypte oë gelê het.

“Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here. En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê.”

Die helder, hemelse stem het weggesterf en ek het gewaag om my kop op te lig. Pa het reg langs my gelê, ook met die gesig teen die grond. Van die ander herders wat ek kon sien, was ook op hul aangesigte, vreesbevange vir die engel wat aan ons verskyn het. Reg bokant ons het wondersoete klanke skielik die hemelruim gevul. Ons het almal met verwondering opgekyk. 'n Groot engeleskaar het in die helder lig verskyn en hulle loflied het oor die heuwels gesweef. Ons kon elke woord duidelik hoor:

“Eer aan God  
in die hoogste hemel,  
en vrede op aarde  
vir die mense in wie Hy  
'n welbehae het!”

Net so onverwags en skielik as wat die engele gekom het, is hulle weer weg. Die donkerte het opnuut dig om ons gevou en geen teken van die hemelse besoek het agtergebly nie. Net 'n gewyde stilte het oor ons almal gehang. Elkeen van ons het lank nog sprakeloos van verwondering in die donker lug gestaan en opkyk. Dit was Pa wat opgewonde die stilte verbreek het:

“Nou maar kom, manne! Laat ons sonder versuim dorp toe gaan om te sien wat daar in Betlehem gebeur het!”

“Miklot, maar was dit nie net 'n droom nie?” het herder Safan verbaas die gedagtes van die ander verwoord. Dit was asof sy vraag almal se tonge losgemaak het. Elkeen wou vertel wat hy gesien en gehoor het. Die onrustige geblêr van die skape het ons tot besinning geroep en die herders het gou omgedraai om elkeen sy eie kudde tot bedaring te bring.

“Nou toe kom ons gaan!” het een van die herders aangepor toe almal weer bymekaar was.

“Ja, maar wie bly by die skape? Ons kan hulle tog nie vir ure lank alleen los nie.”

Elias glimlag skielik breed en kyk weer na sy pa. “Ek onthou watter vrees en benoudheid my beetgepak toe Pa voorstel dat ek moes bly. Alleen in die donker met wolwe wat my kon sien sonder dat ek van hulle weet! Ek het ou Joram amper bestorm en wou hom van pure dankbaarheid en verligting om die nek val toe hy so ewe kalm en bedaard aanbied om ook te bly. Gelukkig het ek betyds onthou dat ek al twaalf was en nie soos ‘n klein kindjie kon optree nie. Joram was mos ‘n sterk jong man wat vir niks geskrik het nie en saam met hom het ek veilig gevoel.”

Miklot hoor die glimlag in sy seun se stem, maar hy sit strak en tuur in die vuur. Met groot inspanning sorg hy dat geen emosie op sy gesig te bespeur is nie.

“Wat het met my gebeur,” wonder Elias, “dat ek nie kan ophou praat nie.” ‘n Dringendheid het van hom besit geneem en sy pa se gebrek aan reaksie skrik hom glad nie af nie. Hy verstaan homself ook nie. Hy glo nie, maar hy veg vir dit waaraan hy lank gelede wel geglo het.

“Onthou, Pa, die nuus uit die mond van die engel was te groot om tot dagbreek toe te wag. Ek het hom nie gesien nie, maar Pa het. Net soos die engel gesê het, so was dit. Die Kindjie was in doeke toegedraai en het in ’n krip gelê. Vir dae lank het Pa die Here geprys dat Hy ’n Verlosser vir ons volk gestuur het. Hoekom het Pa nie volgehou in hierdie openbaring nie? Is dit oor wat met klein Malotti en ma gebeur het dat die bose Herodes in Pa se gedagtes sterker as die God van Israel geword het? Pa, sê my, sou Hy wat die Messias gestuur het, nie ook die Messias beskerm het teen die jaloesie en die haat van Herodes nie?” Elias wag vir sy pa om iets te sê, maar die ou herder sit en strengel sy vingers in mekaar sonder om te antwoord.

“Pa, waar kom die Jesus dan vandaan wat deur Josef en Maria grootgemaak is? Die een wat water in wyn verander het? Die een wat die bose geeste beveel het om daardie besetene van Gadara te verlaat en toe het hulle ’n hele trop varke in die see laat stort? Die een wat vir Lasarus uit die dood uit opgewek het? Die een wat geleer het oor die koninkryk van die hemele soos geen ander Skrifgeleerde dit kon doen nie? Die een wat gekruisig is, maar nie eers deur die dood vasgehou kon word nie? Die Een wat gesê het: ‘Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe vir sy skape af?’”

“En waar is sy skape! Hulle kruip in gate en skeure weg! Is dit ’n goeie herder wat so met sy skape maak?” Die ou man se woorde klink soos ’n wanhopige kreet in die nagstilte. Die skape blêr. Hulle geliefde herder se stem ontsenu hulle.

Joshua is skielik by die vuur. Hy kyk van sy pa na sy oupa. Stry hulle met mekaar? Sy pa is dan een wat nooit terugpraat en vir sy oupa teëgaan nie. Hoe dan nou? Waarom het sy oupa so hard gepraat? ’n Ou herder soos oupa praat mos nie so naby sy skape nie. Iets is verkeerd.

“Is Oupa kwaad?”

Die verskrikte vraag ruk die ou man tot bedaring.

“Nee, net moeg. Hoe verstaan jy dit? ’n Kindjie is doodgemaak, maar hy lewe weer om gekruisig te word. Hy is gekruisig en begrawe, maar hy lewe weer om na die hemel toe op te vaar. Dit maak ’n mens moeg, doodmoeg en deurmekaar, Joshua. Dit pas nie in die lewe wat ek nou al vir twee-en-sewentig jaar ken nie. Dit pas nie in by dit wat die Skrifgeleerdes ons leer nie. Dit is vreemd vir die verwagtinge van Israel. Dit pas nie in by ons tradisies en oorleweringe nie. Dit pas nie in by my herderslewe nie. Daardie nag het hoop in my hart opgevlam dat die Here God ons smeekgebede gehoor het. Hy het

die Verlosser gestuur om uiteindelik die mag van ons vyande te verbreek en hulle na Rome toe terug te jaag. Om al die vreemde volke uit te dryf uit die beloofde land, die heilige land. Om uiteindelik weer 'n koning te hê wat in geregtigheid sal regeer sodat Israel kan terugkeer na die glorie wat daar onder koning Dawid en koning Salomo was. Die hoop in my was soos 'n lied, maar hierdie hoop het my beskaam, dit het my teleurgestel. Ons is nog onder die juk en so sal ek seker onder die juk van die vyand moet sterf. En ons volk is nog meer verdeeld as ooit tevore” Die ou man snuif hard voordat hy met die stortvloed van woorde aangaan.

“En nou wil jou pa sy herderslewe weggooi om agter skimme aan te loop. Dink net! Die man se volgelingen is uitmekaar gejaag en kyk vir Stefanus, gestenig buite die poort as 'n godslasteraar.”

“Maar Oupa, sy gesig het geblink soos dié van 'n engel. Terwyl die klippe op hom gereën het, het hy hard uitgeroep: ‘Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie.’ Hy het gesterf soos 'n held, Oupa, nie soos 'n godslasteraar nie. Hy het homself nie eenkeer verdedig nie, maar...

“Waar hoor jy hierdie dinge?”

Die opgewonde stem van die jong seun word skielik stil.

“Wie het vir jou vertel ?”

“Hier kom mense verby, Oupa, en Pa stuur my elke nou en dan huis toe om kos te gaan haal.” Die seun is ongemaklik, maar nie bang nie.

“Jy moenie jou ore aan enige verbyganger se stories uitleen nie. Mense praat sommer wild, veral daardie ou Ishod. Ek sien hy kom sit daar by julle jong klomp op die middag wanneer die skape in die koelte rus.” Die ou man is bitter en hulle hoor dit. “Ishod! Hy is die naam priester nie meer werd nie. Sy verraad het hom mal gemaak. Dit sal hom help om liever weer tempeldiens te gaan verrig as om hier vir kwaadgeld rond te lê. Nou sê hy dat offerdiens nie meer nodig is nie en daarom is hy nie meer ’n priester nie! Verraad, dit is wat dit is. Hy verrai sy stam en sy goddelike roeping!”

“Weet Oupa hoekom hy sê dat die Joodse volk nooit weer offers hoef te bring nie? Die volmaakte en finale sondoffer is gebring omdat die vlekkelose Lam van God geslag is. In sy liggaam het Hy die oordeel van God op die sonde van die mensdom eens en vir altyd gedra. Die volle prys vir ons oortredinge is klaar betaal. Geen ander sondebok of sondoffer sal ooit

weer nodig wees nie. Hy, die Seun van God, die Een wat dood was en weer lewe, het die Priester geword tot in ewigheid. Daarom het die gordyn in die tempel geskeur.”

Die ou man sukkel skielik om asem te kry, hy maak net sulke roggelgeluide in sy keel. Elias spring op om sy pa te help, maar sy hand word weggeslaan. Sonder 'n verdere woord staan die ou man op, trek sy herderskleed dig om hom en gaan in die tent in.

Joshua verwyt homself dat hy uit sy beurt gepraat het. Hy het gehoor dat sy oupa ontsteld is, maar hy het nie ag daarop geslaan nie, want hy wou die kans gryp om die ou priester te verdedig. Nou het hy sake net vererger.

“Wat is verkeerd met oupa, Pa ?”

Elias sit sy hand op sy oudste seun se skouer en gee dit 'n druk.

“Oupa is teleurgesteld in sy verwagtinge, Joshua, en nou is alles wat hy hoor te veel vir hom. Hy wou die wraak op die Romeine self sien en beleef.”

“Waarom dan wraak, Pa?”

“Dit is oor wat met jou ouma en my broertjie gebeur het. Oupa het dit nooit vergeet nie. Hy wag met 'n ongeduld op die Messias wat ons volk onder die

Romeinse verdrukking sal uitlei en wraak sal neem, ook vir die dood van sy vrou en kind. Die Verlosser wat die engele aangekondig het, het nie gedoen wat Oupa vas geglo en op gehoop het nie. Die wraak het hy nog nie gesmaak nie.”

“Pa, priester Ishod sê dat die krag van Jesus se lewe en dood in vergifnis lê, nie in wraak nie.”

“Ek hoor dat jy goed bekend is met die manier waarop die ou priester dink. Glo jy wat hy jou vertel? Hy is verstandelik deurmekaar en praat somer.” Joshua mis nie die staal in sy pa se stem nie en hy voel skielik nie lus om daardie staal te meet nie. As ’n mens oor Jesus praat, kom daar tweespalt. Tog kan hy ook nie anders as om op te staan vir sy ou vriend nie: “Priester Ishod kan die Skrifte so goed uitleê, Pa, alles val in plek, dan is dit nie moeilik om te glo nie.”

Elias voel skielik die koue wind. Hy tel sy herderskleed op en draai hom daarin toe. Dan buk hy vooroor en hou hom met die vuur besig. Watter nuwe klank hoor hy in die stem van sy eersgeborene? Dit is nie uitdagend nie, nee, die kind is so voorbeeldig in sy eerbied en respek. Glo hy dat Jesus van Nasaret die Messias is? Die seun van hom het ’n besondere hart. Kinderlik en opreg. Hy was van kleins af so en kon nooit genoeg kry van die

stories uit die geskiedenis van ons volk nie. Net soos wat hyself was. Veral koning Dawid se woorde ken hy uit sy kop uit. Hy was ook een van die beste leerlinge in Rabbi Asaf se skool. Die Rabbi is nou oud, ouer as pa, maar hy onderrig nog die dorp se kinders. Hy sou nie Joshua so beïnvloed het nie. Dit moet priester Ishod wees. Elias is so vasgevang in sy eie gedagtes dat hy nie eers opmerk dat Joshua omdraai en weer in die hekopening gaan lê nie.

Die krag van Jesus se lewe en dood lê in vergifnis, nie in wraak nie. Is dit wat Ishod sy seun leer? Is dit waarom Jesus aan die kruis uitgeroep het: “Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie?” Hy het nie vir sy pa gesê nie, maar hy was ook daar by die kruisiging. Hy het die gespot van die volk gehoor, en hy het ook die bang uitroep van dieselfde spotters gehoor toe alles om hulle donker geword het. Hyself was ook bang. Tog moet hy erken, hy wou ook spot.

Sy gedagtes vlieg weer terug na die tyd toe die kindjie in die stal gebore is. Vier dae nadat die engel met die herders gepraat het, het hy na die stal gegaan. Hy kon sy nuuskierigheid nie meer bedwing nie. Hy moes eenvoudig self gaan kyk. Daar was net diere, geen mense nie. Natuurlik sou niemand met 'n pasgebore babatjie dae lank in 'n vuil stal bly nie.

Bukkai het hom later vertel dat sy ma huisvesting gegee het aan twee vreemdelinge uit Nasaret. Sy het by die herberg verbygestap toe die man haar stop en vra of sy nie weet van 'n plek waarheen hy sy vrou kon neem nie. Hulle kon die vorige nag geen slaapplek kry nie, en hulle babatjie is sommer daar in die stal gebore, het hy verduidelik Sy het hulle dadelik by haar ingeneem. So is Bukkai se ma, 'n klein ou weduwee-vroutjie met 'n haar hart wat vir almal plek het.

Vir kuier was daar min kans, want na klas moes hy nog dinge by die huis gaan doen, maar eendag toe die rabbi siek was, het hy saam met Bukkai weggeglip. Die pa van die kindjie het buite gesit, besig om 'n tafeltjie reg te maak, maar die vrou en haar babatjie was nie daar nie. Hy was eintlik siek van teleurstelling, want hy het so daarna uitgesien om die kindjie oor wie engele gepraat het, van naby te bekyk.

Bukkai het eendag baie opgewonde kom vertel van manne uit die ooste wat die vorige aand by hulle huis opgedaag het, ryk manne met hulle kamele. Die manne het voor die huis afgeklim en na 'n ster in die wolklose hemel gewys. Toe het hulle in die huis ingegaan en voor die kindjie gekniel. Hulle het vir hom geskenke gebring en hom die koning van die

Jode genoem. Terwyl Bukkai se ma vir hulle haastig iets voorberei het om te eet, het hulle vertel van die ster wat hulle na die huis gelei het. Bukkai se storie het te lank geword en die Rabbi het hulle ingeroep. Die dag was Elias se aandag nie by die werk nie. Hy wou graag die einde van Bukkai se storie hoor en in sy ongeduld om alles te hoor, het hy eerste by die deur uitgeglim sonder om te wag vir die gebruikelike groet van die Rabbi.

Bukkai het vertel hoe hy die manne na die herberg geneem het, want in sy ma se huisie was daar nie slaapplek vir hulle nie. Die volgende oggend het hy uit nuuskierigheid gou eers by die herberg verbygestap en die wyse manne buite raakgeloop. Hulle was haastig om in die rigting van Hebron te vertrek sodat hulle nie weer deur Jerusalem moes gaan nie. Om een of ander rede wou hulle nie weer vir Herodes ontmoet nie.

'n Dag daarna het Bukkai vertel dat die ouers en hulle kindjie weg is. Hulle was die oggend toe hy en sy ma wakker geword het, net skoonveld weg. Niemand het iets van hulle af geweet nie en ook niks weer van hulle gehoor nie. Hy en Bukkai het weke lank oor hierdie vreemde gebeure gepraat. Hulle kon die inwoners van Betlehem nie verstaan nie. Die mense was verwonderd oor wat die herders vertel het, maar

daar het dit gebly. Hulle het nie na die kindjie en sy ouers gaan kyk nie. Rabbi Asaf het dit ook afgemaak as bogpraatjies. Die Verlosser van Israel sal tog nie in 'n stal gebore word nie. Betlehem se mense was nie geïnteresseerd in die buitengewone gebeure nie. Baie van hulle het die herders nie geglo nie. Hulle het hul koppe geskud en gesê dat dit sommer dronkverdriet was. Hulle het dit reggekry om die koms van die wyse manne ook weg te redeneer. Net Herodes se aandag is deur die buitengewone gebeure in hulle dorpie getrek. Daarom daardie vreeslike dag. Elias ril en roer in die kole met 'n stok. Dit was die dag toe sy hele lewe verander het en sy Pa 'n nuwe naam onder die herders gekry het. Hy staan nou bekend as Miklot, die bedroefde. Na daardie verskriklike dag het die herders nie meer saans om die vuur gepraat oor die kindjie wat in die krip gebore is nie. Die Romeinse soldate se gruweldade het die wonderbare gebeure van daardie nag weggevee, maar hy het nie vergeet nie. Die kindjie was dikwels in sy drome. Jare lank het hy gewag om weer iets te hoor van die een wat in die stal gebore is.

Dertig jaar het verby gegaan en toe het berigte hulle bereik van Jesus van Nasaret wat siekes gesond maak. Meer en meer verstommende stories het oor die heuwels uitgespoel. Toe het sy wagtyd begin. Hy

het begin wag vir die dag dat Jesus weer Betlehem sou besoek. Betlehem, die plek van sy geboorte. Hy het verwag dat Jesus vir sy dissipels die stal waarin hy gebore is, sou kom wys. Hy het gewag dat Jesus moet kom en sy Pa se droom van wraak bewaarheid. Maar hy het nooit gekom nie. Baie ander dorpe en streke het hy besoek, maar nie een keer sy geboortedorp nie. As hy die Messias was, sou hy tog geweet het dat die herders hier in die Betlehem distrik eerste van sy koms geweet het. Waarom het hy dan nooit hierheen gekom nie? Die dorp se siekes en lammes het na hom gaan soek, maar nie eenkeer het hy sy voete weer in Betlehem gesit nie. Is dit omdat Betlehem hom nie ontvang het toe hy gebore is nie? Mense uit die ooste het gekom om hom te aanbid, maar nie die mense van Betlehem nie.

Een van die redes waarom hy daar by die kruis saam met die ander wou spot, is omdat hy geglo het dat Jesus van Nasaret die Joodse volk sou bevry. Hy wou met Jesus spot, maar ook met homself. Hy wou spot oor al die vrae wat deur die jare in hom opgedam het en hy vir Jesus wou vra wanneer dié sy geboortedorp kom besoek. Hy het gedroom hoedat hy hom na hierdie heuwel sou nooi om die saak van sy Pa se opstand en smart aan te roer. Hy wou meer met homself spot omdat hy tog diep in sy binneste geglo het dat Jesus van Nasaret die beloofde

Messias was. Hy wou spot oor die drome van meer as dertig jaar wat in skerwe gespat het. Hy wou 'n klip na Jesus slinger, omdat hy nie sy drome waar gemaak het nie. Die kindjie was 'n bekende in sy drome, maar nie die Jesus wat daar gehang het nie. Tussen hemel en aarde het Hy so weerloos gelyk, so totaal hulpeloos. Hoe kon hy beweer dat hy die deur God-gestuurde Christus was as die vyand hom aan 'n kruis kon vasspyker? Waar is die vrede en die welbehae vir die mense wat die engele aangekondig het? Waar is die eer aan God in die hoogste hemele? Waarom is hy gekruisig net om 'n paar dae later weer uit die dood uit op te staan, soos sy volgelinge beweer? Waarom het hy nie sy mag gebruik om sy vyande voor hom weg te vee nie? Waarom het die engele die geboorte van 'n Verlosser kom aankondig wat so 'n dood moes sterf? Almal het 'n magtige Messias verwag wat die vyand regverdig sou oordeel en as oorwinnaar sou uittrek, maar Jesus van Nasaret was die barmhartige, die geneser, die vredemaker en wanneer hy opgestaan het en sy stem dik gemaak het, was dit teen sy eie mense, die Jode.

Elias sug weer. Hy moet maar gaan uitvind, netnou maak al die vrae hom ook mal soos ou priester Ishod. Dit is omdat die ou priester sy verstand verloor het dat hy dinge praat waarvan 'n mens nie kop of stert

kan uitmaak nie. Dinge soos die Joodse volk wat nie meer sal nodig hê om offers vir hulle sonde aan God te bring nie. Die mense sê dat die skok toe die gordyn in die tempel met die aardbewing geskeur het vir Ishod net te groot was. Daarom het hy van sy verstand af geraak. Elias sug diep. So sal die gemeenskap vir hom ook verstoot wanneer hy vreemd raak, en hy sál snaaks in sy kop word as hy nie antwoorde kry op die malende vrae nie. Sy pa se verzet en weerstand teen die gedagte dat Jesus van Nasaret die Christus is, beïnvloed hom diep. Hy wil glo en die argumente wat hy vanaand so voor sy pa oopgevou het, is eintlik vir homself bedoel. Hy probeer daardeur ook homself oortuig. Hy moet rus gaan soek van die gedagtes wat hom so dryf. Waar weet hy nie en nou is nie 'n goeie tyd nie. Die skape het nie meer baie weiding oor nie, dan moet hulle deur die Vallei van Doodskaduwee na ander weivelde geneem word. Sy pa is nie meer in staat om dit te doen nie, want fisies verg dit van hom te veel. Sal Joshua altwee die troppe deur daardie gevaarlike vallei kan neem? Sal hy die wildehonde kan beveg en die skape oor daardie skeur kan help?

Hoekom het hy nie vir Jesus gaan opsoek toe daar tyd was nie? Honderde ander het dit gedoen. Waarom het hy nie? Omdat Jesus nie regtig die Messias was wat hulle verwag het nie, die Messias

oor wie hy vir langer as dertig jaar gedroom het. Dit het so 'n woedende opstand in hom verwek dat hy nooit met Jesus wou praat nie. Jesus het gesê dat sy koninkryk nie van hierdie aarde is nie. Hy wat Elias is, was daar in die pilaargang van die tempel en hy het met dit met sy eie ore gehoor. Is hy dalk die beloofde Messias, 'n ander Messias as wat die Joodse volk verwag het? 'n Messias wat gekom het om 'n ander koninkryk as dié van Israel te herstel?

Lank sit hy nog besluiteloos, maar toe staan hy doelgerig op en stap die donker in. Sy pa en sy seun hoor hom wegstap net voordat die skape begin roer om die nuwe dag te begin. Instinktief weet hulle dat Elias sy keuse gemaak het. Hy sal eendag terugkom wanneer hy gevind het wat hy soek.

## 2

**H**aastig loop Elias oor die Kedronbrug en oral sien hy mense wat ook na die tempel toe op pad is. Hy besef dat hy nog betyds vir die oggendoffer sal wees. Belangstellend kyk hy na die klompie skape en 'n paar lammers wat hier reg voor hom agter hulle herder aanloop. Vir skape is daar by die tempel altyd 'n mark, selfs al is dit nie feesdae nie. Offerdiere is voortdurend in aanvraag. Hoeveel kere het hy nie ook vir die verkopers skape hierheen gebring nie, maar vanoggend het hy 'n ander doel.

Hy gaan deur die bekende tempelpoort en stap dadelik teen die trappe op wat uitkom in die voorhof van die heidene. Doelgerig stap hy deur die Skonepoort en merk op dat die kreupel bedelaar nie meer daar sit nie. Toe onthou hy van die verstommende storie dat die man genees is. In die binnehof van die vroue staan hy stil en kyk rond. Hy loop so dat hy by elkeen van die vier vertrekke kan inkyk. Enkele vroue staan daar rond, maar nêrens sien hy 'n groepie mense saam nie. Dit is na hulle

wat hy soek! Maande lank kon 'n mens 'n groep volgelinge van Jesus van Nasaret hier vind. Hulle het altyd oor Jesus, die Christus gepraat. Hy het 'n paar keer van ver af geluister, maar nooit by hulle aangesluit nie. Hoekom weet hyself nie. Die skrik van Stephanus se dood en Saulus van Tarsus se vervolging het seker tot hier ingedring, want hulle is nie meer hier nie.

Teleurgesteld loop hy deur die Nikanorpoort. Toe hy in die binnehof van die manne instap, sien hy oor die lae skeidsmuur dat die priester juis besig is om die oggendoffer gereed te maak. Sy aandag word deur 'n beweging reg langs hom getrek. Toe hy sy kop draai, sien hy iemand wat met 'n breë glimlag na hom kyk. Onderzoekend gaan sy oë oor die man se gelaatstrekke:

“Bukkai!” Roep hy uit en gooi sy arm om sy vriend se skouers.

“Elias!”

Met 'n diep vreugde staan die twee vir mekaar en kyk. Bukkai slaan sy vriend weer liggies op die rug en lag. Dit is seker maklik vyftien jaar dat hulle mekaar laas gesien het.

“Jy het nog niks verander nie, Elias!”

“En wat maak jy in hierdie geweste? Ek het gehoor dat jy ’n pottebakkerswinkel in Nain het”

“Dis reg, maar die afgelope tyd is ons hier in Jerusalem. Is jy net hier vir die oggendoffer?”

“Nee, nie eintlik nie.”

“Kom saam. Susanna sal so bly wees om jou te sien. Ons bly nie te ver van die tempel af nie.”

“Hoekom is julle dan nie meer in Nain nie?” Bukkai beantwoord egter nie sy vraag nie. Hy sê: “Hier is ons.” ’n Glimlag kruip in sy stem. “Daar is Susanna, sy het ons verwag.” Met ’n stralende gesig kom Susanna vinnig vorentoe en roep:

“Welkom, Elias! Ek is so dankbaar dat Bukkai jou gevind het! Kom dadelik binne.”

Gou-gou is daar brood en kaas op die lae tafeltjie voor Elias. Dan gooi sy water uit die erdekruik in ’n beker en bring dit ook vir hom. Elias buig sy hoof voordat hy begin eet. Bukkai bid onverwags hardop: “Vader, U wat in die hemel woon, het vanoggend U wil laat geskied. Ons dank U dat Elias nou onder ons dak is. Seën die voedsel aan sy liggaam en stuur U Heilige Gees om ons verstand te open dat ons geestelike oë U wonderbare plan van redding kan

sien en verstaan. In die Naam van Jesus Christus, U Seun , vra ons dit. Amen”

Elias kyk vraend van Bukkai na Susanna.

“Kom, Elias, eet iets. Dit al laat in die oggend en jy moet honger wees.” Bukkai breek ’n stuk van die brood af en hou dit na Elias uit. Sonder ’n woord neem hy dit en vra:

“Is julle dan volgelinge van Jesus van Nasaret?”

Bukkai en Susanna kyk na mekaar: “Ja, Elias, ons is en daarom is ons op pad na Samaria. Vanmiddag wanneer die hitte van die dag verby is, wil ons vertrek,” antwoord Bukkai terwyl hy Elias versigtig dophou om te sien hoe hy gaan reageer. Elias merk vir die eerste keer op dat die vertrekkie eintlik leeg is. In die een hoek lê twee toegebinde bondels en die karige meubels behoort seker aan die eienaar. Hy vat ’n gedroogde vy en voordat hy dit in sy mond sit vra hy:

“Waarom dan Samaria?”

“Die vervolging het baie erg geword. Die meeste van Jesus se volgelinge wat nie deur Saulus van Tarsus uit hulle huise gesleep en in die tronk gegooi is nie, het gevlug. Ons gaan ook na ’n veiliger blyplek soek.”

Elias kou in stilte en dink dat hierdie twee mense nie weer dadelik uit sy lewe moet verdwyn nie. Hulle sal hom kan help om die waarheid oor die kindjie in die krip en die man aan die kruis te vind.

“Mag ek met julle saamgaan?”

“Natuurlik!” Bukkai staan op en maak gereed om uit te gaan. “Ek en Susanna het nog dinge om te doen en daar is mense wat ons wil gaan groet. Bly jy gerus hier en rus as jy wil. Maak maar die deur agter ons toe en sit die skuiwer op, dan sal niemand jou steur nie.”

Susanna pak vinnig alles weer weg en rol ’n slaapmat oop in die hoek van die kamer. Toe hulle weg is, sit Elias nog lank voor hom en kyk, maar die moegheid oorval hom en behaaglik strek hy hom op die slaapmat uit. Die hele nag het hy nooit geslaap nie. Nadat hy van sy pa en Joshua weg is, moes hy darem eers vir Rebekka gaan groet. Hy kon haar nie net so sonder ’n verduideliking agterlaat nie. Sy het geslaap en in die lamplig het sy so mooi gelyk met haar lang, los hare. Sy het nie verstaan nie waarom hy wou weggaan nie, maar omdat sy hom ken, het sy dit aanvaar. Sy weet van die onrus in hom. Rebekka is ’n goeie vrou. Sy het hom nie verwyt nie, maar haar afskeidswoorde bly hom by:

“Jy wil ver weggaan en die waarheid gaan soek, maar sal die waarheid nie na jou toe kom as jy net hier bly en aangaan met jou werk nie?”

Hy het 'n bietjie te heftig gereageer, seker omdat hy skuldig voel dat hy haar en ook vir sy pa en Joshua los. Hy is nou jammer oor sy reaksie. Sy het met daardie sagte oë van haar vol medelye na hom gekyk en vinnig iets vir die pad reggemaak. Hy wou nie hê dat sy die kinders moes wakker maak nie. So is hy daar weg net voor die son opgekom het.

Elias skrik wakker toe Bukkai sy naam roep. Hy spring op om die deur vir hulle oop te maak. Toe hulle inkom vra Bukkai: “Het jy darem geslaap? Jy het vanoggend so moeg gelyk”

“Soos 'n klip! Waar sit die son al?”

“Dis namiddag en ons moet regmaak om te gaan.”

Elias voel verfris en kyk rond waar hy kan hand by sit. Daar is egter nie baie om op te pak nie, want die reis na Samaria moet te voet afgelê word. As skaapwagter hou dit vir hóm geen probleme in nie, hy is gewoon aan 'n harde buitelewe, maar wat van Susanna? Terwyl sy die kossak pak, hou hy haar onderlangs dop. Niks traag en afgewater in die vrou nie, haar hande werk vlug en seker. Glad nie terneergedruk en platgeslaan omdat hulle eintlik

moet vlug vir wat hulle glo nie. Die pad waarlangs hulle moet gaan, is ook nie speletjies nie. Daardie bergpasse is steil, maar dit lyk asof Susanna haar nie deur swaarkry sal laat afskrik nie. Op pad sal hy seker genoeg moed kan bymekaar skraap om vir hulle uit te vra oor die Jesus wie se volgelingen hulle geword het. Hoe dit dan inmekaar steek, want mense sê dat hy uit die dood uit opgestaan het en in die wolke opgevaar het. Hy skud sy kop en sug diep. Bukkai onderbreek sy gedagtes.

“Alles is reg, kos en klere, meer kan ons tog nie saamdra nie. Ek moet net nog langsaan verbygaan om die eienaar vir die kamer te betaal en te sê dat ons vertrek.”

Hy kyk van Susanna na Elias en toe kniel hy op die vloer van die vertrekke. Sy vrou gaan kniel ook langs hom en hulle buig hulle hoofde. Elias voel skielik lomp, ontuis en in die pad. Al verwag hulle dit nie van hom nie, kniel hy ook.

“Ek slaan my oë op na die berge, waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy kan jou voet nie laat wankel nie: Jou Bewaarder kan nie sluimer nie. Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie. Die Here is jou Bewaarder, die Here is jou skaduwee aan jou regterhand. Die son sal jou bedags nie steek nie, die

maan ook nie by nag nie. Die Here sal jou bewaar van alle onheil, jou siel sal Hy bewaar. Die Here sal jou uitgang en in jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid. Amen.”

Sonder 'n verdere woord staan al drie op en loop na buite. Oor elke skouer hang 'n watersak en elkeen dra 'n pak. Reisisers met Jehova as hulle Bewaarder is bekende grond vir Elias en hy wonder of Jehova dan nog jou Bewaarder is al het jy 'n volgeling van Jesus geword.

“Vat jy dan nie jou herderstaf saam nie, Elias, dit staan nog hier in die hoek?” vra Bukkai voordat hy die deur toetrek. Elias voel verleë en gaan gou in om sy staf te kry. Hoekom het hy dit in elk geval saamgebring? Hy moet tog nie skape oppas nie. Toe sien hy eers dat Bukkai en Susanna elkeen 'n stewige kerie in die hand het. Natuurlik, dit maak tog die klim teen die steiltes uit heelwat makliker as jy 'n staf het om op te leun, dus sal sy herderstaf hom ook goed te staan kom.

In stilte stap hulle deur die strate van Jerusalem. Toe hulle by die poort uitgaan, is nog 'n paar uur daglig oor voordat die donker hulle sal verplig om te stop. Samaria lê reg noord van Jerusalem en Bukkai wil kyk of hulle nie nog Bethel kan haal nie. Die ergste

hitte van die dag is gebreek en as Susanna kan byhou, kan hulle ver kom.

Onwillekeurig dink Elias aan sy pa en Joshua. Dit is nou die tyd dat die skape weer wei na die lang rus in die koelte. Hy verlang na hulle, maar dwing sy gedagtes om aan die situasie te dink waarin hy homself op hierdie oomblik bevind. Hy kyk na Bukkai en Susanna. Sy stap met 'n gemaklike pas tussen hom en haar man. Die uitgetrapte paadjie tussen die heuwels deur is nouliks wyd genoeg vir drie.

“Susanna, dit het vanoggend gelyk asof jy my verwag het. Ek was die een wat verbaas was, nie jy nie.” Sy lag en kyk 'n oomblik op in sy gesig.

“Bukkai het vroeg vanoggend gesê dat hy al dae lank so aan jou dink en wou gaan kyk of hy jou nie by die tempel kry nie.”

Elias kyk sydelings na sy ou vriend wat verder verduidelik:

“Toe ek Jesus van Nasaret leer ken het, het ek dikwels aan jou en jou pa gedink. Julle was mos daar op die heuwels toe die engel sy geboorte aangekondig het. Ek het onthou hoe jy na ons huis toe gekom het en jy wou so graag die kindjie sien. Toe was hulle een oggend net weg. Onthou jy, Elias, dit was net nadat daardie manne van die Ooste daar

aangekom het en vir hom geskenke gebring het. Jy was so teleurgesteld, want vir jou was dit 'n obsessie om die babatjie te sien van wie die engel gepraat het.”

“Ja, hoe goed onthou ek dit nie! Geen koor hier op aarde kan dieselfde klank en harmonie voortbring wat ons daardie nag op die heuwels gehoor het nie. Pa was soos 'n Israeliet van ouds nadat hy die kindjie in die krip gesien het. Sy eerbied en vrees vir die Here God het herleef met 'n ywer wat ons nie tevore in hom geken het nie. Hy het voortdurend gepraat oor die verwagting van Israel.” Elias lag spottend. “Ek het by hom aangesteek en oor die kindjie begin droom. Rabbi Asaf moes stringe vrae beantwoord. Hy het spesiaal alles vir my neergeskryf waar daar oor die Messias geprofeteer is, en ek het dit uit my kop geleer. Ek het gedroom hoe hy op sy wit perd sou kom om teen die Romeinse leërs uit te trek en hoe ek en Bukkai sy generaals sou wees. En toe daardie dag, Bukkai, toe jy met 'n verbysterende spoed en vreesbevange oë by ons huis aangehardloop gekom het. Van daardie dag af het Pa verander en ek ook. Ek het skuldig begin voel oor my drome, maar niemand kon dit sien nie en ek het meer en meer my in 'n droomwêreld afgesluit. Smiddags wanneer die skape in die koelte moes skuil teen die ondraaglike hitte was ek eintlik veronderstel om gedeeltes uit die

Torah te memoriseer, maar dit was my aangenaamste droomtyd. Ek wou vir Jesus gaan wys waar hy gebore is, waar jou ma se huis was waar hy die eerste maande van sy lewe gebly het. Ek wou hom na die heuwel toe bring waar die engel sy geboorte aangekondig het. In my verbeelding het ek dan beleef hoe ek hom aan al die herders wat hom daar in die krip gesien het, sou voorstel. Dan sou ek en jy saam met hom na Hebron toe gaan, daar die vallei van die terpentynbome waar sy voorvader, Dawid, vir Goliat verslaan het. Dit was egter net die skimme van my verbeelding! Hy het nooit gekom nie.”

Die twee wat saamstap hoor weer daardie spotklank in sy stem. Vir ’n lang ruk is net hulle voetstappe hoorbaar, toe vra Bukkai: “Het jy Hom ooit van naby gesien of Hom hoor praat?”

“Ja.”

Elias besef dat sy antwoord baie kortaf klink in die vriendelike atmosfeer wat hom omring. Hy voel dadelik sleg daaroor en dwing homself om te verduidelik. “Dit was ’n dag toe hy daar by die skatkis gesit en met van die omstanders gepraat het. Ek het die oggend skape tempel toe geneem om te verkoop en het gehoor dat hy daar was. Ek het nadergestaan om te luister. Hy was besig om te vertel dat hy die lig

van die wêreld is en wie hom volg sal nie in die duisternis wandel nie. Die Fariseërs was omgekrap en het met hom gestry. Hy het gesê dat ons in ons sonde sal sterwe as ons nie in hom glo nie, want elkeen wat sonde doen is 'n dienskneg van die sonde en net hy kan ons vrymaak. Ek het my so vererg vir die man. Ons wil vrygemaak word van die Romeinse oorheersing! Ons wil die wonder beleef dat Israel in sy glorie herstel word deur die beloofde Messias. Waarom het hy nie sy invloed en sy mag gebruik om mense te inspireer om wapens op te neem en die juk van die vyand af te skud nie. Het die vertrapping van sy volk dan nie vir hom saak gemaak nie? Daar het hy gesit en gepraat oor sonde, maar in Moses se tyd het die Here God tog reeds maniere ingestel om met sy volk se sonde af te reken. Alle opregte Israëliete gaan tog gereeld om offers te bring en vergifnis te ontvang. Die hoëpriester slaan nie een enkele jaar oor om in die allerheiligste in te gaan en vir ons versoening te bewerk nie. Watter reg het hy dan gehad om vir ons te sê dat ons slawe van die sonde was en in ons sonde sou sterf as ons nie in hom glo nie! Ek het sommer weggestap en huis toe gegaan. Waarom wou hy nie die rol van Messias aanneem nie? Ek kan dit nou nog nie begryp nie.”

Bukkai en Susanna hoor die ergerlikheid in Elias se stem opstoot. Hulle lewer geen kommentaar nie en

vra ook nie onnodige vrae nie. Miskien is Elias self nie bewus daarvan hoe sy innerlike opstand oorloop na buite nie en hulle vind dit ook nie belangrik om die gesprek te verander nie, die pad is nog lank. Dit is Elias wat self weer die stilte tussen hulle verbreek.

“Ek het ook ’n paar nagte nie by my kudde geslaap nie om na Betabara te gaan waar Johannes die Doper was. Baie mense van ons kontrei het gegaan en is gedoop. Ek ook. Ek kon nie anders nie. Ons het gedink dat hy die Messias is, maar hy het dit ontken en gesê dat daar ’n ander een sou kom. Ek was daar toe hierdie Jesus van Nasaret daar aangekom het. Johannes het na Hom gewys en uitgeroep: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” Die teleurstelling in my het my sommer kwaad gemaak. Die Messias, die Een wat die Here God opgewek het om Israel te bevry van die vyand se oorheersing word die Lam van God genoem. Die Messias is tog die Leeu uit die stam van Dawid! Daardie dag toe hy daar in die tempel die geldwisselaars se tafels omgekeer het en al die diereverkopers en kopers uitgedryf het, het ek sy gesig gesien. Toe het my hart in my opgespring en ek het vir myself gesê: Ja, Hy sal ons kan uitlei in ’n oorwinningsveldtog teen die Romeine, maar Hy het eintlik niks met die Romeine te doen gehad nie, net met die Jode. Kyk hoe het die Romeine met Hom

gespot. Hulle het hom erger as 'n hond behandel en hom gekruisig. Hoekom? Hy het dan die mag gehad om met die lig van sy hand die mure van al die Romeinse vestings te laat intuimel en Israel weer vry te maak. Hy kon die koning word wat in geregtigheid oor ons heers, maar soos 'n hulpelose het hy in skande aan 'n kruis gesterf.”

Woorde stol in hom as hy weer in sy verbeelding die man aan die kruis sien. Hy voel die ou bekende, magtelose opstand in hom opwel. Waarom het die man met al die krag en gesag tot sy beskikking dit nie gebruik om sy volk te bevry nie? Was die blindes en die lammes dan vir hom meer belangrik as die verlore glorie van Israel?

“Elias, waarom is dit dan vir jou so belangrik om van die Romeinse oorheersing bevry te word?” vra Susanna heel spontaan.

Elias kyk oor haar kop na Bukkai. Óf Susanna het nie tussen patriotiste groot geword nie, óf haar belange het van die Joodse volk na iets anders verskuif, dink hy. Miskien is dit ook omdat sy 'n vrou is en nie dink soos 'n Israelitiese man nie. Besef sy dan nie hoe die Joodse politiek en Joodse godsdiens inmekaar geweef is nie?

“Wil jy liever nie antwoord nie, Elias?” Susanna kyk vraend na hom.

“Die Romeinse soldate het my klein broertjie en my ma doodgemaak en hulle dood moet gewreek word,” sê hy heftig. Die woorde het uitgeglip sonder dat hy dit beplan het. Dit is tog nie die hoofrede waarom hy van die oorheersing vry wil wees nie. Die rede lê tog in die eer en die geskiedenis van Israel. ‘n Vurige emosie van intense haat teen die Romeine ontplof onverwags in sy binneste deur Susanna se onskuldige vraag. Almal het altyd geweet dat sy pa, Miklot, die Romeine haat, maar nou is hy bewus van ‘n onstuimigheid wat in hom opbruil.

Hy wou nooit met iemand oor die gebeure praat nie. Nie eers met Bukkai nie. Hy wou na daardie dag vir Bukkai bedank dat hy sy eie lewe in gevaar gestel het om hulle te kom waarsku, maar hy het nie, want dit het te veel gewurg en hy was bang om daarvoor te praat. Nou het Susanna die sweer met haar reguit vraag oopgesny. Hy hoor hoedat die woorde by sy mond uitrol en hy keer dit nie. Trane loop oor sy wange en daarvoor is hy nie eers skaam nie.

“Net ‘n paar dae nadat die kindjie en sy ouers weggegaan het, het hulle gekom. Herodes het hulle gestuur, want hulle was sy soldate. Ons het hulle nie gesien kom nie, maar het in die verte die angsgille

van vrouens gehoor. My ma het vinnig uit die huis gekom en gevra: “Wat gebeur daar in Betlehem dat die vrouens so skree en huil?” Haar oë was bekommerd. Toe het ons Bukkai gesien. Hy het die bult uitgestorm. ’n Hele ent agter hom was ’n paar soldate. Hulle het probeer om hom in te haal. My ma het my arm vasgegryp en gesê “Elias, gaan roep vir Pa.” Maar sy het my so styf vasgehou dat ek nie kon gaan nie. Toe was Bukkai by ons. Sy asem het gejaag. Sy oë was wyd van skrik en hy het geskree:

“Hulle maak al die klein seuntjies dood. Steek Malloti weg! Steek hom weg!”

Bukkai het begin huil. Ek was lam in my bene en kon nie beweeg nie. My ma het vervaard weggespring en Malloti, wat rustig onder ’n boom gespeel het, in haar arms opgeraap. Sy het met hom in die rigting waar Pa met die skape was, gehardloop, maar dit was opdraand teen die heuwels uit en die soldate was te vinnig vir haar. Toe sy sien dat hulle haar inhaal, het sy vir my geskree: “Elias gaan roep vir Pa.” Sy het bo-op Malloti gaan lê en hom vasgeklou. Drie soldate het probeer om my broertjie van haar af weg te ruk, maar hulle kon nie. Toe het hulle hom in haar arms doodgesteek en het ook in die gestoei my ma dodelik gewond. Die soldate het omgedraai om nog ander tente te gaan deursoek en Bukkai het aan my geraak

en gesê: 'Bly by jou ma, ek sal jou pa gaan roep.' Maar Pa was oppad, want iemand van die dorp het die herders gaan waarsku. Ek het by ma gekniel. Sy het haar hand uitgesteek en oor my wang gestreel: "Elias, nou bly jy alleen by Pa agter. Wees 'n goeie seun vir hom, my kind. Hy sal jou nodig hê. Sê vir Pa dat Jehova ... " en toe kon ek nie meer hoor nie. Ek het nog so op my knieë gesit toe ek Pa se stem agter my hoor. Hy het my weggestamp en ma in sy arms gegryp. Toe hy met haar na die tent wou hardloop, het hy oor Malloti se lewelose liggaampie gestruikel en met Ma vorentoe geval. Hy het op sy knieë gestaan en Ma se naam oor en oor geroep. Later het dit tot hom deurgedring dat Ma dood was. Hy het haar neergelê en Malloti se lykie ook gaan optel en in haar arms gesit. Pa se smart was te rou, ek kon nie by hom bly nie. Ek het gaan wegkruip. Bukkai se ma het my daar gekry. Sy het my styf teen haar vasgedruk en toe kon ek huil en huil. Bukkai was ook daar. Hulle twee het by my gebly totdat ek nie meer trane oor gehad het nie. Toe is ek terug na Pa toe. Ons het nie gepraat nie. Hy het net my gesig in sy hande geneem en my op my voorkop gesoen. Ons het nooit weer oor die dag gepraat nie, net maar probeer lewe sonder Ma en sonder Malloti. Pa het anders geword. Daar was iets in hom wat nooit weer heel geword het nie."

Elias laat gly die pak van sy rug af en los sy watersak net daar. Hy draai weg uit die paadjie en klim wild teen die heuwel uit. Hy wil ontsnap van die smart wat sy binneste oopgeruk het. Hy het nie besef nie, maar ook in hom was daar iets wat nooit heel geword het nie. Uitasem sak hy op 'n gladde rots neer en laat die skreiende herinneringe oor hom spoel. Hoe lank hy daar gesit het weet hy nie, maar toe hy opstaan, is hy bewus daarvan dat hy ligter in sy gemoed voel. Die gewig in sy binneste het verdwyn. Was dit dan die haat en wrok teen sy ma se moordenaars wat die hartseer so in hom vasgebind het?

Hy gly-stap teen die heuwel af in sy haas om weer by Bukkai en Susanna te kom wat onder 'n boom vir hom sit en wag. Toe hy by hulle aansluit, voel hy skaam en verleë:

“Jammer dat ek julle laat wag het terwyl julle reeds haastig is om Bethel nog voor donker te haal.”

Al twee se oë is vriendelik. Bukkai hou die watersak uit na hom. Hy neem dit en gee 'n paar groot slukke. Toe vat hy 'n hand vol droë vye en swaai die pak weer op sy rug. Terwyl hulle op en af oor die heuwels stap, kry hy moed om die vrae te vra wat soveel jare in sy gemoed opgedam het.

“Bukkai, het die wrede gedagte om die klein seuntjies in Betlehem te laat doodmaak regtig van Herodes af gekom?”

“My vriend, daardie man het geen vrees vir God gehad nie. Hy het dan sy eie vrou en seuns laat doodmaak. Die man was bang dat iemand hom van sy posisie as heerser sou beroof en dit was vir hom ondenkbaar dat daar êrens in sy ryk iemand sou opgroei wat selfs deur die sterre in die hemel as koning erken is.”

“Het die kindjie wie se geboorte deur die engele aangekondig is die moord ontsnap?”

“Ja, ’n engel het in die nag aan sy pa verskyn en hom gewaarsku. Dit is waarom hulle so spoorloos verdwyn het. Hulle het na Egipte gevlug. Eers ná Herodes se dood het hulle na Israel toe teruggekeer en in Nasaret gaan vestig.”

Elias sug. Hy het dit al voorheen gehoor. Dit moet dan die waarheid wees, want Jehova sal tog nie die geboorte van die Messias laat aankondig en dan toelaat dat hy maande later doodgemaak word nie. Waarom moes Hy aan ’n kruis gesterwe het? Kon dieselfde engel hom nie weer gewaarsku het nie, dan kon hy die marteling en die skande van so ’n dood

vrygespring het. Met wilskrag slaan hy al die vrae hok en besluit dat hy eers net sal kyk en luister.

Die skaduwees word nou lank en daar is geen ander reisigers in sig nie. Elias se oë gly oor die omgewing. Hulle klim al 'n hele ent teen die steil bergpas uit. Die gewoonte van 'n herder is diep in hom vasgelê en hy bly onwillekeurig op die uitkyk vir wilde honde of ander gevare wat tussen die rotse kan skuilhou. Daarom gewaar hy onmiddellik die beweging net 'n bietjie hoër in die pas op. Dit was 'n mens wat nou net agter die rotse, reg bokant die pad, weggekoes het. Sy stem is sag, maar dringend:

“Ek dink iemand wag ons in. Laat ek voor loop, indien dit 'n aanvaller is, staan ons 'n beter kans om Susanna te beskerm as sy tussen ons is..”

Elias se hand sluit stewiger om sy herderstafstaf, dankbaar dat hy nie hierdie nuttige kiere tuis gelos het nie. Hy versnel nie sy pas nie, loop ook nie stadiger nie, maar sy hele liggaam is gereed om 'n aanval af te weer. Bukkai is ook gereed. Sy oë gly wakker oor die omgewing. Toe hoor hulle al drie 'n klip rol en hulle verstyf in hulle spore. 'n Man kom agter 'n rots te voorskyn en roep:

“Shalom! Bukkai is dit jy?”

“Josef!”

“Kom op hierheen, daar is ’n paadjie skuins voor julle. Vier mans op kamele is sigbaar van hier bo af, verder is daar niemand op die pad nie. As julle gou maak, kan julle ongesiens wegglip.”

Bukkai sê verlig: “Ons kan hom vertrou. Hy is ’n volgeling van Jesus.”

Hulle ontspan en verlaat vinnig die pad. Die voetpaadjie is nie duidelik sigbaar nie, maar lei hulle tog tussen die rotse deur totdat hulle glad nie meer van die pad af gesien kan word nie. Josef verskyn stil en wink hulle om nader te kom. Hulle volg hom tot hy stop en wag dat al drie by hom aansluit. Hy lig die takke van ’n bos op en wys hulle om deur te kruip. Hulle kom uit in ’n vlak grot waar ’n groepie mense gedemp groet. Bukkai en Susanna ken hulle en stel Elias voor. Hy is egter so besig in sy gedagtes met Josef dat hy hulle name hoor, maar nie inneem nie. Die Josef, hy ken hom. Hy het hom al êrens gesien, maar waar? Sy stem is so bekend. Elias skud sy kop, hy kan net nie onthou nie, daar is iets wat hom bly ontsnap.

“Was julle van plan om in Bethel te oornag?” vra die ouerige man. Sy stem is rustig en warm. Hy en sy vrou sit langbeen met hulle rûe teen die rotswand gestut.

“Ons het so gehoop.”

“Het Josef verduidelik waarom hy julle geroep het?”

“Nee, ek het nog nie kans gehad nie,” antwoord Josef sag. “Ek wou nie buite talm nie, daar is kameelruiters in aantog. ’n Mens weet nie wie jy kan vertrou nie.”

“Saffira en Ananias se seun is op die oomblik besig om oral van Jesus se volgelinge op te spoor,” sê die ouer man. “Hy is gister in Bethel opgemerk, daarom is dit nie veilig dat julle vanaand daarheen gaan nie. Ons het verneem dat Saulus van Tarsus verder teen die Jordaanrivier afgetrek het. Of Saffira se seun saam met hom werk, weet ons nie. Dit kan wees, want hy blaas ook moord, nes Saulus. Hy beskuldig Petrus vir sy ouers se dood. Almal wat ooggetuies was, was bymekaar en het hom probeer oortuig dat Petrus geen skuld dra nie, maar hy hou vol dat die Jesus sekte fanatiese mensemoordenaars is. Petrus het ook die som geld wat sy ouers vir die gemeente gegee het vir die kinders teruggegee, maar dit het hom ook nie oortuig nie.”

“Dankie dat julle ons gekeer het,” sê Bukkai dankbaar toe die ouer man stilbly.

Elias gaan sit terwyl die man praat. Hy onthou dat hulle ook daar in Betlehem gehoor het wat met Ananias en sy vrou gebeur het. Die herders het dae

lank daarvoor gepraat. Sommige van hulle het dieselfde ding gesê, dat die Jesus sekte moordenaars is. Maar Elias onthou dat die bedelaar by die tempelpoort ook saans by die vuur onder bespreking was. Al die herders het hom geken, en hy is deur hierdie selfde Petrus genees. Dit is altyd die ding met Jesus en sy volgelinge. Baie praat goed en baie praat sleg van hulle. Hier sit hy nou tussen volgelinge van die man, Jesus, en hy voel veilig en geborge in hulle geselskap, selfs al word hulle lewens gesoek. Elias is verwonderd oor homself. Daar is geen baklei, geen opstand meer in hom nie. Hy merk hoedat Susanna 'n doek oopvou en brood en kaas daarop uitpak.

Die man langs die jong meisie lag sag: “Waar Susanna is, daar is kos.”

Bukkai kyk op en vra: “Was jy dan ook een van die wat van plek tot plek saam met Jesus gegaan het, Benjamin?”

“Nee, nie regtig nie. Laat een aand het ek met my siek seuntjie by Jesus en sy groepie opgedaag. Ek was uitgeput, want vir twee dae lank het ek toe al na Hom geloop en soek. Mense op die pad het my vertel dat Jesus dié dag in Nain 'n weduwee se seun uit die dode opgewek het. Susanna was daar om vir my water te gee om my voete te was. Sy het ook kos

gebring. Dit is daar waar ek haar leer ken het en verneem het dat sy een van die vrouens is wat vir Jesus en sy dissipels gesorg het.”

“Ja, ek het al dikwels vir Susanna gesê dat ek dink die Here het nie vir ons kinders gegee nie sodat sy vry kon wees om saam met Jesus te gaan en vir Hom te sorg.” Elias hoor opregte dankbaarheid in Bukkai se stem. Dus het hulle Jesus intiem geken, dink hy.

Die ouerige vrou langs hom vroetel 'n oomblik in haar sak, staan op om nog droë vye by die kos op die doek te voeg. Die jong meisie sorg vir meer kaas en olywe.

“Sal ons dan eers die Here dank vir wat Hy voorsien het?” Dit is die diep, warm stem van die ouerige man naby Elias.

“Here ons God, U wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het, U wat U Seun gestuur het om tussen ons te kom woon, heilig hierdie maaltyd. U sien dat ons hier in die grot is omdat mense teen die Christus opstaan. Soos ons nou die brood breek, Here Jesus, dink ons aan U met dankbaarheid en aanbidding. U het u liggaam gegee om ons van die sonde en dood te bevry. Ons dank U vir die bloed wat U gestort het om ons vir U gebruik

te reinig en te heilig. Hier is ons dan saam, ons God, om U te vereer in wat ons saam eet en drink. Amen.”

Die stilte na die gebed is gemeensaam en gesellig. Hierdie mense leef, dink Elias. Hulle gee om. Daar is iets spesiaal wat hy nie in woorde kan uitdruk nie en ook nie regtig kan vasvat nie. Tog vreemd, die gebed het gegaan oor die liggaam van Jesus wat gebreek is om ons van die sonde vry te maak. Dit is juis omdat Jesus eendag daar in Galilea vir sy dissipels gesê het dat as hulle sy vlees eet en sy bloed drink hulle vir ewig sal lewe, dat Simeï sy rug op Jesus gedraai het en weer na sy ouers in Betlehem teruggekeer het. Simeï het so ’n afkeur in die man van Nasaret gekry en wou niks meer met Hom te doen hê nie. Simeï het was ook een van die wat verwag het dat Jesus hulle in ’n oorlog teen die Romeine sou uitlei. Toe Hy egter sulke vreemde woorde praat, het Simeï sommer weggeloop. Hoe kon hy wat ’n Jood is ’n ander se vleis eet en bloed drink! Hy was met so ’n afgryse vervul dat Elias dit kon aanvoel die dag toe Simeï hom daarvan vertel het.

Die ouerige man staan op, neem brood, breek ’n stuk af en deel aan almal uit. Hulle eet in stilte. Dit het nou so donker in die grot geword dat Elias nie die ander se gesigte meer kan onderskei nie. Hy mis die

herders se vuurtjie, maar as iemand vanaand nog op hulle wil jagmaak, sal dit te gevaarlik wees om vuur in die grot aan te steek. Asof Josef sy gedagtes kan lees, vra hy:

“Sal ons ’n fakkel aansteek?”

“Ons sal moet, anders kom roofdiere dalk op ons reuk af. Die vlam sal hulle afskrik, maar ons vervolgers aanlok.” Dit is weer die oudste onder hulle wat praat.

Elias staan op: “Ek gaan buite wagstaan, dan kan julle gerus hier lig maak.” Hy wag nie op ’n antwoord nie. Buite kyk hy op na die sterre in die wolklose hemel en sy gedagtes vlieg na die herdersvuurtjie op die heuwels van Betlehem.

“Hierdie man, is hy nie die seun van Miklot, die bedroefde nie, daardie interessante ou herder van Betlehem? vra Josef terwyl hy lig maak.

“Hy is. Hy was daar op die heuwels die nag toe Jesus gebore is. Hy het die engel wat die geboorte van die Christus aangekondig het, gesien en gehoor. Nou, na al die jare, soek hy die waarheid.”

“Ek ken hom. Hy het dikwels by my kom staan. Nie altyd ’n aalmoes gegee nie, seker ook maar niks gehad nie, maar vriendelik met my gesels. Hy en sy

pa verskil baie van die ander herders. Mense het oor hulle gepraat, ook oor sy pa wat daarop gestaan het dat sy seun al die geleerdheid wat die Rabbi se skool aangebied het, moes ontvang. Herders stuur normaalweg mos nie hulle kinders skool toe nie, maar Miklot het sy seun gedruk totdat hy as die beste leerling in Rabbi Asaf se skool uitgeblink het. Miklot self is meer soos 'n geleerde as 'n herder en hy het groot invloed op die herdergemeenskap rondom Betlehem.”

“Ek was saam met daardie slimkop in die klas. Hy kon nooit genoeg kry nie! Ons Rabbi was altyd so geduldig om al sy vrae breedvoerig te beantwoord. Elias wou alles weet wat die Geskifte oor die Messias sê.” Bukkai se stem word hartseer. “Nou het die Messias gekom en Elias wil dit.....” Hy verstyf en hou op met praat.

Was dit 'n mens wat uitgeroep het of 'n nagdier? Hulle hoor 'n gesteun en die geskuifel van voete. Benjamin, Bukkai en Josef gryp hulle kieries en beweeg geruisloos na die ingang. Susanna wou net die fakkel dooddruk, toe Elias met 'n man inkom. Sy herderstaf is dwars gedraai en dit pen die man hulpeloos onder sy ken deur teen die herder se gespierde borskas vas. Die vreemdeling se oë is oopgesper van angs, want hy voel aan dat die krag

in Elias se arms sy nek kan breek as hy sou waag om weerstand te bied.

“Kom sit hier naby die fakkellig, dat ons jou kan sien,” sê Elias terwyl hy sy greep laat skiet, maar verslap nie een oomblik sy waaksaamheid nie. Die indringer maak of hy gaan sit, toe tol hy om en hardloop na die grotopening. Hy het nie twee treë gegee nie toe die haak van Elias se herderstaf hom behendig om sy bene vang en met ’n harde slag grond toe bring. Bukkai en Josef is onmiddellik by.

“Nie so haastig nie, vriend. Jy moet ons darem eers vertel wie jy is en wat jy hier soek,” sê Bukkai. Die ander hoor die erns in sy stem. Vir hulle is dit ’n saak van lewe en dood. Soos hulle Meester, is hulle ook aan die woede van die godsdienstige Jode uitgelewer. Josef en Bukkai hou die man tussen hulle vas en kyk op.

“Waar het jy hom gekry, Elias?” Maar Elias is nie meer in die grot nie. Hy het sy pos as wag weer gaan inneem en smelt heeltemal weg in die donker skaduwees van die groot rotse. Hy het ’n nare gevoel dat hierdie man se teenwoordigheid niks goeds vir die groepie volgelingen van Jesus voorspel nie. Hierdie indringer het geweet dat hulle daar is. Was hy daar geplant om op hulle spoor te bly of om hulle vervolgers na die grot te lei?

“Elias?”

Dis Josef wat fluisterend roep. Elias maak hom uit die digte skaduwees van die rotse los en sluit by Josef aan.

“Hierdie man is een van die vier kameelruiters, wat ek gesien het. Ananias en Saffira se seun was een van hulle en hy het versterkings in Bethel gaan soek. Hy sê dat hulle ons teen dagbreek hier wil betrap. Hy moes hier wag om vir hulle die pad te wys.”

“Wat gaan julle doen?”

“Ons kan wegraak in die nagdonker, maar wat maak ons met hierdie man? Bind ons hom vas en los hom in die grot, kom hy dalk van honger en dors om. Los ons hom vasgebind langs die pad waar hy maklik gevind sal word, kan ’n roofdier op hom afkom en dan is hy weerloos. Saam met ons kan ons hom ook nie neem nie. Hy word moontlik betaal om ons onder oog te hou. Ons sal hom nie maklik afskud nie”

Die ander sluit by hulle aan. Die maan skyn nou helder. Bukkai het die indringer aan die arm beet. Sy hande is stewig agter hom vasgebind en sy mond is ook toegebind. Elias verwonder hom aan die groepie mense. Hulle eie lewens is in gevaar, maar hulle is besorg oor die veiligheid van iemand wat daarop uit is om hulle kwaad aan te doen.

“Ek wonder of die man die waarheid praat. Dink julle daardie moordlustige seun van Saffira sal wag tot dagbreek? Is hy nie in staat om ’n bende leeglêers of soldate om te koop om dadelik saam met hom terug te kom hierheen nie?” vra die ouer man.

“Hy kan maklik so iets doen en Bethel is naby. Elias, onthou jy nog hoe ons as kinders gaan luister het of die soldate aankom?” vra Bukkai.

“Ja, dis ’n goeie plan. Kom ons maak weer so,” antwoord Elias en hy en Bukkai klim so vinnig soos hulle kan teen die steilte af na die pad toe. Hulle gaan lê plat op hul mae en luister met hulle ore styf teen die grond vasgedruk. Bukkai spring byna dadelik weer op en sê. “Hulle kom!” Elias stem saam. Hy het ook die trillings van ritmiese hoefslae dofweg waargeneem.

“Vriende, ons vyand is op pad!” Bukkai se stem is dringend toe hulle weer by die groepie aankom. “Kom ons vat ons goed en verdwyn, hulle sal nou-nou hier wees.”

“Wat maak ons met die man, Bukkai?” vra Josef wat nou die indringer vashou.

“Sal ons die doek om sy mond losmaak en hom net hier in die grot los? Net sy bene ook goed aanmekaar vasbind dat hy ons nie kan volg nie.”

Binne enkele oomblikke staan die hele groepie buite in die maanlig, gereed om te gaan. Die indringer vloek en skree. Hy is bang om alleen in die pikdonker agter te bly.

“Daar is geen gevaar dat hy nie gevind sal word nie.” In sy rustige stem sê die ouer man presies wat hulle almal dink, maar niemand lag nie, hulle verdwyn stil die donkerte in. Elias merk op dat hulle bymekaar bly. Hulle klim hoër, al verder van die pad af. Niemand ken seker hierdie wêreld nie, tog lyk dit asof hulle weet waarheen hulle op pad is. Onder ’n oorhang krans kom hulle later tot stilstand. Die pad is nog sigbaar in die helder maanlig. Hulle is net baie hoër as die grot. Daar sou hulle sonder moeite betrap geword het, maar hier hoog tussen die heuwels sal hulle nie maklik in die nag opgespoor word nie.

Hulle kan duidelik die perderuiters sien aankom. Die man in die grot moes die hoefslae gehoor het, want hy skree nou soos ’n maer vark. Die groepie sien hoedat die ruiters stop. Meer fakkels word aangesteek en ’n klompie manne klim op na die grot. Na ’n ruk is daar ’n heen en weer geroep. Later stap die fakkeldraers weer af na die pad. Nog lank is daar ’n konferensie van stemme hoorbaar. Toe bestyg almal hulle perde en draai terug Bethel toe.

Elias kyk belangstellend na die groepie mense daar by hom. Niemand sê 'n woord nie, want hulle weet nie of iemand dalk agtergebly het om hulle te probeer opspoor nie. Uit ondervinding weet hulle hoe ver geluide in die nagstilde dra. Die ouer egpaar het hulleself in hul mantels toegedraai en so gemaklik soos moontlik teen die rotswand reggeskuif. Die ander man het sy dogter teen hom aangetrek en haar met sy kleed toegegooi. Bukkai is besig om versigtig 'n paar klippe sonder 'n geluid te verskuif om vir Susanna meer gemaklik te maak. Josef leun terug teen die rotswand met sy bene voor hom uitgestrek en dit lyk of hy al reeds ingesluimer het.

Elias hoor weer sy pa se uitroep van die vorige aand: “En waar is sy skape! Hulle kruip in gate en skeure weg! Is dit 'n goeie herder wat so met sy skape maak?”

Skape sonder 'n herder is rusteloos en bang, dink Elias. Hulle blêr aanhoudend. Hulle stoot en stamp mekaar, maar hierdie mense is sonder vrees. Hulle is rustig en kalm. Hulle is soos skape wat 'n herder by hulle het, al moet hulle in grotte wegkruip. “My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.” Dit het Jesus eendag gesê

en iemand het sy woorde kom vertel aan die herders daar by Betlehem. Hy kon die woorde nie weer vergeet nie. Dit het sy hart getref, seker omdat hy ook 'n herder is. Maar kyk net, hier slaap Jesus se skape en hulle is so rustig soos 'n kudde wat na groen weivelde gelei is. Hy draai sy kop om nog 'n keer aandagtig na Josef te kyk. Wie is hierdie man? Waar het hy hom gesien en gehoor? Hy ken hom tog. Maar natuurlik! Dit is die kreupel man wat jare lank by die Skonepoort van die tempel gesit en bedel het! Dit is die man vir wie Petrus gesê het: "In die Naam van Jesus Christus, staan op en loop." Elias moet sy opgewondenheid bedwing. Hy kan nie nou praat en die groepie slapendes steur of hulle dalk in gevaar stel as daar iemand in die donker rondsluip nie. Hy sal tot dagbreek toe moet wag! Hy dink daaraan hoe dikwels hy die man bejammer het en by hom gaan staan en gesels het. Toe hy gehoor het hoedat Jesus al die siekes wat na hom toe gebring is, gesond gemaak het, het hy gewonder waarom Jesus dan nie ook die bedelaar genees het nie. Hy het tog die bedelaar daar waar hy so dikwels in en uitgegaan het, gesien sit . Elias sug.

Hy het altyd vir Jesus gekritiseer en in sy doen en late fout gevind. Net soos Adam se seun, Kain, was hy altyd ontevrede en dikwels so vol woede dat hy ook hierdie Joodse broer, Jesus, kon doodslaan as

hy 'n geleentheid sou kry. Kain het van God se aangesig af weggevlug omdat die sonde vir hom in sy mag gekry het. Hy het 'n moordenaar van sy broer geword, 'n vlugteling en 'n swerwer. Elias ril, nie oor die koue nie, maar oor sy gedagtes:

“Julle sal in julle sondes sterf as julle in my nie glo nie,” het Jesus gesê. Het God nie vir Kain ook gewaarsku en vir hom gesê nie: ‘Die sonde wil jou in sy mag kry, maar jy moet daarvoor heers?’

Hy wat Elias is, wou vir Jesus van Nasaret dwing om die rol van bevryder op te neem. Hy wou sien hoe die Joodse manskappe opgeroep word tot 'n magtige leër soos van ouds en hoe die glorie van Israel herstel word. Tot vandag toe het hy heeltemal geregverdig in sy woede teen die man van Nasaret gevoel, maar die Skrifgedeeltes wat hy as kind oor die Messias gememoriseer het, staan nou in sy geheue op en dit maak hom ongemaklik. Deur die profeet Esegïel het God gesê:

“Ek self sal my skape oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus. Die wat verlore is, sal Ek soek, en wat weggedryf is, sal Ek terugbring, en wat gewond is, sal Ek verbind, en die siekes sal Ek versterk; maar die vettes en die sterkes sal Ek verdelg; Ek sal hulle oppas soos dit reg is. En julle is my skape, die skape van my weide; julle is mense, Ek is julle God.”

Elias roer onrustig. Hy het die kans gehad om hierdie herder te ontmoet, want is dit nie wat Jesus gedoen het nie? Het hy nie na sy skape toe gekom om hulle bymekaar te maak nie? Is Elias nie dalk een van die vet en sterk skape wat verdolg gaan word, soos wat Kain ook so sterk in homself was nie? Hy het nou nie self die spykers in die man se hande en voete ingeslaan nie, maar sy woede en haat was maar net so groot soos die wat dit gedoen het. Was hy dan ook aandadig aan die kruisiging van 'n onskuldige? Is dit moontlik dat die man werklik die beloofde Messias was?

Hy kyk na die groepie wat rustig slaap en besluit dat dit vir hom goed sal wees om by hierdie groep volgelinge van Jesus te bly totdat hy die waarheid gehoor het. Rebekka het gesê dat die waarheid hom sal vind, ook al bly hy by sy skape. Hoekom sou sy so iets gesê het? So het hy self ingesluimer, daardie soort sluimer wat vir die geringste beweging of geluidjie wakker skrik.

### 3

**J**oshua stoot die bodeur van hulle huisie oop. Dit is al lank dat sy ma nie meer in 'n herderstent bly nie. Sy pa het 'n vriend gevra wat die huis aan die rand van Betlehem vir hulle gebou het. Dit is nou wel verder vir hulle om van die weivelde af by die huis te kom, maar vir sy ma is dit baie meer gemaklik. Hy is teleurgesteld toe niemand op sy roep antwoord nie. Hy gooi sy herderssak op die tafel neer en tel 'n beker op om sy dors by die waterkruik te les. Toe stap hy weer uit en sien met verligting dat sy ma en sy twee sussies die buurvrou groet en aankom huis toe.

“Joshua!” roep sy ma bly toe sy hom opmerk.

Die twee kleintjies storm met vreugde op hom af en gryp sy hande vas. Dit is nie net skape wat vir hierdie jong man lief is nie. Sy ma het vir hom 'n baie spesiale plekkie in haar hart en so ook sy twee sussies en Samuel.

“Waar is Samuel, Ma?”

“Skool toe! Jy vergeet gou van jou dae by die Rabbi?”  
lag sy ma tergerig.

“Hoe gaan dit met Oupa?” vra sy oor haar skouer toe  
Joshua haar eerste by die deur laat instap.

“Oupa het my met ’n dringende boodskap na Ma toe  
gestuur.”

“Nuus van jou pa?” Sy kyk haar seun afwagtend aan.

Hy skud sy kop, jammer om haar teleur te stel. Sy  
verlang seker nog meer as hy. Drie weke het al  
verbygegaan en daar is nog geen nuus van sy pa nie.  
Hy hoor hoe sy oupa ander herders uitvra wanneer  
hulle van Jerusalem af terugkom: “Enige iets van  
Elias verneem?” Niemand het nie. Sy pa het soos ’n  
groot speld verdwyn.

“Wat wil Oupa dan hê, Joshua?”

“Hy vra of Ma asseblief vir hom olyfolie en kruie kan  
stuur. Hy wil binnekort met die skape na die  
somerweivelde toe trek.” Joshua gaan sit en tel sy  
jongste sussie op sy skoot. Die groter enetjie kom  
styf teen hom staan.

“Oupa is vroeg vanjaar. Gaan hy nie vir jou pa wag  
nie?”

“Die ander herders redeneer en stry met Oupa, Ma. Hulle sê ook dat Oupa twee weke te vroeg is. Hy moet wag dan trek hulle saam, maar Oupa maak reg. Ons het klaar geskeer en iets maak vir Oupa haastig. Ek het vanmiddag gesien dat hy glad nie soos gewoonlik gerus het nie. Daar waar die skape in die koelte gelê het, het hy een vir een sorgvuldig deurgegaan. Verlede jaar het hy dit ook gedoen net voordat ons getrek het. Pa het toe gedink dat Oupa nie weer moet saamtrek nie, want dit is al vir hom te vermoeiend. En nou is Pa nie hier nie.”

’n Maatjie roep buite en die kleintjie gly van Joshua se skoot af en stap by die deur uit. ’n Rukkie later volg die ander sussie haar. Nou is dit net Joshua en sy ma. Hy is dankbaar. Dit is goed vir hom om soms alleen met sy ma te wees.

Rebekka hoor dat Joshua bekommerd is. Hy voel seker dat die verantwoordelikheid op hom rus nou dat sy pa nie hier is nie. Sy weet egter dat haar kind bekwaam is om die skape na die ver somervelde uit te lei. En Oupa is daar. Vir Oupa moet ’n mens nooit onderskat nie. Hy is taai en sy wysheid en ondervinding het hulle al van baie moeilikhede gevrywaar.

“Hoekom wag Oupa nie maar tot Pa kom nie, Ma? Pa sal tog nie vir altyd wegbly nie. Hy weet mos die skape moet trek.”

“Dit is reg, Joshua. Jou pa sal nie vir altyd wegbly nie. Sodra die Waarheid hom gevind het, sal hy terugkom,” sê Rebekka vol vertroue en sit haar hand op Joshua se arm, “maar ons weet nie wanneer dit sal wees nie. Ek ken jou Oupa as ’n baie, baie waaksame herder. As hy vroeër wil trek, het hy moontlik in die natuur iets opgemerk wat wys dat dit tyd is om met sy kudde te trek. Jou Oupa se hart klop vir sy skape. Ek glo nie dat dit is omdat hy nie vir jou pa wil wag nie, maar as hy ’n voorgevoel het dat hy moet trek, sal hy trek sonder jou pa. Oupa het deur al die jare nog nooit sommer iets impulsief gedoen nie. Hoekom sal hy nou? Oupa is ’n besondere man, Joshua. Ek ken nie nog ’n herder soos hy nie. Hy vrees God en hy respekteer die wette van die natuur. So het hy vir homself ’n naam gemaak. Hy het die herdergemeenskap deur sy onberispelike lewe in die oë van die hele Betlehem verhoog. Sal hy nou na al die jare ’n oordeelsfout begaan?”

Rebekka is self verwonderd oor haar skielike verdediging van haar skoonpa. Sy kry hom intens jammer. Hy is so nou aan Elias verbonde en sy seun het sy pa alleen agtergelaat. Miskien lyk dit asof

Oupa nie begryp nie, maar Oupa se begrip is diep soos die waterpoel daar tussen die klowe. Hy verstaan wat 'n brandende verlange aan 'n man kan doen. Het hyself dan nie jare lank die vurige begeerte dat die beloofde Messias moet kom en die Romeine terugbetaal nie? Oupa verstaan vir Elias, maar hy stem nie met sy seun se soeke saam nie. Oortuig kon hy Elias nie, nog minder vashou, daarom bloei sy hart in hom.

“Ek sal vir priester Ishod vra om saam met my te bid. Met Jesus as my Herder hoef ek nie bang te wees nie, want Hy sal my nooit sonder Hom laat gaan nie.” Sy ma se ernstige woorde het hom laat vergeet dat hy nog nie oor sy nuutgevonde geloof moet praat nie. Dit het sommer spontaan uitgevloei. Hy kyk verskrik na haar. Hoe gaan sy reageer?

“Het jy Jesus van Nasaret ontmoet, my seun? Ken jy Hom dan?”

“Ja, Ma. Ek ken Hom. Hy is die beloofde Messias vir wie Oupa nog wag en na wie Pa nog soek.”

“Wanneer het jy dit uitgevind, Joshua?”

Ondersoekend kyk hy na sy ma terwyl hy vertel: “Priester Ishod het dikwels by my kom sit. Eendag het hy vertel wat, daardie dag toe die gordyn in die tempel geskeur het, met hom gebeur het. Sy

vertelling het iets in my aangeroe. Ek het aangetrokke gevoel elke keer wanneer hy oor Jesus gepraat het en ek wou meer hoor. Hy het begin om die Skrifte vir my uit te lê, vanaf Adam en Eva en die belofte van God dat Hy iemand sou stuur om die kop van die slang te verbrysel. Priester Ishod het vanaf Noag wat die vloed oorleef het, van Abraham, Isak en Jakob, Josef, Moses, Dawid, en regdeur tot by die profete vir my die lyn van die Messias deurgetrek. Alles het so in plek geval. Het Ma geweet dat Jesaja Jesus se lyding en kruisiging voorspel het?"

Rebekka kyk na haar seun se blink oë en hoor hoe hy in sy opgewondenheid oor sy woorde val.

"En glo jy ook dat Hy uit die dode opgestaan het, Joshua?"

"Ja, Ma. Hy het! Hy leef!"

"Hoe weet jy dit, my kind?"

"Ma, nadat Jesus na die hemel toe opgevaar het, het Hy eendag sy Gees op sy volgelinge uitgestort. Daardie selfde Gees het ook na my toe hier op die heuwels buite Betlehem gekom en my oortuig dat ek 'n sondaar is wat die dood verdien. Toe het ek gesien dat Jesus daardie dood wat ek verdien, oorwin het. Hy het my sonde daar aan die kruis op Homself geneem en God se straf vir my gedra. Hy was

onskuldig, ek was die skuldige, maar Hy het Homself gegee dat ek gewas kan word in die bloed wat Hy vrywilliglik gestort het. Hy het die pad gemaak sodat God my kan vergewe. Toe het Hy sy eie Gees gestuur om in my te woon en my 'n kind van God te maak. God is nou nie net Jesus se Vader nie, maar ook myne. Hy het my verlos van die mag van die sonde en die mag van hierdie wêreld en my deel van Sy hemelse koninkryk gemaak. Ek het nuut geword, Ma, en my hele binnekant weet dit. Jesus is die Messias, maar nie om ons van die Romeinse oorheersing te verlos nie, maar van die oorheersing van die vyand van ons siel en van die slawerny van die sonde wat ons van Adam geërf het.”

Dit is die heel eerste keer dat Joshua praat oor wat hy beleef het, behalwe natuurlik met priester Ishod. Selfs teenoor die ander jong mans saam met wie hy soms in die middag by die skape sit, het hy nog nie reguit gepraat nie. Nie dat hy bang is nie, maar hy weet dat dit sy oupa se ore sal bereik en miskien is die tyd daarvoor nog nie ryp nie. Dit het egter nou sy ma se ore bereik en hyself het dit vir haar vertel! Geleidelik dring dit tot Joshua deur dat sy ma nie kwaad is nie, intendeel haar gesig straal van vreugde. Blydskap wel in sy hart op en hy roep uit:

“Glo Ma ook?”

“Ja, Joshua, ek is ook ‘n gelowige, ’n volgeling van Jesus Christus van Nasaret.” Hulle oë ontmoet. Hy staar verheug na haar. Sy ma is ook ‘n gelowige. Daar is hoop vir sy pa en sy oupa. Nou is daar twee in die familie wat vir Jesus volg! Twee!

“Wanneer het dit gebeur, Ma?” vra hy opgewonde.

“Dit het ook by priester Ishod begin. Daar waar ons vrouens wasgoed was, het hy dikwels kom sit en vertel wat met hom gebeur het. Baie lag vir hom, eintlik spot hulle openlik en maak hom af as iemand wat mal is. Net soos met jou, het iets in my hart gebeur en terselfdertyd ook in vier ander vrouens se harte. Ons het begryp wie Jesus is en wat Hy gedoen het. Noudat die vervolging losgebars het, is ons versigtig. Ons vyf sorg dat ons vroeër as die ander vrouens gaan wasgoed was en dan gebeur dit gewoonlik dat priester Ishod daardie tyd verbystap. Nou ja, Joshua, jy ken vir priester Ishod! Wanneer hy weer wegstap is ons harte versterk en verstaan ons nog meer hoedat die Skrif deur die koms van Jesus Christus vervul is. Ander vrouens begin opmerk dat ons verander het en hulle begin vrae vra, dus kry ons geleenthede om te getuig.”

Ma en seun verkeer nog lank diep in gesprek en geniet die eenheid wat hulle in Jesus Christus gevind het. Hulle het ook dinge om teenoor mekaar reg te

maak, misverstande en verkeerde optredes. Dit is maklik om van harte te vergewe, want is hulle dan nie vergewe vir alles waar hulle gesondig het nie? As gelowiges kan hulle saam bid en die trek van die skape voor die Here bring, en so ook vir Elias daar waar hy hom bevind met die soeke van sy hart.

Uiteindelik staan Rebekka op:

“Kind, jy is seker honger!” Terwyl sy gou brood en kaas uithaal, sê sy. “Net gister het ek Oupa se kruie bymekaar gemaak en ook swael vir hom gaan koop. Ek wou dit vir hom gereed hê, want hy sal nooit sonder sy salf met die skape trek nie. Oupa hou daarvan om sy salf self te meng. Deur die jare het hy al geleer presies hoeveel olyfolie hy saam met die kruie en die swael moet gebruik. Sal hy nou bly wees wanneer jy vanaand al met alles daar aankom.”

“Oupa het gesê dat ek vanaand hier kan slaap, Ma, en dan môre vroeg weer kom.”

“Ek dink nie jy moet Oupa alleen los nie, Joshua. Hy sal seker ook niks vir hom maak om te eet nie. Nou dat jou pa nie daar is nie, dink ek dat jy liever vanaand moet teruggaan.”

Swaar belaaï met alles wat sy ma ingepak het, draai Joshua teen die hoogste bult om en kyk terug na hulle huis. Sy ma staan nog in die deur. Hy waai en

rek toe sy treë om voor donker by sy oupa te wees. Die warmte van sy gesprek met sy ma en hulle saamwees vanmiddag bly nog lank by hom.

Oupa het die skape net klaar versorg toe Joshua daar opdaag. Met 'n terglaggie sê hy: "Kan jy nie eers een nag van jou skape af wegbly nie, Joshua?"

"Dis nie eintlik die skape nie, dis my oupa wat die trekpleister is."

Hy praat so in sy oupa se kraal. Terwyl Joshua die vuur maak, kyk Oupa deur die goed wat Rebekka saamgestuur het.

"Alles is hier! Jou ma se hande staan ook vir niks verkeerd nie. 'n Mens hoef nie vir haar te wag nie." sê Oupa tevrede. Hy gaan pak die goed vir sy salfmengsel veilig in die tent weg en toe kom hy by die vuur sit. Joshua haal vars roosterkoeke uit wat sy ma ingepak het en lekker dik kaasskywe. Terwyl Oupa smaaklik eet gesels hy:

"Jy sal sien, Joshua, daar in die somervelde is die neusvlieë sommige jare 'n groot plaag. 'n Mens kan nie daarheen gaan sonder self nie. As ons die self betyds aan hulle neuse en koppe smeer, sal hulle nie probleme hê nie, want dit skrik die vlieë af. Anders draai die vlieë so om 'n skaap se kop dat hy geen rus het nie. Ek het al gesien hoedat 'n kudde

paniekbevange raak wanneer die vlieë om hulle saamdrom. Hulle slaan sommer doelloos op die vlug om te probeer ontsnap. Of hulle stamp met hulle pote en hardloop van die eenkant van die weiveld na die ander kant. Skape kan maer word, al is daar goeie weiding. Die vlieë pla hulle so, dat hulle nie kan vreet nie. Hulle sal enige ding doen om van die vlieë ontslae te raak. Soms steek hulle sommer hulle koppe onder 'n bos in en staan dan vir lang rukke so. Gelukkig help hierdie salf, dit is selde dat my skape oor 'n vliegplaag rusteloos word en dan is hulle ook vry van die neuswurms wat hulle so kan laat swaarkry. Hoekom die vlieë nou juis hulle eiertjies in 'n skaap se nat neusslymvliese wil kom lê, sal net hulle weet ”

“Oupa moet tog asseblief nie vergeet om vir my die resep van die salf te leer nie. Ek weet dis olyfolie en swael en kruie, maar hoeveel van elke ding. Daar lê die geheim.

Voetstappe kom nader. Oupa kyk om.

“Naand Safan. Kom sit gerus. Hier, neem iets om te eet.”

“Dankie, Miklot.” Die herder sleep 'n velstoeltjie nader en gaan sit moeisaam.

“Ek het al geëet.”

“Was jy vandag Jerusalem toe met skape? “

“Ja, die verkopers het laat weet dat ek skape kan bring.”

“Watter nuus het jy? Iets van Elias gehoor?”

“Niks van Elias nie, maar mense praat oor Saulus van Tarsus.”

“Wat van hom? Hy was mos verder die land in om die nuwe sekte te probeer onderdruk.”

“Ja, hulle sê dat hy nou ook 'n volgeling van die Jesus geword het.”

“Ag bog! Hy het dan juis briewe van die Joodse Raad dat hy die mense gevange kan neem. Hoekom sal hy nou een van hulle word? Bog! Dis nou sommer weer tipiese Jerusalem praatjies.” Dit klink asof Oupa niks verder wil hoor nie, maar Joshua se aandag is vasgevang. Hy hoop dat die ou herder nie dadelik gaan loop nie.

“Miklot, daar is 'n storie wat die mense vertel. Hulle sê dat Saulus op pad was na Damaskus toe daar skielik uit die hemel 'n helder lig geskyn het. Die lig was so skerp dat Saulus daarvan blind geword het. Hulle moes hom na Damaskus toe lei. Hulle sê dat Jesus van Nasaret uit die hemel met hom gepraat het. Hy wou niks eet nie. Vir dae lank het hy net

gebid. Toe het iemand na die plek gekom waar hy was en het vir hom gebid. Iets het van sy oë afgeval en hy kon weer sien. Hy het na die volgelinge van Jesus gaan soek en ook begin preek.”

“Safan, ek kan dit nie glo nie. Daardie vuurvreter van ’n Saulus, nou ’n volgeling van ’n bedrieër. Waar kom jy aan die storie?”

“Een van die soldate wat saam met Saulus was het na die Joodse Raad toe gekom en hulle alles vertel. Hy was daar. Hy het dit gesien.”

“Ag nee wat, dis seker net ’n slim set om die sekte om die bos te lei. As hulle dink dat die een wat hulle jag nie meer hulle vyand is nie, kan hulle makliker gevang word.” Oupa verander dadelik die onderwerp en vertel Safan dat hy oor twee dae gereed sal wees om met die skape te trek. Joshua luister nie verder na hulle gesprek nie. Sy gedagtes is by wat hy oor Saulus gehoor het. Hoe fantasties sal dit nie wees as dit waar is nie! Dan sal Jesus se volgelinge weer rus hê om die boodskap van vergifnis en verlossing te verkondig.

## 4

**J**oshua is dankbaar toe hy soos die skape ook in die koelte kan uitstrek. Oupa kom langs hom sit en sug tevrede.

“Ons het vandag besonder goed getrek. Toe ek die dak van die tempel nog voor die tyd van die oggendoffer in die son sien glinster, het ek geweet dat ons vanmiddag daarin sal slaag om die skape deur die vallei te neem. Die skape hou goed.”

Joshua kyk in die vallei af, dit is nou die berugte Vallei van Doodskaduwee. Herders van heinde en ver kom met hulle kuddes na hierdie spesifieke pad tussen Jerusalem en Jerigo. Eeu-oue stories oor die gebeure wat in hierdie vallei afgespeel het, is bekend by elke herder en sy seuns. Dit word saans met smaak om die vure vertel en elke herder het iets uit sy eie ondervinding om by te voeg. Elkeen weet ook haarfyn hoeveel keer hy al die skape deur die gevaar gelei het. Oupa is die rekordhouer tussen die herders van Betlehem met vyf-en-vyftig keer. Vandat hy

sewentien was, het hy nie een enkele somer gemis nie.

Verlede jaar was hy wat Joshua is self sewentien en het hy vir die eerste keer saamgekom. Hy dink terug aan wat hy toe gesien het. Om die laagliggende vlaktes van die Dooie See te bereik, moet hulle deur hierdie vallei. Die bergreeks versper die weg, behalwe hierdie nou deurgang tussen die geweldige hoë kranswande. Dit 'n gevaarlike pad. Nie eers 'n donkie kan as pakkier saamgevat word nie. Op baie plekke is die rotsbodem so weggevreet deur wind en reën, dat selfs die skape op sommige plekke sukkel om vastrapplek te kry. Diep slote sny deur die loopvlak van die vallei. Dit is so nou daar onder tussen die geweldige hoë bergwande dat die sonlig heeltemal uitgedoof word. 'n Mens trek ure lank met 'n kudde deur die nou gangetjie met digte skaduwees, want die vallei is seker maklik so ver soos wat Betlehem van Jerusalem af is. Daarom dat Oupa so dankbaar is dat hulle vroeg hier aangekom het.

Joshua kyk na sy oupa. Dié sit met sy rug teen 'n rots, bene voor hom uitgestrek en het ingedut. Dit is nou Oupa, dink Joshua. Hy kan slaap en verfris word, want hy is nie bang vir wildehonde wat vanmiddag die skape sal voorlê nie. Die diep skeure waaroor

hulle moet gaan, hou vir hom geen verskrikking in nie. Hy is die herder van die skape en hy ken die pad. Dawid, die herder van ouds, het seker self hierdie vallei deurgetrek, dink Joshua. Die Psalm wat hy geskryf het kom onwillekeurig in sy gedagtes op:

Die Here is my herder, niks sal my ontbreek nie.

Hy laat my neerlê in groen weivelde,  
na waters waar rus is, lei Hy my heen.

Hy verkwik my siel;

Hy lei my in die spore van geregtigheid ,  
om sy Naam ontwil.

Al gaan ek ook deur die dal van  
doodskaduwee,

ek sal geen onheil vrees nie,  
want U is met my:

u stok en u staf, dié vertrou my.

Hy ervaar hoedat die innerlike spanning wat in hom opgebou het oor die gevaarlike trek deur die vallei wegvloei en hoe 'n dankbaarheid en vrede van hom besit neem terwyl hy die Psalm in sy gedagtes opsê. Hy onthou weer sy ma se gebed en die vaderlike raad van priester Ishod. Alleen met sy oupa op die somerweivelde, sal hy sekerlik 'n geleentheid kry om te praat oor Jesus Christus, die Messias, vir wie Oupa al so lank wag.

Die skape is nie heeltemal so rustig soos hulle herder nie. Baie van hulle staan op, maal rond en gaan lê na 'n rukkie weer op 'n ander plek. Joshua sien hoedat een van Oupa se geliefkoosde moederooie skielik opstaan en haar bene styf maak. Sy gee 'n verwoede blêr en storm op 'n jonger skaap af wat haar in 'n koelte kolletjie nader aan Oupa gaan neervly het. Die skaap spring op om die ouer ooi se stamp te ontduik.

“Arla, kom tot rus!” Oupa het wakker geword van haar kwaai blêr. Die skaap draai haar kop na Oupa en gaan lê self daar waar sy die ander een opgejaag het. “Ja, die ou moederskaap hou tog niks van trek nie. Nou moet die ander dit ontgeld.”

Oupa staan op, neem sy herderstaf en roep die skape. Joshua gaan stap langs sy oupa. Hulle sak in die vallei af. Toe die skaduwee oor hulle toesak, is daar geen tyd meer vir rondkyk nie. Al die aandag is by die skape, by hulle behoeftes en hulle veiligheid. Een skaap verloor haar balans en val in 'n skeur. Ongelooflik vinnig is Oupa daar. Met sy staf lig hy haar weer uit. Joshua laat sy blik voor die skape uitgly, terwyl Oupa besig is. Hy sien 'n wilde hond wat al halflyf agter 'n rots uitgekom het en op 'n skaap afstorm. Joshua se waarskuwende “Baa!” bring die skape tot stilstand en toe tref sy kerie die hond vol teen die kop. Die wilde hond tjank en rol in 'n sloot in.

Joshua spring agterna. Oupa is gou by. Hulle slaan die roofdier dood. Toe trek hulle weer verder. Altyd verder en verder in die vallei af.

So halfpad kom hulle by die plek waar 'n diep afgrond die vallei in twee sny. Aan die anderkant van die afgrond is die loopvlak van die voetpaadjie ook heelwat hoër as waar hulle nou staan. Die skape moet hier self oorspring. Oupa gaan staan by die skeur en roep die eerste skaap by die naam. Hy praat rustig met haar en lei haar om die sprong te maak. Toe die eerste skaap spring, volg die ander makliker. Hier en daar steek 'n skaap vas, dan praat Oupa rustig en noem die skaap op die naam. 'n Paar skape spring te kort en val terug in die gapende skeur. Joshua skat dat die afgrond dieper as sy eie lengte is. Oupa gee hom die kans om die skape met sy staf weer uit te trek. Hy voel hulle behendig deur om te sien of niks seergekry of gebreek het nie.

Toe die kloof breër word, is Joshua verbaas om te sien dat die son nog skyn. Oupa lei die skape reguit na 'n drinkplek waar die water nie vinnig loop nie, maar waar die rotsholtes dammetjies vorm en die water nie bruis en kabbel nie. Die twee herders en die skape is moeg. Hulle vertoef lank daar langs die water totdat die son net-net agter die berge insak.

“Kom ons trek ’n ent weg van die berge, Joshua, anders sal ons vannag te veel las van die wilde diere hê. Môre kan ons dan verder tot by ons staanplek gaan.” Joshua dink hoe moeg hy van die lang dag is en wonder hoe sy oupa moet voel, maar Oupa stap nog regop voor sy skape uit en eers toe dit regtig donker is, roep hy halt. Hulle laat die skape nog wei terwyl Joshua hout vir ’n vuur bymekaar maak. Hier in die oop veld sal ’n groot vuur hulle vannag help om roofdiere af te skrik. Hy sleep elke stomp en tak wat hy kan kry aan vuur toe. Nadat hulle iets geëet het, bring hulle al die skape nader en laat hulle neerlê vir die nag. Oupa en Joshua skuif ook reg vir die ure van waak en sluimer.

## 5

**D**ie son sit al hoog toe Elias uiteindelik vir Josef groet en haastig na Betlehem toe koers kry. Nie ver van Jerusalem af nie, loop hy hom in Safan en sy skape vas. Elias groet, maar met net 'n ligte kopknik stap Safan by hom verby. Elias kyk die ou herder agterna. Hy ken die ou man baie goed, hy het saam met sy seun opgegroeï. Waarom word hy nou soos 'n vreemdeling behandel? Daar is duidelik iets verkeerd. Dit is algemeen bekend dat die arme ou herder gou mismoedig en terneergedruk word, en hier is hy stokalleen aan die trek met sy kudde. Elias draai terug en val langs die ou herder in, maar hy is effens ongemaklik en weet nie eintlik hoe om 'n gesprek aan te knoop nie, daarom verlustig hy hom eers in die bekende geruis van die honderde skaappootjies agter hulle. Dit klink soos musiek in sy ore en skielik voel hy tuis.

“Waar is Joram dan, herder Safan?”

“Siek.” Die ou man is duidelik nie lus vir gesels nie.

“Dit moet ’n ernstige siekte wees, want so ver ek weet, het Joram nog nie eenkeer die trek na die somervelde misgeloop nie.” Hy kry die ou man jammer wat nou genoodsaak is om alleen deur die Vallei van Doodskaduwee te trek en sê: “Dan help ek eers met die skape, ek kan môre na my mense toe gaan.”

Die ou herder kyk vinnig na Elias en gee ’n sug van verligting.

“Dankie. Ek is die laaste van Betlehem se herders wat trek, want ek het nog vir Joram gewag. Die lang ure buite in die sneeu het hom nie goed gedoen nie.”

“Sneeu, hierdie tyd van die jaar! Dit is mos ongehoord. En al die skape wat pas geskeer was?” vra Elias geskok.

“Ja, toe ek en jou pa nog klein seuntjies was het dit ook eenmaal so buite seisoen gesneeu. Uit hierdie trop het ek tien ooie verloor. Ander herders se skade was nog groter. Jou pa se kuddes het die ramp misgeloop, want hy het ’n voorgevoel gehad. Hy en Joshua het veertien dae vroeër as gewoonlik getrek. Ons het hom probeer ompraat, maar Miklot het net gesê ‘Ek voel ons moet so gou as moontlik trek.’ As ons maar na hom geluister het, dan was ons al die ellende gespaar. Daar lê Joram nou, pap en koorsig.

Die pyn in sy bors wil nie skiet gee nie. Ek weet nie of ek hom weer sal sien nie. Hy is baie siek, maar ek kon nie langer wag nie. Daar is geen weiding meer vir die vee nie. Nadat die sneeu gesmelt het, was daar weer nuwe groei, maar dit het nie lank in die droë hitte gehou nie.”

Deernis vir die ou man wat so bekommerd is oor sy seun, wel in Elias op. Hy loop nog en dink wat hy kan sê om Safan te troos, toe die ou herder na hom kyk en vra: “En jy? Het jy gekry waarna jy gaan soek het?”

Elias skud sy kop en kyk ver oor die velde heen: “Nee, herder Safan, nee, ek het nie gevind nie.”

“Jy was dan so lank weg!”

“Dit is nie dat ek nie gesoek het nie,” verontskuldig Elias homself. “Ek het vir Josef, die kreupel bedelaar wat deur Petrus genees is, ontmoet. Weke lank het ek saam met hom die land deurkruis. Hy wou die mense wat deur Jesus van Nasaret genees is, gaan opsoek en hulle die goeie nuus meedeel dat Jesus hulle nie net genees het nie, maar dat hy ook vir hulle sonde aan die kruis gesterf het en vooruit gegaan het om vir hulle ’n plek in die hemel voor te berei. So het ons daardie jong man van Nain, wat deur Jesus uit

die dode opgewek is, gevind. Hy het vir ons 'n storie vertel wat ek nie kan vergeet nie.”

“Wat was dit?” Safan is duidelik geïnteresseerd.

“Hy vertel dat toe hy gesterf het, hy ervaar het hoe hy sy liggaam verlaat. Hy het sy ma en al die bure wat gekom het om haar te troos, gesien hui. Hulle het om sy liggaam saamgedrom, maar hy is vinnig weggevoer na 'n plek waar dit stikdonker was en in daardie donkerte was geen teken van God se teenwoordigheid nie en hy het geweet dat hy vir ewig verlore was. Hy sê dat woorde van die tien gebooie soos vuur in sy ore gebrand het:

‘Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.’ Hy het begin skree, want sy skuld het in hom soos 'n vuur gebrand. Elke woord wat hy ligtelik gepraat het oor die offer wat hy vir sy sondes moes bring, die gespot daarvoor met sy jong vriende, het in hom gebrand en hy kon nie vry kom nie.

Dan het 'n ander gebod weer met 'n intensiteit soos 'n kool vuur in sy ore gebrand.

‘Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.’ Hy het ons vertel hoedat hy net harder

geskreeu het, want hy het ervaar hoe regverdig God se oordeel oor hom was. Hy het sy ma se lewe moeilik en bitter gemaak met sy losbandige lewe. Al haar raad en smeking het hy in die wind geslaan en sy geld saam met sy vriende uitgemors. Hy vertel wat vir hom die ergste was, was dat hy geweet het hy verdien om in die brandende duisternis opgesluit te word. 'n Donkerplek waar daar geen spoor van die genade van God gevind kon word nie. Mense wat daardie genade en goedheid vertrap en misbruik het, was saam opgesluit en hulle het sonder ophou geskree en gekerm oor die pyniging wat hulle moes verduur.

Skielik was hy weer terug in sy liggaam, weg uit die buitenste duisternis. Hy het regop gesit en vasgekyk in die oë van Jesus van Nasaret. Jesus het die gesag gehad om hom uit die dood na die lewe toe terug te roep. Jesus het sy hand uitgestrek en die jong man van die draagbaar op sy voete gehelp. Toe het Hy hom aan sy ma teruggegee.

“Eer nou jou moeder, jong man, en sorg vir haar,” was sy afskeidswoorde.

Safan draai van die pad af en lei die skape eers na 'n drinkplek waar hulle twee ook onder die koelte van die bosse kan rus. Elias gaan sit teen die heuwel. Sy

innerlike is weer van vooraf deur die storie van daardie jongman versteur. Hoekom het hy nou juis hierdie gebeurtenis opgediep? Daar was so baie ander goed wat hy kon vertel het. As hy eerlik met homself wil wees, is dit omdat hierdie storie hom die diepste geraak het. Omdat hy altyd vir homself wou wysmaak dat God nooit een van Sy volk na die buitenste duisternis toe sou stuur nie, maar die jongman was daar. 'n Mens kon op sy gesig sien en in sy stem hoor dat hy nie lieg nie. Dit is tog ook wat Korag, Datan en Abiram wat so in opstand teen Moses was, ervaar het. Hulle is nie na die hemel weggevoer met 'n vuurwa soos Elia nie. Nee, die aarde het oopgegaan en hulle ingesluk en hulle het geskree soos daardie jong man. Saul wat sy salwing as koning verloor het oor sy ongehoorsaamheid, is ook die dood in op so 'n aaklige manier. Ja, waarskuwings is daar genoeg, dit is sy eie hart wat hom bedrieg en wysgemaak het dat die Here nie 'n enkele lid van Sy uitverkore volk sal afsny en verdoem nie.

Safan haal brood en vyekoek uit sy kossak en breek 'n stuk vir Elias af.

“En die jongman het toe sy ma anders behandel, Elias?”

“Ja, hy het heeltemal verander. Hy is nou ook ’n volgeling van Jesus.”

“Watter soort mense is die volgelinge van Jesus?”

“Goeie mense”, antwoord Elias dadelik sonder huiwering. “Ek het weke lank saam met hulle gereis, geslaap en gewerk. Hulle is opregte mense.”

“Nou hoekom gooi ons leiers hulle dan in die tronk?”

“Seker, maar vir dieselfde rede waarom hulle die man, Jesus, laat kruisig het.”

“Maar Hy was ’n godslasteraar! Hy het teen die wette van Moses ingegaan en die Sabbat ontheilig!”

“Hy was ’n goeie man, herder Safan. Hy het dooies opgewek, siekes gesond gemaak, blindes kon weer sien en dowes hoor. Selfs die duiwels moes hom gehoorsaam.”

“Was ons leiers dan verkeerd, Elias?”

Elias kyk verbaas na die ou man wat so ontsteld klink. Hy het nie geweet dat herder Safan omgee wat die leiers van die Joodse volk doen nie. Hy het altyd gedink dat Safan en sy seun niks meer verlang nie as om net genoeg te hê om te eet en dat hulle skape aanteel soos hulle moet. Joram kan nie eers lees en skryf nie. Safan het nooit erg daaraan gehad dat sy

kind na die rabbi se skool toe gaan nie. Hy moes mos maar net alles van skape weet om 'n bestaan te kan maak.

“Sal dit saak maak as hulle verkeerd was? Jesus van Nasaret is gekruisig. Hy is begrawe, maar hy het nie in die graf gebly nie. Volgens sy volgelinge het Hy uit die dood opgestaan en na die hemel opgevaar. As hy regtig in die hemel is, is hy groter as ons leiers.”

“Ja, maar wat maak ons met 'n Messias wat in die hemel sit? Die Romeine heers nog oor ons. Ons is nog 'n verdrukte volk. Wanneer gaan hy dan kom om hulle weg te dryf?”

Elias sê liewer niks nie. Hy het so baie gehoor, maar hy kan nie die ou herder se vrae beantwoord nie.

“Ek verstaan nie, Elias. Hoe kan die Messias wat God beloop het, toelaat dat die Romeine hom kruisig en dan gaan hy terug hemel toe. Watter doel dien dit? Dit is hoekom ek en jou pa dink dat hy onmoontlik die kind in die krip kon wees. Die engel het 'n Verlosser aangekondig, maar hierdie man kon dan nie eers homself verlos nie, wat nog te sê van 'n volk! Omdat dit nie sin maak nie, is dit beter om maar alles te vergeet.”

Safan laat die skape nie lank rus nie, want hy wil voor donker deur die Vallei van Doodskaduwee wees.

Elias is stil en verstom dat hy die ou man so verkeerd opgesom het. Safan is een van die herders wat die minste van woorde gebruik maak, daarom is Elias so verbaas om te hoor dat die ou herder omgee vir dit wat in hulle land gebeur en dat hy sy gedagtes in woorde kan uitdruk.

“Hier by ons is mense te bang om te praat, maar vertel jy nou vir my, Elias, wat leer die volgelinge van Jesus die mense?” vra Safan toe hulle weer met die kudde op pad is.

“Hulle sê dat Jesus van Nasaret die Seun van God is. God het hom gestuur om die mense van hulle sonde te red. Daarom het hy mens geword en hier by ons op aarde kom woon. Aan die kruis het hy blykbaar ons straf vir die sonde gedra, sodat ons deur sy bloed gered kan word en die ewige lewe kan ontvang.”

“Verstaan jy dit, Elias?”

Elias sug diep: “Nee, hoe hard ek ook al probeer, ek kan dit nie verstaan nie.”

“Is dit dieselfde een wat ons in die krip gesien het?” vra Safan. Hulle daal nou al af na die vallei ver onder hulle.

“Ja, dieselfde een. Sy ouers het met hom na Egipte toe gevlug nadat 'n engel die pa in 'n droom gewaarsku het. Daarom was hulle nie meer in Betlehem toe Herodes se soldate die gruweldade gepleeg het nie. Na Herodes se dood, het hulle in Nasaret gaan woon.”

“Maar sy ma was tog 'n doodgewone vrou? Hoe kan hulle sê dat hy die Seun van God is?” vra Safan.

Elias antwoord nie. Hy voel moeg en moedeloos. Hy moes nooit met die ou herder gepraat het nie. Hy het so baie gesien en gehoor, maar hy weet nog nie wat om te dink en te sê nie. Met 'n swaar gemoed ervaar hy hoe die skaduwee van die vallei oor hulle toesak. Nou weet hy dat hy sy aandag by die skape en hulle deurgang moet bepaal. Aan die anderkant is sy pa. Sy pa wag nog altyd op die Messias. En hy? Hy loop met 'n bondel vrae wat ontrafel kan word as hy net kan glo wat Jesus se volgelingen vertel. Nie dat hy nie probeer het nie, maar sy begrip is toegesluit, bottoe.

'n Skaap blêr benoud. 'n Wildehond het van agter gekom het en die skaap aan die been beetgekry het. Ander skape spring verskrik weg en bondel vorentoe saam waar hulle mekaar in die slote stamp. Elias is naby genoeg om die hond 'n geweldige hou met sy kiere teen die kop te gee. Hy volg die hond wat wegsteier en slaan hom dood. Toe kyk hy gou na

waar die ou herder is. Hy sien hom nie en merk dat die voorste skape verwilderd verder en verder hardloop. Hy roep na hulle, maar die skape ken nie sy stem nie.

“Herder Safan!” Sy roep klink hol hier in die kloof.

Hy hoor ’n kreun en toe roep Safan:

“Kom help my gou hier uit.” Elias besef dat die verskrikte skape hulle herder in ’n diep skeur ingestamp het. Hy moes sy balans verloor het toe hulle skielik teen hom vasgestorm het. Hy spring in die skeur af en lig die ou herder met groot moeite uit. Die arme man het met die val so ’n harde hou teen sy bobeen gekry dat hy glad nie kan loop nie. Hy het seker ’n uitstaande rotpunt getref. Elias tel eers twee skape uit wat saam met hulle herder ingeval het, toe klim hy uit en kyk na die ou herder se been. Gelukkig vir hom is die been nie gebreek nie, net baie gekneus en pynlik. Die ooi met die wond in die been het sukkel-sukkel tot by hulle gevorder. Sy blêr en druk haar neus teen Safan se hand. Die ou herder sit sy hand op haar kop en roep toe in die vallei af na sy ander skape wat op vlug geslaan het. Dit is ’n ramp, want vorentoe kan nog wildehonde vir hulle inwag en baie verskeur. Hy buk af na die ooi en gooi olyfolie op die wond van ’n kruikie wat hy uit sy herdersak gehaal het. Dan druk hy die losgeskeurde

stuk vel terug en praat sag met die ooi. Voordat hy die kruikie toemaak, drup hy ook 'n bietjie olie op sy eie wond. Sy ander skape het hom nodig, maar hoe kom hy by hulle uit? .

“Elias, ek kan nie op my voet trap nie, die pyn is te erg, tog kan ek my skape nie aan die wolwe oorlaat nie.”

“Kom, klim op my rug. Ek dink ons sal die skape almal bymekaar kry daar waar die groot skeur die vallei in twee verdeel. Hulle sal nie vanself oorspring nie. Ons is byna daar.”

Elias is bekommerd omdat hulle nog nie eers halfpad deur die kloof is nie, maar hy laat niks van sy ongemak blyk nie. Soos hy voorspel het, staan die skape voor die skeur en wag vir hulle herder. Die sweet tap Elias af toe hy Safan versigtig neersit. Die ou man leun teen 'n rots en praat met sy skape. Dan hop hy tot reg langs die skeur en moedig die eerste skaap aan om oor te spring. Daarna volg die ander sonder huiwering, net 'n klompie van die jong skape moet aangepor word.

Hulle vorder goed. Elias kry swaar onder sy vrag en tog is hy dankbaar dat hy daar is om te help. Wat sou die arme ou herder gemaak het as hy heeltemal alleen met sy skape was? Sonder dat hy daarvoor

gevra het, kom die herderspsalm van Dawid skielik in sy gedagtes op en Elias dink weer aan sy pa se woorde:

“En waar is sy skape? Hulle kruip in skeure en gate weg! Is dit ’n goeie herder wat so met sy skape maak?”

Sy gedagtes gaan na die volgelinge van Jesus Christus. Hulle het ’n herder. Hulle is versorg en verlos. Die gedagte tref hom diep. Hulle is verlos! Hulle is verlos van vrees vir die dood. Hy het nie een van die volgelinge ontmoet wat bang is om vir hulle geloof te sterf nie. Almal van hulle is gereed om voor God te gaan staan. Skielik gaan sy begrip oop en alles wat hy gehoor en gesien het, val in plek. Dit wat hom bly ontwyk het, tref hom soos ’n weerligstraal.

“Jesus, maar U is die Verlosser! Ek glo dat U die Seun van God is!” sê hy verwonderd.

“Wat sê jy Elias?” vra die ou man, maar Elias besef nie eers dat hy hardop gepraat het nie. Die gedeeltes wat hy oor die Messias uit die Skrifte gememoriseer het, flits deur sy gedagtes.

“Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman. Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.”

“En jy, Betlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat ’n Heerser in Israel sal wees; en Sy uitgang is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid”

“Hy is die Kind wat in Betlehem gebore is! Die Kind wat my pa en die ander herders in die krip sien lê het, net soos die engel gesê het. Hy het nie gekom om Israel fisies van sy vyande te red nie, maar om die kop van die slang te verbrysel en die mens weer te herskep soos dit in die dae van Adam was! Hy het gekom om die belofte van God te vervul!”

“Elias, sit my neer. Jy is te moeg, ek kan nie hoor wat jy sê nie.” Die ou man gly van sy rug af en leun swaar op sy herderstaf: “Wat pla jou?” vra hy en kyk Elias ondersoekend aan.

“Ek het nou vir die eerste keer besef dat Jesus van Nasaret werklik die kind is wat in die stal in Betlehem gebore is. Hy is die Verlosser van Israel! Dit is van Hom wat die engel gepraat het!”

“Maar hoe kan jy nou so seker daarvan wees? Netnou het jy gesê dat jy nie weet nie! Jy moenie ook jou verstand verloor net soos ou Ishod nie! Dit sal jou pa na sy graf toe stuur.”

Elias hoor wat Safan sê, maar dit is so ver van hom verwyder dat hy nie eers antwoord nie. Hy sien voor

sy geestesoog weer vir Jesus aan die kruis hang en hoor die spotters se gekras. Hy het ook gespot, nie hoorbaar nie, maar in sy hart. Hy wou oor die frustrasie in hom 'n klip na Jesus toe slinger, omdat Jesus nie soos die een van sy drome opgetree het nie. Hy het Hom verag en Hom nie eers as 'n mens gereken nie. Snikke bars uit hom en hy begin bitterlik huil.

Die ou herder skrik en en heeltemal verbouereerd en ongemaklik pleit hy: "Elias! Elias! Hou op. Jy word mal!" Hy sien hoedat Elias op sy knieë neerval en tussen sy snikke deur uitskreeu:

"Ek is 'n sondaar!"

"Kom nou, kom nou, dit is nie so erg nie. Ons almal doen sonde. Jy moet jou dit nie so aantrek nie," paai die ou man.

"Ek het Hom gevloek en gespot."

Safan vlug eerder weg van hierdie onbekende situasie. Al leunende op sy staf hink hy sukkelende voor sy skape uit en lei hulle verder deur die kloof. Elias is glad nie bewus daarvan dat hy alleen gelos is nie. Hy bevind hom in sy gees voor Jesus, die Christus. Hoe weet hy nie, maar geloof het skielik van hom besit geneem. Hy 'n sondaar wat die dood verdien, glo dat hy vergewe is en dat sy Verlosser,

Jesus Christus, vir hom vergifnis bewerk het. Hy hoef nie weer 'n offer na die tempel toe te neem nie.

Nuut van binne staan hy heelwat later van sy knieë af op. Die skaduwee in die vallei het so dig geword dat hy moeilik die loopvlak kan sien. Daar is geen spoor van ou herder Safan nie. Ook toe hy aan die anderkant van die vallei op die vlakte uitkom, kan hy die ou man en sy kudde nêrens bespeur nie. Dan het hy reggekom, troos Elias homself.

Met 'n ligte tred en 'n verligte hart stap Elias na sy pa se staanplek. Om een of ander rede is daar 'n huiwering in hom om sommer openlik daar op te daag. Daarom benader hy die kraal met 'n ompad sodat hy eers ongemerk vir hulle kan dophou.

Die donker het al toegesak toe hy agter die laaste heuwel uitkom. Daar sit drie figure by die vuur. Sy pa, Joshua en priester Ishod! Wat maak die priester hier? Rebekka het seker nuwe voorraad met hom saamgestuur. Rebekka! Verlange na hulle almal brand in sy bors, maar tog stap hy nie in die ligkring in nie. 'n Onsigbare hand hou hom terug. Hy bly agter 'n rots versteek waar hy duidelik hoor wat hulle gesels.

“Ja, en net vandag het Joshua my vertel dat hy ook glo dat Jesus van Nasaret die Christus is, die Seun

van God. En dit is jou skuld, Ishod. Jy het jou verstand verloor en nou het jy my kleinkind van my kom roof. Hy is nie meer 'n ware Israeliet nie, maar 'n meeloper van 'n sekte!”

Miklot is diep ontsteld en selfs Elias kan dit op 'n afstand waarneem. Emosies van deernis vir sy pa en vreugde oor Joshua verdring mekaar in sy binneste. Hy weet nie of hy moet huil of lag nie.

“Miklot, gee my 'n kans om jou te vertel wat met my gebeur het. Jy sê dat ek my verstand verloor het, maar jy het nog nooit na my kant van die saak geluister nie. En ek ken jou as 'n regverdigde man wat nie gou is om 'n oordeel te vel nie. Daardeur het jy vir jou 'n naam gemaak wat nie net onder Betlehem se herders bekend is nie, maar tot in Jerusalem.”

Elias hoor sy pa se ongemaklike hoesie: “Wel, die nag lê voor ons oop en dit sal seker nie skade doen om na jou storie te luister nie, Ishod” Die ou priester het geen verdere aansporing nodig nie.

“Daardie dag toe Jesus van Nasaret gekruisig is, was dit my beurt om die oggend- en aandoffer te bring. Ek is nie na Golgota nie, bang dat ek nie betyds by die tempel sou wees vir die offer nie. Dus was ek daar in die heiligdom om alles gereed te kry. In die verte kon ek die geraas van die mense hoor.

Meteens het dit donker geword en die tempel het geskud. Ek het duidelik gehoor hoedat iets skeur. Toe ek omdraai om te kyk, kon ek in die lig van die tempelfakkels sien dat die dik gordyn wat die heiligdom van die allerheiligste skei, oopgehang het. Dit het van bo tot onder middeldeer geskeur! Ek kon die ark van God sien! Met vrees het ek op my aangesig geval, wagtende om te sterf. Net die hoëpriester kan in die allerheiligste ingaan en voor die ark van God staan, en hier het ek, 'n doodgewone priester, die teenwoordigheid van God aanskou.

Na 'n lang ruk het ek opgestaan, verbaas dat ek nog lewe. Op daardie selfde oomblik het ek Johannes die Doper se stem duidelik en helder gehoor, net soos die dag daar langs die Jordaanrivier:

'Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is.'

Die woorde het oor en oor deur my geflits. Ek het oral rondgekyk om te sien waar Johannes die Doper dan was. Hy was tog dood. Almal het gehoor dat Herodes hom laat onthoof het. Het hy dan uit die dood uit opgestaan, het ek gewonder. Ek was vir myself vreemd. In plaas daarvan om na die hoëpriester se huis te gaan en te vertel van die gordyn wat geskeur het, het ek die boekrol van die profeet Jesaja opgetel

en my oë het op 'n sekere gedeelte geval: 'Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Noughtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte – dié het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregthede is hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.' Ek het nog daar gesit met die boekrol in my hande, toe die hoëpriester en lede van die Joodse Raad daar ingestorm het. Hulle het hulle klere geskeur toe hulle sien wat in die tempel gebeur het. Die hoëpriester het ons almal weggestuur en die tempeldeure is toegemaak.

Ek het verdwaas in Jerusalem rondgedwaal, totdat 'n vriend my na sy huis toe geneem het. Al waaraan ek kon dink was dat ek daar in die tempel die teenwoordigheid van God gesien het, maar dat nog ek leef. Ek leef nog! So het ek dag na dag net rondgedwaal en geluister en gesoek. Waarna ek gesoek het, het ek self nie geweet nie. Mense het my begin vermy en gesê dat ek my verstand verloor het. Hulle kon nie verstaan waarom ek nie behoorlik met

hulle kon praat nie. Al wat ek kon sê was: 'Die gordyn het geskeur en ek het die teenwoordigheid van God gesien en Johannes die Doper het vir my gesê: 'Die Lam van God wat gekom het om die sonde van die wêreld weg te neem. Hy is die Seun van God.'

Hoeveel dae ek so in 'n dwaal was, weet ek nie, maar eendag was ek buite in die straat toe daar skielik 'n harde geluid van 'n rukwind was. Wat so vreemd was, 'n mens kon die geluid hoor, maar daar het geen wind deur die bome of teen ons klere vasgewaai nie. Ander mense het ook gestop en nuuskierig nadergekome. Binne 'n ommesientjie het 'n groot skare saamgedrom: "Wat beteken dit? Waar kom die geluid vandaan?" Dit was die vraag op almal se lippe. Toe het volgelinge van Jesus van Nasaret uit 'n gebou gekom en elke omstander in sy eie taal aangespreek. Ons was stom van verbasing en verwondering. Petrus het begin praat en verduidelik dat die Jesus wat gekruisig is deur God uit die dood uit opgewek is en dat God Hom Here en Christus gemaak het.

Ek was diep onder die indruk van sy woorde en my sonde was voor my oë. Ek het besef dat ek skuldig was aan die dood van 'n onskuldige Man, want ek het nie geglo wat Hy verkondig het nie. Ek het geweet dat ek die dood verdien en het benoud uitgeroep:

“Wat moet ek doen?” Honderde ander het net soos ek gevoel en Petrus het vir ons gesê: ‘Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.’

Ek het geweet wat dit beteken om my te bekeer sonder dat iemand dit moes verduidelik. My ongeloof was diep en gruwelik! Ek het botweg geweier om te glo dat Jesus van Nasaret die Seun van God is. Ek het nie geglo dat Hy die beloofde Messias is nie, ek was oortuig dat Hy nie die Verlosser van Israel is nie. Van hierdie ongeloof het ek my bekeer. Toe kon ek in opregtheid vanuit my hart sê: ‘Ek glo dat U die Seun van God is, die Verlosser wat gekom het om my van my sonde te red.’ Daarna is ek saam met baie ander gedoop en die Gees van Jesus Christus het in my kom woon. Toe het ek verstaan wat Johannes die Doper bedoel het toe hy gesê het: “Die Lam van God wat gekom het om die sondes van die wêreld weg te neem.” Ishod bly stil.

“Gaan jy ons nie vertel wat hy bedoel het nie?” vra Miklot. Sy volle aandag was by Ishod se vertelling.

“Miklot, ons almal verdien die dood. Soos Adam gesondig het, het ek en jy gesondig. Ons was aan God ongehoorsaam. Weens ons sonde moes ons voortdurend ’n offerdier bring om geslag te word.

Daardie bloed het ons dan verseker dat God ons vergewe het. Elke dag het 'n priester 'n offer gebring om te verseker dat die Here God die volk genadig sou wees en ons ons sonde nie sou toereken nie. Toe het God uit die hemel Sy eie vlekkelose Lam gestuur, dat ons deur sy bloed gereinig en van ons sonde gewas kan word. Soos in die tyd van Moses waar die bloed van die paaslam aan die deurkosyne vir die engel van die dood 'n teken was om verby te gaan, so het die Lam van God sy lewe eenmaal gegee en nou staan die krag van sy bloed tot in ewigheid. Die straf van God wat ons toekom, was op Hom. Deur sy dood en opstanding het hy die kop van die vyand verbrysel. Hy het die dik gordyn van sonde en verwydering wat daar tussen die mens en God gekom het die dag toe Adam gesondig het, geskeur. In sy eie liggaam het Hy dit gedra! Sy eie liggaam is daar aan die kruis geskeur en verbrysel en daar het die goddelike bloed gevloei waarin ons gewas kan word. Besprinkel met sy bloed, kan ons nou vrye toegang tot God hê omdat Jesus Christus die prys vir ons versoening betaal het. Soos Adam in die tuin in God se teenwoordigheid kon wees, so kan die een wat in Jesus Christus glo ook in Sy teenwoordigheid leef.”

Ishod bly weer stil en wag vir sy woorde om in te sink.

“Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ook vir jou wonde, Miklot. Ons het gedink dat die Messias sal kom om ’n leër teen ons verdrukkers aan te voer. Ons het geglo dat Hy as oorwinnaar die glorie van Dawid se ryk weer sal herstel. Dit was egter ons menslike interpretasie van die profete se woorde, want ons as ’n volk hunker daarna om weer in vrede te leef. Maar God se boodskap van vrede op aarde is in sy Seun Jesus, die Christus, opgesluit. Hy het aan die kruis gesterf om ons vry te maak van die dood wat Adam en Eva se siele getref het toe hulle van die verbode vrugte geëet het. Die vyand wat hulle en ons verlei het se mag is nou verbreek. Die dood is oorwin. Die Seun van Dawid het gekom en Hy sal vir ewig as koning heers. Wanneer Hy in ons harte heers, kan ons ons vyande liefhê en hulle hul oortredinge vergewe.”

Elias sit bewoë na sy pa en kyk en wonder wat sy reaksie gaan wees?

Miklot sit voororgeboë en trane drup op sy gevoude hande. Hy praat nie. Niemand dwing hom nie, niemand vra ’n vraag nie. Ishod en Joshua wag rustig. Hulle weet dat hulle Verlosser leef en dat Hy die mag het om Miklot se oë te open. Na ’n lang stilte praat Miklot in ’n gebroke stem:

“Ek onthou die vreugde van daardie nag toe die Kindjie gebore is, toe die engel met ons gepraat het. Dit was amper te groot vir my om te dra en ek het die boodskap geglo. Toe het die soldate gekom en die klein seuntjies in Betlehem doodgemaak. Ook my klein Malotti en sy ma. Nadat ek gehoor het waarom Herodes die soldate op so ’n moordtog gestuur het, het ek die Kindjie wat in die krip gelê het, begin haat. Omdat Hy gebore is, moes ons seuntjies sterf. Ek het my hart bottoe gemaak. Ek wou niks meer van Hom hoor nie, nooit meer aan Hom dink nie en ook niks met Hom te doen hê nie. Ek het eintlik geweet dat Hy die een is wat ook daar in die krip gelê het, maar ek het my hart verhard, ek wou dit nie glo nie. Ek wou nie so ’n Messias hê nie. Ek was bly toe Hy so hulpeloos daar aan die kruis gehang het. In my hart het ek vir Hom geskree: “Ja, voel nou wat ek moes ly omdat jy gebore is! My kind en vrou moes ter wille van jou sterf!”

“Na die kruisiging, kon ek dae lank nie eet of slaap nie. My hart het my aangekla dat Hy niks met die wreedheid van Herodes te doen gehad het nie, en dat ek eintlik wreder as Herodes is. Malotti en sy ma het ’n vinnige dood gesterf, maar daardie Man het ’n verskriklike lyding ondergaan, en ek het dit goedgekeur. Ek het my daarin verlek, alhoewel ek geweet het dat Hy ’n goeie man is, en onskuldig

veroordeel is. Hy, die Onskuldige, is grusaam mishandel, en ek het nie 'n hand opgelig om hom te help nie.”

Daar is weer 'n lang stilte om die vuur. Niemand voel gejaag om die stilte te verbreek nie. Elias weet ook dat die regte oomblik om sy verskyning te maak, nog nie aangebreek het nie.

“Jy het netnou gesê dat ek 'n goeie naam onder die herders het. Dit is so dat hulle dink ek is wys en doen niks oorhaastig nie. Hulle dink dat ek God vrees, maar niemand weet van die wrok wat ek so lank in my gekoester het nie. Haat vir die Romeine, ja, daarmee was almal bekend, maar nie van die wrok teen die Kindjie nie, vir wie ek vir my groot verlies verantwoordelik gehou het. Nou het hierdie diep verborge sonde, hierdie wrok, my ingehaal. Hy het vrywillig my haat op Hom geneem en God se straf daarvoor gedra. Hy wat 'n storm kon stilmaak en blindes kon laat sien, was groter en sterker as die kruis, Hy kon vrygekóm het as Hy wou. Maar Hy wou nie. Hy het gekies om my skuld te dra, sodat daar deur sy wonde ook vir my vergifnis en genesing kan kom. Die Saligmaker waaroor die engele so jubelend gesing het, die Een wat ek daar in die krip in doeke toegedraai gesien het, Hy word vanaand my Here. Te lank het ek my lewe verdonker met hierdie wrok.

Ek glo dat Hy deur God gestuur is om my van my sonde te verlos. My Messias, vir wie ek soveel jare gewag het. Hy het gekom, maar nie om wraak te neem op my vyande nie. Ek was sy vyand, maar Hy het nie gekom om my uit te delg nie. Hy het in my plek God se toorn gedra, sodat ek vrygemaak kan word!”

Lank sit hy nog so vooroor geboë met die trane wat ongehinderd op sy hande drup.

“Dankie, Ishod, dat jy my woede verdra het. Dankie, Joshua, dat jy vandag vir my van jou geloof in die Saligmaker van ons volk vertel het. Die Here is goed vir my. Hy het my in genade aangesien en my van my verkeerde weg verlos.”

Elias verskyn stil in die ligkring van die vuurtjie.

“Naand, Pa. Joshua! Ishod!

Joshua ruk sy asem van in vreugde en spring op. Sy pa het teruggekom!

“Elias!” Miklot se hand sluit warm en sterk om sy seun s’n. Woorde is nie nodig nie. Die vreugde is duidelik en voelbaar. Miklot vee die trane met die agterkant van sy hand weg en snuif hard:

“My seun, die Kindjie in die krip, en die Man aan die kruis is die Saligmaker wat deur God gestuur is om

ons van ons sonde te verlos. Vergewe my al die harde woorde wat ek teen Hom gesê het. Hy is die Messias waarvoor ons so lank gewag het. Die Spruit van Dawid wat gekom het om die belofte van God te vervul, wat die kop van die slang verbrysel het. Hy het Ishod vrygemaak. Hy het Joshua vrygemaak. Hy het my vrygemaak. Het Hy ook vir jou van jou ongeloof bevry, Elias? Het jy gevind waarna jy gaan soek het?”

“Ja, Pa, ek het! Jesus, die Christus, my Here en my Saligmaker het my gevind en my veilig in sy kudde opgeneem. Ek is nou ’n skaap van sy weide!

DIE EINDE